

REGSVERANDERINGE AAN DIE KAAP

TUSSEN 1823 EN 1838.

The copyright of this thesis is held by the
University of Cape Town.

Reproduction of the whole or any part
may be made for study purposes only, and
not for publication.

The copyright of this thesis vests in the author. No quotation from it or information derived from it is to be published without full acknowledgement of the source. The thesis is to be used for private study or non-commercial research purposes only.

Published by the University of Cape Town (UCT) in terms of the non-exclusive license granted to UCT by the author.

REGSVERANDERINGE AAN DIE KAAP

TUSSEN 1823 EN 1838.

M.A.-TESIS DEUR G.G. VISAGIE. U.C.T.

1954.

VOORWOORD.

Die koms van 'n nuwe volkselement aan die begin van die agtiende eeu na die Kaap het 'n nuwe era in die Kaap Kolonie se geskiedenis ingelei. Beter bekend met die Europese toestande en gewoond aan 'n ander regeringstelsel as die wat in die Kolonie aangetref is, moes daar vroeër of later 'n omwenteling in die plaaslike toestande kom. Die 1827 Regsoktrooi was een van hierdie omwentelinge. 'n Nuwe soort regeringstelsel het die lig gesien, wat in vele opsigte 'n voortsetting van de Mist se idees vir 'n vrye regspraak was. Die skeiding tussen die regswese en die uitvoerende mag sou 'n verdere stap wees in die Kaap se konstitusionele ontwikkeling. As ons tewens onthou dat in hierdie jare die Engelse Anglisasie-beleid met mag toegepas is, dan vorm hierdie tydperk een van die mees interessantste maar aan die anderkant ook een van die gevaarlikste tydperke in ons geskiedenis.

Die tesis is volgens sy aard nou verwant aan die regte. As historikus het ek gepoog om my soos 'n skoenmaker by sy lees te hou, maar soms moes ek my noodgedwonge op die gebied van die regte waag. Of ek in daardie opsig geslaag het, sal ek aan die leser oorlaat om te besluit.

Die Eerste gedeelte van die tesis handel oor die ou bedeling wat in swang aan die Kaap was. Hierdie deel het ek hoofsaaklik in die verhandeling ingesluit omdat dit besonder moeilik is om die latere verandering te verstaan indien ons nie 'n grondige begrip van die stelsel wat voor 1827 in swang was, het nie. Die gedeelte vorm sodoende die hele agtergrond of basis van die res van die verhandeling, te meer so omdat sommige van die redes wat verantwoordelik was vir die 1827 Regsoktrooi reeds hul oorsprong in die jare van die "Verenigd Oostindische Compagnie" gehad het. In Deel I is die meeste klem op daardie gedeeltes gele, waarin later veranderings sou aangebring word,

en so is die strafregprosedure byvoorbeeld redelik volledig behandel omdat daar later baie stemme hierteen opgegaan het - ordonnansie No. 40 van 1828 sou dan ook sorg dat die Engelse gebruik ingestel word.

In die laaste plek wil ek my besondere dank uitspreek aan diegene wat my met raad en daad in my navorsingswerk gehelp het. In besonder bedank ek die Geskiedenis-personeel van die Universiteit van Kaapstad vir hul hulp. Vir Professor Mandelbrote bedank ek veral vir sy weldeurdagte raad, en vir Mnr. L.M. Thompson vir die wyse waarop hy my gedurig aangemoedig het en rigting aan my navorsingswerk gegee het.

My gebrekkige regs-kennis is veral ook aangevul deur Adv. W. de Vos van bogenoemde Universiteit, en deur Mnr. J.F. Haak, L.V. (B.A., LL.B.) Aan die persone, sowel as aan dr. E. Stockinström, vroeër van die Universiteit van Stellenbosch, wat sy persoonlike versameling van historiese dokumente aan my ter insage gegee het, bring ek my dank oor.

In die laaste plek, maar nie die minste nie, ook 'n groot "baie dankie" aan die personeel van die Kaapstadse Argiewe, en van die verskeie biblioteke wat ek besoek het.

G.G. VISAGIE.

BELLVILLE.

23 Oktober 1954.

INHOUDSOPGAWE.

DEEL I: DIE OU BEDELING.

HOOFSTUK I

DIE REGSWESE IN SWANG AAN DIE KAAP.

	<u>Blss.</u>
A) Invloed van die Moederland	1
B) Invloed van die Provinsies Holland en Wes-Friesland	2
C) Invloed van Oos-Indië	3
D) Invloed van Corpus Juris	6
E) Invloed van die Hollandse Juriste	6
F) Gevolgtrekking	7

HOOFSTUK II

HOERHOWE.

A) Appèlhowe : Oorsprong en ontwikkeling	8
Jurisdiksie	9
Prosedure	9
B) Die Raad van Justisie:	
Oorsprong en ontwikkeling	10
Jurisdiksie	12
a) Siviele Jurisdiksie	12
b) Kriminele Jurisdiksie van die Raad van Justisie	13
C) Rondgaande Howe:	
Oorsprong en ontwikkeling	14
Jurisdiksie	15
Prosedure	15
D) Vise Admiraliteitshof	16

HOOFSTUK III.

LAERHOWE.

Landdros en Heemrade:	
Oorsprong en ontwikkeling	17
Jurisdiksie	19
a) Siviele Jurisdiksie	19
b) Kriminele Jurisdiksie	19

HOOFSTUK IV.

PROSEDURE EN VERVOLGING IN DIE HOF.

Die Fiskaal	21
Kriminele Prosedure	23
Siviele Prosedure	26

DEEL II: DIE JARE VAN OORGANG.

HOOFSTUK I.

Blss.

DIE KAAP IS RYP VIR VERANDERINGE.

27

HOOFSTUK II.

SENTRALISASIE EN ANGLISASIE.

A)	Sentralisasie	32
B)	Anglisasie	36

HOOFSTUK III.

KRITIESE BESKOUIING VAN DIE REGSTELSEL AAN DIE KAAP. 41

A)	Wette in gebruik	42
B)	Hoërhowe	44
	1) Appelhof	44
	2) Raad van Justisie	46
C)	Laerhowe	53
	Landdros en Heemrade	53
D)	Prosedure en vervolging in die Hof	56
	1) Fiskaal	56
	2) Kriminele Prosedure	57
	3) Siviele Prosedure	59

HOOFSTUK IV.

DIE KAAPSE WETTE VEROORSAAK BOTSINGE.

61

I)	Die Kriminele Reg en die Filantropie	62
II)	Die Vryheid van die Pers en die Regswese	67
III)	Kaapse Lasterwette veroorsaak 'n groot opskudding	69

HOOFSTUK V.

VOORGESTELDE VERANDERINGE IN DIE REGSWESE AAN DIE KAAP.

77

A)	Wette	78(a)
B)	Hoërhowe	78(b)
C)	Laerhowe	79
D)	Vervolging in die Hof	80
E)	Die Jurie-stelsel	80

DEEL I

DIE OU BEDELING.

HOOFSTUK I

DIE REGSWESE IN SWANG AAN DIE KAAP.

A. INVLOED VAN DIE MOEDERLAND.

Die amptenare van die 'Verenigde Oostindische Compagnie' was nie net alleen onderworpe aan die Nederlandse en Indiese wette nie, maar ook aan die Generale Artikelbrief.¹⁾ Die toelating van die Vryburgers in die Liesbeek-vallei, en die gestadige groei van die Kolonie het dit noodsaaklik gemaak dat vir die Koloniste ook gesorg moes word. Die noue verband met die Vaderland het dit dus vanselfsprekend gemaak dat die regstelsel van daardie land, wat ons vandag die Romeins-Hollandse reg noem, hier aan die Kaap sou toegepas word. Dit is dus baie paslik dat die benaming Romeins-Hollandse reg ook vir die eerste keer in 1652 deur Simon van Leeuwen as subtitel vir sy werk "Paratitula Juris Novissimi" gebruik is.²⁾

Waar die Kaap aan die State Generaal trou verskuldig was, het hul ook na die sewe Nederlandse provinsies gekyk vir regsvoorligting. Die Christelike beginsels wat in Nederland gehuldig is, en wat die regsweese sterk beïnvloed het soos ons sien in verband met huwelikswette en suksessie ab intestato," is ook in die Kaap Kolonie geëer.³⁾ As 'n reël het die State Generaal nie baie wette i.v.m. die verskeie kolonies gemaak nie, daar dié mag aan die Here Sewentien en Here Tien oorgedra is.⁴⁾ Nogtans was die Kaap gehoorsaamheid verskuldig aan die Algemene Nederlandse wette, in so verre dit nie direk teen die Koloniale toestande ingedruis het nie.⁵⁾ Dat die 'Heeren Majores in patria'

-
- 1) Wypkema: Invloed van Nederlands en Nederlands-Indië, p.1.
Met Van Riebeeck se koms was die 1634 Artikelbrief in gebruik.
Roos: The Plakaat Books of the Cape, C.L.J., Deel XLV, p.3.
- 2) Lee: Roman Dutch Law, p.2. Die werk is in 1656 herdruk, en in 1664 is 'n verbeterde uitgawe, bekend as die "Rooms-Hollands Recht," uitgegee.
- 3) Wypkema: Invloed van Nederlands en Nederlands-Indië, p. 7.
- 4) Lee: Roman Dutch Law, p. 8.
- 5) Wypkema: Invloed van Nederlands en Nederlands-Indië, p. 9.
Rex v. Harrison and Dryburgh. S.A.L.R., A.D., 1922, p.320 ff.

die kolonie as onderworpe aan die Algemene Nederlandse wette beskou het, sien ons in hul instruksies aan die Franse Hugenate en aan die Independent Fiskaal Boers.⁶⁾ Veral gedurende die Spaanse oorheersing is verskeie wette gemaak wat later ook van toepassing op die kolonies sou wees, bv. die 1570 Ordonantie "over de Procedeeren van de Crimineele Saaken in de Nederlanden"⁶⁾ van Philips II.

B. INVLOED VAN DIE PROVINSIES HOLLAND EN WES-FRIESLAND.

Die sewe provinsies van Holland het 'n los federasie gevorm, elk met verteenwoordigers op die State Generaal. Uit die aard van die saak was die regstelsels in die sewe provinsies nie heeltemal dieselfde nie, maar aan die anderkant was daar groot ooreenkomste gewees.⁷⁾ Net soos die Verenigde Provinsies was 'Jan Compagnie' ook 'n federasie van Kamers. In sowel die ses kamers as in die Getal van Bewindhebbers en Here Sewentien was die provinsie van Holland die sterkste. Ons vind dus dat in die administrasie van die V.O.C., sowel as in kapitaal beleggings die Provinsie van Holland die sterkste was.⁸⁾ In koloniale sake het die provinsie van Holland se wetgewing die botoon gevoer, en wel ook aan die Kaap en veral in gevalle waar die Algemene Nederlandse wette geswyg het.⁹⁾

Die wetstelsel van die Provinsie Wes-Friesland en Holland is dus geldig in Suid-Afrika hoofsaaklik a.g.v. die oorheersende meesterskap van dié provinsies in die V.O.C., en ook omdat die

-
- 6) Wessels: Roman Dutch Law, p.186.
Theal: C.C.,XXXIII, Getuienis van Fiskaal Denyssen, p.238.
Ook volgens die 1693 en 1785 instruksies aan die Fiskaal moes l.g.n. Philips II se wetgewing navolg, en waar dit oneffektief was, moes die Romeinse reg nagevolg word.
- 7) I.v.m. die versterfreg wat in die Kolonies sou toegepas word, het daar 'n verskil ontstaan a.g.v. die botsing tussen Aasdomsreg en Schependomsreg. Die saak is eers in 1661 uit die weggeruim deur 'n soort kompromie tussen die twee te trek.
- 8) Walker: A History of South Africa, p. 28.
Wypkema: Die Invloed van Nederland en Nederlands-Indië, p.18.
- 9) Wypkema: Die Invloed van Nederland en Nederlands-Indië, p.13.
Ibid: p. 19.
Theal: C.C., XXI, fiskaal se verklaring, 16 Maart 1827, p.120.
Wessels: Roman Dutch Law, p. 357.

Kaap sterk beïnvloed is deur Oos-Indië op wie die genoemde provinsies 'n sterk invloed uitgeoefen het. Die Regering aan die Kaap het dan ook die Hollandse reg nagevolg soos in 1714 geblyk het toe hulle op versoek van die Weesmeesters in die Indiese voorbeeld i.v.m., suksessie ab intestato' nagevolg het. ¹⁰⁾

C. INVLOED VAN OOS-INDIË.

Direk onder die 'Heeren Zewentien' in Nederland het geval die Goewerneur-Generaal in Rade te Batavia, wat op sy beurt weer die vele "buiten comptoiren" of onderhorige gebiede gekontroleer het. Dat die Kaap uit die Indiese wetgewings as regsbron kon put, blyk uit die 1657 instruksies aan die Vryburgers. ¹¹⁾ Die Indiese of Bataafse statute, wat besonder geskik was vir koloniale toestande, was dus van toepassing op die "buiten comptoiren", maar gewoonlik het in so verre plaaslike toestande dit kon toelaat. ¹²⁾

Die getal plakate te Batavia het al gou te veel vir behoorlike navolging geword en om weer orde in die plakate, sedert 1619 te skep, is die latere Goewerneur-Generaal J. van Maetsnycker aangestel tot die behoorlike versameling van die plakate, en om indien nodig, toevoegings te doen uit die Gewoontereg van die Vaderland asook uit Imperiale wetgewings. Op die 1ste Julie 1642 is die kode deur Goewerneur-Generaal Anthonio van Diemen uitgevaardig. ¹³⁾ Hierdie Indiese Statute is reeds op die derde Maart 1666 in Ceylon aangeneem. ¹⁴⁾ Dit wil verder voorkom asof daar tot 1708 nie 'n volle en oorspronklike kopie van die Van Diemen kode aan die Kaap bestaan het nie. ¹⁵⁾ In elk geval blyk

-
- 10) Wypkema: Die Invloed van Nederland en Nederlands-Indië - p. 24 ff.
 11) Wypkema: Invloed van Nederland en Nederlands-Indië, p. 3.
 12) Roos: C.L.J., The Plakaat Books of the Cape, p. 2.
 13) Roos: The Plakaat Books of the Cape, C.L.J. p. 5.
 Bisschop: Modern Roman Dutch Law (L.Q.R.) 1908, p. 11.
 Die Van Diemen kode het die sanksie van die State Generaal in 1650 verkry.
 Theal: C.C., XXXIII, Rapport van Kommissie van Onderzoek, p. 2.
 14) Bisschop: Modern Roman Dutch Law (L.Q.R.) 1908, p. 12.
 15) Roos: The Plakaat Books of the Cape C.L.J., Deel XIV, p. 6.

dit uit Kommissaris Simons se opmerkings van 1708 dat dit hoog
 tyd is dat die Statute hier toegepas moes word.¹⁶⁾ Teen 1715
 rig die Raad van Justisie dan ook 'n versoek aan Goewerneur
 Chavonnes of hul, aangesien hul geen definitiewe instruksies
 ontvang het nie, nie die Statute van Indië kon navolg as die
 "grondslag der wetten", saam met die Romeinse en Vaderlandse
 regswese nie.¹⁷⁾ Aan hul versoek is dan ook voldoen in so verre
 dit in die kolonie kon toegepas word.¹⁸⁾ Teen hierdie tyd was
 daar alweer gebreke in die Van Diemen Kode, asgevolg van nuwe
 wetgewings en oues wat in onbruik verval het, met die gevolg
 dat die ou kode weer hersien is; eers deur twee regsgeleerdes,
 daarna deur ene Mossel, maar sonder veel sukses. In 1761 word
 'n handelaar, Craan, aangestel om die kode te hersien en hy
 voltooi die werk in 1764. Hierna is dit eers aan 'n komitee be-
 staande uit L. Taillefert en W. Alting voorgele vir ondersoek,
 waarna dit weer met die voorlegging daarvan deur die Bataafse
 regering ietwat verander is.¹⁹⁾

Die nuwe kode, bekend as die kode van Van der Parra, is
 wel na Nederland gestuur vir goedkeuring, maar alhoewel die
 Here Sewentien die ontvangs van die Kode in 1768 erken het, is
 geen offisiële goedkeuring, so ver ek kan vasstel, ooit in
 Batavia ontvang nie.²⁰⁾ Desnieteenstaande het die Van der
 Parra Code dadelik die oue vervang en in die aanhef van die Kode
 word verklaar dat dit ook van toepassing is in al die buite ge-
 biede in so verre dit daar in plaaslike toestande toegepas kan

-
- 16) Roos: The Plakaat Books of the Cape C.L.J., Deel XLV,
 p. 4. Met die besoek van die K.V.O. was daar egter wel
 'n oorspronklike afskrif aan die Kaap (vide Theal:
 C.C. XXXlll; Truter, p. 266.
- 17) Roos: The Plakaat Books of the Cape. C.L.J., Deel XLV, p.6.
 Wypkema: Invloed van Nederland en Nederlands-Indië, p.36.
- 18) Theal: C.C. XXXlll, Getuienis gelewer deur Truter aan die
 Kommissie van Onderzoek, p. 266.
- 19) Stock: The New Statutes of India at the Cape, 1915, p.4.
 Van Zyl: S.A.L.J., Deel XXIV, 1907, p. 1.
- 20) Stock: The New Statutes of India at the Cape, 1915, p. 4.
 van Zyl: S.A.L.J., Deel XXIV, 1907, p. 374 ff.
 Roos: The Plakaat Books of the Cape, C.L.J., Deel XLV, p.6.

21) word. Die nuwe kode is wel in Ceylon, soos blyk uit die 1773 Cleef regspraak toegepas. 22) Tot die jaar 1780 kon die Kommissaris van Onderzoek geen aanduiding aan die Kaap vind dat die hele oorspronklike kode wel na die Kaap gestuur is nie. Inteendeel het hul net sekere artikels van die kode gevind wat hierheen gestuur en as regsgeldig verklaar is. Hul verklaar verder dat daar wel kopië is van die moderne statute maar daarin is geen verwysing na hul outoriteit, of die verskil tussen watter artikels van die kode offisieel ontvang is, en watter nie; met die gevolg dat daar onsekerheid oor sekere regspunte bestaan het. 23) Die Van Diemen kode is ook nooit aan die Kaap as herroepe beskou nie, en dus was daar nou twee kodes langs mekaar, wat sake nog meer vererger het. In die 1815 Jansens saak sien ons die botsende elemente baie goed. 24) Mnr. J.W.L. Stock beweer dat wat wel aan die Kaap in gebruik was, 'n alfabetiese kode van die Statute was. 25) Ook word die idee deur Mnr. C.H. van Zyl gehuldig dat "local officers --- were allowed to frame laws and add them to the Code". 26) Wat ook al die toestand i.v.m. die Statute van Indië was, dit was bepaald nie gesond nie.

-
- 21) Indische Statuten ten tyde van den Hoog Edelen Here Petrus Albertus van der Parra.
- 22) Burges: Colonial Law. p. 110.
- 23) Theal: C.C., Deel XXXIII, Kommissaris van Onderzoek, Rapport i.v.m. die Regswese 1827, p. 2. Alhoewel die Van der Parra Kode nooit offisieel goedgekeur is nie, is dit ook nooit verwerp nie, en soos die Kommissaris aantoon is sekere van die artikels wat na die Kaap gestuur is, verklaar "having the force of law". Theal: C.C., Deel XXXIII, Getuënis gelewer deur C.J. Truter. p. 266.
- 24) Roos: Plakaat Books at the Cape C.L.J. Deel XLV, p. 7. Stock: The new statutes of India, p. 9. In die saak het die aanklaer beskik oor die ou kode en die advokaat vir die prisoner die nuwe kode. Toe daar verskil ontstaan of 'n klerikale fout betreffende 'n sekere puntjie nie begaan is nie, toon ene Hoffmann, dat Craan die ou statute gevolg het maar dat die Goewerneur Generaal en sy raad toe hul die kode hersien het, 'n verandering laat maak het.
- 25) Stock: The new statutes of India, p. 5.
- 26) van Zyl: S.A.L.J., XLV, 1907, p. 378.

D. INVLOED VAN DIE CORPUS JURIS.

Die Algemene Nederlandse wette, die wette van die provinsies van Holland en Friesland en die Indiese statute kon nog nie in al die vereistes van die Kaap voldoen nie. Die gaping wat daar nog was, is aangevul deur die Corpus Juris van Justinianus, en in so verre dit strafreg aangaan, is daar dikwels na die Romeinse reg verwys.²⁷⁾ Die funksie van die Romeinse reg was dus hoofsaaklik aanvullend, en ons sien dit duidelik in Philips II se Ordonnansies van die 5de en 9de Julie 1570 betreffende die kriminele regspraak waar die Romeinse reg as aanvullend by die Nederlandse wetgewing beskou is.²⁸⁾

E. INVLOED VAN DIE HOLLANDSE JURISTE.

Die sewentiende eeu het 'n aantal juriste van wêreldfaam in Nederland opgelewer, en veral na die totstandkoming van die 'Hooge Raadt van Holland, Zeeland en Wes-Friesland' en die oprigting van Universiteite te Leyden (1575), Franeker (1585) en later te Groningen en Utrecht, het die regswese vinnig ontwikkel in die Noordelike Provinsies. Die invloed van die Hollandse juriste was ook aan die Kaap sigbaar en veral met die aanstelling van die Independent fiskaal in 1685 word na Nederlandse werke verwys, en wel na Simon van Leeuwen, Groenewegen en Antonius Mattheus, en in 1708 beveel Kommissaris C.J. Simons aan dat die Gówerneur sekere regsboeke ter aanvulling van die Indiese statute moes gebruik.²⁹⁾ Teen die einde van die Agtiende eeu word gereeld na Nederlandse regsgeleerdes verwys.

Dit was egter nie net die Hollandse juriste wat hul invloed

27) Theal: C.C., XXXIII, Rapport van die K.V.O., p. 5.

Ibid XXXIII, Getuienis van Denyssen, p. 239.

28) Theal: C.C., XXXIII, Getuienis van Denyssen, p. 238.

Wypkema: Invloed van Nederland en Nederlands-Indië, p.42.

Bird: State of the Cape of Good Hope, p. 10.

29) Wypkema: Invloed van Nederland en Nederlands-Indië", p.50.

aan die Kaap laat geld het, want ons vind dat teen die einde van die agtiende eeu, en die begin negentiende eeu, gereëld na die Romeinse reg verwys word. Ons kan dit verklaar aan die feit dat die Kaapse regsgeleerdes almeer in Holland gaan studeer het en sodoende beter bekend met die 'Corpus Juris' geraak het, terwyl die Hollandse juriste ook die belangstelling van die Kaapse regskenners moes opgewek het vir die studie van die oorspronklike bronne. 30)

F. GEVOLGTREKKING.

Die Kaap het dus geput uit die regsbronne van die Vaderland, in so verre dit algemene Nederlands wetgewings, wetgewings van die Provinsies van Holland en Friesland en van Oos-Indië aangaan. By die ou bronne kom weer die plaaslike plakate en dikwels in aanvulling by die Vaderlandse en Indiese bepalings. Hoe is die regsbronne nou aan die Kaap gebruik? Hoofregter Truter gee die antwoord op 'n sodanige vraag van die Kommissaris van Ondersoek, nl.

In the first place, I should say that we at present follow the dispositions of the local law, or statutes, made by the Government from time to time, next those that were sent either from the mother Country or from Batavia for the express purpose of being made obligatory in the Colony; next the Dutch Common law and principally that of the province of Holland, comprehending the Roman Law which is really incorporated with the Dutch Law but with some exceptions. 31)

-
- 30) Theal: C.C., XXX111, Getuienis van Denyssen, p. 243.
Wypkema: Invloed van Nederland en Nederlands-Indië, p. 113 ff.
- 31) Theal: C.C., XXX111, Getuienis gelewer deur Truter, p. 265.

HOOFSTUK 11 : HOËR HOWE.A. APPELHOWE.CORSPRONG EN ONTWIKKELING:

Appélhowe was 'n bekende instelling in Holland, want reeds in 1429 volgens de Groot en Van der Linden word 'Het Hof van Holland' of 'De Provinciale Raad' gestig deur Philip die Skone. Hierdie hof het in Den Haag sitting gehad en was 'n welbekende Europese hof. Hoofsaaklik het dit appelsake van die Provinsies Holland, Zeeland en West-Friesland afgehandel maar het dikwels gedien as 'n hof vir ander Europese state. Met die vorming van die Republiek is die noordelike provinsies afgesny van 'De Hooge Raad van Mechelen' en het dus die 'Hoogen Raade van Holland, Zeeland en West-Friesland' gevorm.³²⁾

Tot die jaar 1795 het die Raad van Justisie as appélhof vir die Laer Hówe opgetree, met verdere appél na Batavia. In Holland self het die Raad van Staaten Koloniale appelsake behartig maar daar dit ook administratiewe funksies gehad het, het dit gewoonlik dergelike sake na die 'Hoogen Raad' verwys.³³⁾

Met die Eerste Britse besitname is appél-jurisdiksie aan die Goewerneur en Lt. Goewerneur gegee. In die Bataafse Tydperk kon appél aangeteken word na die Asiatiese Raad te Den Haag.

Op die 29ste Mei 1807 proklameer Caledon dat die Goewerneur en Lt. Goewerneur as appélhof sou optree, en wel in siviele sake waar die bedrag of waarde hoër is as 1000 Ras of £200, met die reg van appél na Sy Majesteit in Rade waar die bedrag of waarde hoër is as 2500 Ras of £500 sterling, met die voorbehoud dat sodanige appél binne 14 dae aangeteken moes word.³⁴⁾

32) Wessels: Roman Dutch Law, p. 170 ff.

Die 1531 Instruksies van den Hove" aan die Hof van Holland het reëls"betreffende die funksionering van howe bevat wat vandag nog van toepassing is.

33) Wessels: Roman Dutch Law, p.171.

34) Eybers: Select Constitutional Documents, p. 102.
Walker: A History of South Africa, p. 147.

JURISDIKSIE:

'n Hoë Hof van Appél in kriminele sake is op die 10de Junie 1808 ingestel. Die Goewerneur en een of meer assessore sou die kriminele jurisdiksie uitoefen. Beslissings sou finaal wees maar die Goewerneur sou die reg van kwytskelding en verdagting behou terwyl Appél na die hof aangeteken moes word binne 5 dae vanaf die uitspraak van die vorige hof.³⁵⁾

En Proklamasie van Somerset in 1818 bepaal verder dat geen appél toegelaat sou word van die Rondgaande hof en Raad van Justisie waar die veroordeling plaasgevind het a.g.v. konfessie of veroordeling in die s.g.n. buitengewone regsproses nie, maar die Goewerneur kon selfs hier nog optree, as hy dit in belang van die regswese beskou.³⁶⁾ Met die uitvaardiging van die 1819 Regspleging het die verskil tussen gewone en buitengewone strafprosedure verdwyn, terwyl, volgens artikel 36, geen appél toegelaat sou word indien 'n persoon op sy algehele erkenning skuldig bevind is nie, en 'n sodoende openbare straf ontvang het nie.

Verder sou appél in geval van veroordeling op 'n nie algehele konfessie alleen toegelaat word as dit betrekking het op halsmisdade. Ook geen appél waar daar nie openbare straf opgelê is nie, tensy die opgelegde straf skande of 'n bedrag van 1000 Rds. sou meebring.³⁷⁾

Aan die Goewerneur is egter die reg gegee dat in alle gevalle waar sy „fiat” gegee moes word, hy in belang van die regswese kon optree, terwyl artikel 40 die uitsprake van die Appélhof as beslissend verklaar, behalwe die reg van vryspraak en uitstel wat die Goewerneur besit het.

PROSEDURE:

Die prosedure voor die Hoë Appélhof het altyd in Engels

35) Eybers: Select Constitutional Documents, p. 102 ff.
 36) Theal : C.C. XXXIII, Rapport van K.V.O., p. 59.
 37) Theal : C.C. XXV, Regspleging, p. 120.

geskied. Die hof het ook nie gereelde sittings gehad nie, terwyl die Goewerneur in Kriminele sake deur twee Assessore,³⁸⁾ en in siviele sake in die twintiger jare deur een assessor bygestaan is. Die pleidooie van die partye is in lang, dikwels onakkurate dokumente saamgestel en wel in Engels. Die vonnis van die vorige hof is dikwels nie behoorlik gemotiveer nie, sodat die Goewerneur soms die Hoofregter om verduideliking moes vra. Gewoonlik het die Goewerneur die saak ook met die registra-³⁹⁾teur van die hof bespreek.

B. DIE RAAD VAN JUSTISIE.

CORSPRONG EN ONTWIKKELING:

Volgens artikel 35 van die V.O.C. se Oktrooi kon 'n Raad van Justisie aan die Kaap opgerig word.⁴⁰⁾ In die eerste dae van die Verversingspos aan die Kaap was daar nie 'n verdeling in die Staatsmagte nie, wat 'n goeie ding vir 'n klein gemeenskap kan wees, en tot 1656 het die Politieke Raad dan ook geskille besleg, maar in daardie jaar is besluit dat as hul sou sit as 'n militere en as 'n geregshof, die raad sou bestaan uit die Kommandeur, 5 lede en 'n sekretaris.⁴¹⁾ Die Raad sou uitsprake lewer in naam van die State Generaal en die Prins van Oranje.

Met die instelling van die Vryburgers, is hul een verteenwoordiger in die Raad van Justisie gegee, en met die koms van Hendrik Adriaan van Rheede is aan twee Burger Raadslede plek toegeken in sake waar die burgery in betrokke was. Tot die jaar 1734 sou die Goewerneur as President van die Raad van Justisie optree, maar in daardie jaar is die Oos Indiese voor-

38) Theal: C.C. XXXV, p. 33. G. Kekewich het as siviele sowel as kriminele assessor gedien en is in 1810 vir laasgenoemde pos aangestel. In 1810 is H. Alexander as die ander kriminele assessor aangestel.

Theal: C.C. VII, Goewerments Advertensie, p. 287.

39) Theal: C.C. XXVIII, Rapport van K.v.O. p. 3.

40) Groot Placaat Boek: Deel I, p. 536.

41) Botha: The Public Archives of South Africa 1652-1910, p. 12.

42) beeld nagevolg. Na die 1779 klagte van die burgers het die Here XVII in 1783 besluit dat die Kaapse regering instruksies " voor den Raad van Justitie en andere Collegiën moes optrek." 43)

Van der Graaff se koms het beteken dat ses burgers sitting op die Raad verkry het, terwyl in 1789, op versoek van die Here XVII die ou instelling dat lede van die Raad van Justisie aandeelhouders in die V.O.C. moes wees, in die ban gedoen is. 44)

Met die Eerste Britse besitname van die Kaap kom daar 'n belangrike fase in ons regsgeeskiedenis. Volgens artikel 4 van die Goewerneur se instruksies in 1796 moes die ou gebruike en instellinge bly voortbestaan. 45) Macartney se 1797 Proklamasie het toestande egter ietwat verander daar die getal van die lede van die Raad van Justisie, wat voor die Britse besitname baie gewissel het, op sewe bepaal is, d.w.s. die President, 46) fiskaal en vyf lede. Vir die eerste keer is salarisse nou betaal, terwyl die ou verdeling tussen Kompanjiedienare en burgers wat as ere lede gedien het nou ook verdwyn het. Die ou kwalifikasies, nl. dat die lede van die Raad aan die N.G. Kerk moes behoort en nie aan mekaar verwant moes wees nie, het bly voortbestaan.

Volgens artikel VI van die Verdrag van Amiens, is die Kaap aan die Bataafse Republiek teruggegee, en die koms van De Mist en Jansens het 'n nuwe era in ons regsgeeskiedenis ingelui. De Mist moes algou verklaar Een Raad van Justitie, zonder

- 42) Instruksies van 1650 aan die Goewerneur-Generaal het hom verbied om in te meng met die "Ordinaris Raaet van Justitie binnen het Casteel Batavia" - sien A.W. Renton en G.G. Phillimore, Colonial Laws, p. 94. Ons sien dus dat die Politieke Raad, in sy vergrote vorm, "saken van justitie ende Cryghsraet" tot in 1685 behandel het. In daardie jaar het van Rhee de die Politieke Raad van sy regterlike funksies ontbloot, maar daar die uitvoerende mag hom nog gereeld met die regswese bemoei het, is dodanige inmenging in 1717 verbied en finaal in 1732 beëindig. Sedert 1734 sou die goewerneur sy plek as voorsitter van die Raad van Justisie ook moes afstaan aan die Sekunde.
Vide : C. 121; 15:7:1717, pp. 143-145. S.V.
C. 717; 15:7:1717, Politieke Raad verbied om regsakte behandel, p. 315, S.V.
C. 717; Goewerneurs verbied om op R.v.J. te dien, 1834, p. 219.
- 43) De Mist: Memorie over de Caab, p. 90.
- 44) Van Zyl: S.A.L.J., XXIV 1907, p.375.
- 45) Eybers: Constitutional Documents, p.6.
Ibid: Proklamasie van Clarke en Elphinstone, p.97.
- 46) Eybers: Constitutional Documents, p. 99.

instructie, als voor het getal, de rang, en emolumenten der Leden".⁴⁷⁾ Na sy grondige ondersoek van toestande alhier trek hy voorlopige instruksies vir die Raad van Justisie op wat in al die vernaamste aspekte tot 1828 geldig sou bly. In die Bataafse tyd het die Instruksies bepaal dat die Hof

zal bestaan uit een aanblyvend President, en zes "leden, geadfisteerd door een Secretaris. Een Procureur Generaal zal de function van publieken aanklager waarnemen." 48)

Die lede is uit Nederland aangestel en moes oor regskenis beskik het.

Alhoewel die Provincionele Instructie voor den Raad van Justitie" nooit offisiële goedkeuring van Batavia ontvang het nie, het dit geldig gebly tot in 1828.⁴⁹⁾

JURISDIKSIE.

Die Raad van Justisie sou nou uit 6 lede bestaan, waarvan die President, na 1812 die Hoofregter, verantwoordelikheid aan Sy Majesteit verskuldig was terwyl die ander lede deur die Goewerneur aangestel is.

A. SIVIELE JURISDIKSIE.

In siviele sake moes 5 lede en die President teenwoordig wees om 'n finale beslissing te gee.⁵⁰⁾ Die meerderheid van stemme bepaal die beslissing, maar selfs die wat dissenteer onderteken die uitspraak. Die siviele jurisdiksie van die Raad van Justisie is neergelê in artikel 60 van die Provisionele Instruksies, en sluit alle sake betreffende Eiendom, huwelike, aksies deur of teen die ontvangers van inkomste, sake betreffende jurisdiksie tussen die distrikte, sake tussen inwoners van die kolonie en seekapteins of persone verbonde aan

47) De Mist: Memorie over de Caab, p. 89.

48) B.R. 117 Provisionele Instruksies van die Raad van Justisie, Artikel I, p. 89.

De Mist: Memorie over de Caab, p. 94.

49) Theal: C.C. XXXIII, Getuienis van Hoofregter Truter, p. 261.
Theal: C.C. XXXIII, Rapport van K.V.O. p. 50.

50) B.R. 117: Provisionele Instruksies van R.v.J., Artikel 6, p. 89.

skepe in die koloniale hawens; ook oor alle sake wat in verband staan met die besitname van vreemde buit en die sogenaamde prysskepe.⁵¹⁾ Gewone sake sowel as „equity” sake val binne die jurisdiksie van die hof, maar daar bestaan nie 'n verdeling in die hof in verband met sulke sake nie.

B. KRIMINELE JURISDIKSIE VAN DIE RAAD VAN JUSTISIE.

Alle misdade wat strafbaar met die dood is, kan alleen voor die Raad van Justisie kom.⁵²⁾ Sake buite die jurisdiksie van die Laerhowe en wat deur die Rondgaande Howe verhoor kan word, maar wat dringend van aard is, kan ook voor die Raad van Justisie kom, terwyl die fiskaal as Regspleging voor die hof sou optree. Die Raad kon verder ook besluit oor die bevoegdheid wat 'n laer hof het betreffende sekere misdade; asook die bevoegdhede van Regsplegers. Die hof het ook die reg van „re-audite” gehad oor alle laer Howe, maar herverhoor sou nie geskied in geval van veroordeling by verstek en in gevalle waar twee kommissarisse van die Raad van Justisie straf opgelê het na volkome bekentenis nie, en waar die straf minder dan 100 Rds is.⁵³⁾

Appel is toelaatbaar betreffende misdade en oortredinge na die Raad van Justisie behalwe in geval van veroordeling by verstek vanaf die Kolleges van Landdros en Heemrade, maar geen appel sal toegestaan word betreffende vonnisse wat openbare strawwe opgelê het na algehele bekentenis nie, of waar die boete minder is as 300 Rds, asook waar die straf nie openbaar is nie.⁵⁴⁾

51) Ibid, artikel 60, p. 90.

52) Theal: C.C. XXV, Regspleging, Artikel 6, p. 91.

53) Ibid: Artikels 126, 127, a, b, p. 117.

Theal: C.C., XXXIII, K.v.O., p. 57.

54) Theal: Records XXV; Kroonverhoor, p. 120.

C. RONDGAANDE HOWE.OORSPRONG EN ONTWIKKELING.

Rondgaande Howe was in die Engelse geskiedenis nie onbekend nie, want alreeds onder die bewind van Hendrik I was daar sulke howe. Nogtans was dit eers in die tyd van Hendrik II (1154 - 1189) dat hierdie howe 'n vaste instelling geword het. 55) Artikel XVIII van die Magna Carta lê dan ook reëls vir die howe neer. 56)

Die uitgebreidheid van die kolonie en die alleen-heerskappy van die Raad van Justisie betreffende kriminele regspraak het die kolonie ryp vir so 'n instelling gemaak. Op 5 Januarie 1801 skryf George Gäuge dan ook aan Generaal-Majoor Dundas:

to find my idea so far eductioned by Government as "relates to the measure which I conceive to be the corner stone of the building namely the Annual Circuit to be made by two members of the Court of Justice, from which I hope the pappiest effects". 57)

Oor die idee van Gäuge skryf die staatsekretaris Lord Hobart aan Generaal-Majoor Dundas:

The annual circuit to be made by two members of the "Court of Justice, according to Sir George's letter of the 5th of January, cannot fail to produce very beneficial Effects Justice will undoubtedly be administered in a manner more consonant to the law, and more satisfactory to the inhabitants, than by the Decisions of the local magistrates, who may or will be supposed to be influenced by partialities and prejudices." 58)

Fiskaal W.S. van Ryneveld moes dan ook sorg vir die konsepkonstitiësie van "het jaarliks afzenden van de hoofdplaats, enener respectable Commissie." 59)

Die vrede van Amiens sou sulke idees die boom inslaan en alhoewel de Mist in sy 1802 Rapport so 'n idee koester, sou daar niks van kom voor die jaar 1811 nie. Die hoof redes vir die instelling van die Rondgaande Howe deur Caledon sien ons

55) Medley; English Constitutional History, p. 363.

56) Magna Carta, Art. XVIII.

57) Theal: C.C. III, Gäuge aan Dundas, 5 Jan. 1801, p. 370.

58) Theal: C.C., Deel III; Hobart aan Dundas, 1.5.1801, p. 371.
Vide Theal: C.C., IV, Dundas aan Hobart, p. 117.

59) V.C. 100: Kopie vir die inwendige bestuur van die kolonie, Fotostat, p. 17.

in die aanhef tot die Proklamasie:

Nademaal de vertraging, welke hier door in crimineele gevallen wordt veroorzaakt, den indruk verzwakt, welke het straffen behoort te weeg te brengen; terwyl in civile zaken, de kosten en ongemakken, met de vervolging derzelve voor in de ver afgelegene Distrikten wonende Ingezetenen verbonden, de bezwaarden menigmaal afskrikken, om tot het eenig wettig middel van herstel kun toevlugt te nemen." 60)

JURISDIKSIE.

Die Rondgaande Hof waarvan die eerste deur W.S. van Ryneveld gelei is, sou jaarliks na die afgeleë distrikte afreis, en daar alle sake buite die jurisdiksie van die Landdros en Heemrade verhoor, behalwe gevalle van halsmisdade wat voor die Raad van Justisie moes kom. ⁶¹⁾ Moeilike sake kon ook na die volle hof te Kaapstad verwys word, terwyl teen siviele vonnisse van die Rondgaande Hof geappelleer kon word indien die bedrag oor 1000Rds. was.

PROSEDURE.

Die prosedure gevolg in die Rondgaande Hof was geskoei op die Engelse stelsel. ⁶²⁾ Die voorlopige reellings in verband met siviele sake is deur die distriksklerk gedoen. Alle regsake voor die Rondgaande Hof moes met oop deure verhoor word, en die gevolg hiervan was dat die ou gebruik waar

hooren? het boeren van procedures met open deure voor den "Raad van Justitie --- alleenlyk is bepaald tot dingtaalen en pleydooyen, welke voor den vollen Raad worden gehouden",

vervang is deur die 1813 proklamasie wat bepaal het dat alle prosedure in die Raad van Justisie sowel as voor die Kommissarisse van die Raad van Justisie voor oop deure moes plaasvind. ⁶³⁾

60) Z.V.: Proclamation, 1806-1825, p. 153.

61) Theal: C.C., XXV, Kroonverhoor, artikels, 3 en 6, p. 91. Ibid, XXXIII, K.v.O., p. 51.

62) Theal: C.C., XXVIII, K.v.O., p. 7.

63) Z.V.: Proclamation, 1806 - 1825, p. 259.

Die Oop-deur instelling is ook in 1813 voor die Landdros en Heemraad howe ingevoer.

D. WISE ADMIRALITEITSHOF.

Met die koms van die Britte is die hof van vise-admiraliteit, bestaande uit een regter, in 1797 in die lewe geroep. Dit sou onafhanklik van die Kaapse regering optree en sy jurisdiksie sou strek suid van die 24 breedtegraad aan die suidwes-,⁶⁴⁾ suid- en suidooskus van Afrika. Met die tweede besetting⁶⁵⁾ is die hof weer in 1807 ingestel. Volgens artikel 60 van die Raad van Justisie se instruksies sou dit jurisdiksie "over alle quaestien raakende Buiten of Pryzen" he, en dit was juis die artikel wat dit in botsing met die Admiraliteitshof sou bring; terwyl dit ook alle sake in verband met see en handelssake binne hul jurisdiksie beskou het.⁶⁶⁾ En Kwaai botsing tussen die twee howe kom in 1821 voor, in verband met die openbare veiling van die skip Mary Ann Sophia, waar die saak eers by die Raad van Justisie aanhangig gemaak is, maar later deur⁶⁷⁾ van die krediteure ook by die Admiraliteitshof ingedien is. Die tweede botsing spruit uit die beslaglegging van die 'Marchioness of Ely' en General Hewitt' omdat hul nie manifeste gehad het nie.⁶⁸⁾

Dit skyn dus dat beide howe gelyktydige jurisdiksie gehad het, maar dat die Raad van Justisie alle see- en handelssake⁶⁹⁾ liefs aan die vise-Admiraliteitshof oorgelaat het.

-
- 64) Stockenstrom - versameling.
 65) Theal: C.C., XXXIII, p. 56.
 Walker: A History of South Africa, p. 147.
 66) B.R. 1174: Provisioneele Instruktie, artikel 60, p. 90.
 Theal: C.C., XVIII, Raad van Justisie aan Donkin, p. 372 ff
 Vide: - Ibid, XXVIII, K.v.O., p. 10.
 Vide: - Ibid, XXIII, Somerset aan Christian, p. 485.
 Die eerste botsing kom reeds in 1808 voor S.V.
 67) Theal: C.C., XI, Donkin aan Bathurst, p. 381 ff.
 Ibid: XI, R.v.J. aan Donkin, p. 371 ff.
 Ibid: XI, Bathurst aan Donkin, p. 486, ff.
 68) Theal: C.C., XI, Donkin aan Bathurst, p. 421 ff.
 Ibid: XI, p. 424
 Ibid: XI, p. 426
 Ibid: XI, Memorie van die Fiskaal aan die R.v.J., p. 429.
 Ibid: XI, p. 436
 Ibid: R.v.J. aan Donkin, p. 451.
 69) Theal: C.C., XXXIII, Truter aan K.v.O., p. 262.
 Ibid: XXVIII, K.v.O. p. 10.
 Ibid: XLV, Bathurst aan Somerset, p. 117 ff.
 Ibid: XXIII, Regter van die vise-admiraliteitshof aan die regering-sekretaris, p. 472.

HOOFSTUK 111: LAER HOWE.LANDDROS EN HEEMRADE.OORSPRONG EN ONTWIKKELING.

Die plattelandse bestuur van Holland, met sy baljuskappe en skoutambagte het 'n groot invloed op plaaslike instellings aan die Kaap gehad, terwyl 'n Bataafse invloed ook nie uitgesluit kan word nie.⁷⁰⁾ Die aard van omstandighede het die funksies en name van die plaaslike instellings aan die Kaap ietwat verander, en so tref ons in plaas van die Hollandse balju en welgeborenes, skout en skepene of die Bataafse balju en skepene,⁷¹⁾ Landdros en Heemrade aan die Kaap aan.

Met die groei van die Kolonie was dit natuurlik dat geskille tussen die plattelandse inwoners sou ontstaan, en so stel Simon van der Stel in 1682

vier van de civielste daer inwonende vryburgers, tot het "afhandelen van sodanige voorvallende questien"⁷²⁾ aan. Die Heemrade sou egter eers in 1685 'n suiwer amptelike liggaam word, toe Van Rheede die eerste Landdros, nl. J. Muller, te Stellenbosch aangestel het om te spannen een vierschaar van regerende Heemraden."⁷³⁾ Die kolleges het administratiewe, maar veral regsfunksies gehad en kon sake uitwys tot 'n bedrag van 50 Rds (£10) met die reg van appél na die Raad van Justisie indien die boete oor 25 guldens (£2-1-8.) is, terwyl alle procedure 'De Plano' sou geskied.⁷⁴⁾ Die kolonie het al gou buitekant Stellenbosch en Drakenstein uitgebrei, sodat 4 heemrade en

- 70) Venter: Landdros en Heemrade, p. 10.
Wypkema: Invloed van Nederland op die Z.A.R., p. 20.
Eybers: Bepalingen en Instructien, p. 51.
- 71) Daar is nog nie absoluut sekerheid waarom die naam heemraad bo die van skepene gekies is nie - Vide: Venter L. en H., p. 14. In Holland was die Landdros 'n polisie-beampte en dit was heelwaarskynlik die rede vir die keuse van naam.
- 72) Venter: L. en H., p. 13 (C. 5. Resolusies, p. 432).
- 73) Venter: L. en H., pp. 13-16. Eerste heemrade was G.v.d.Byl, Huysen, H.J. Grein en H. Elberts.
Botha: Inferior Courts, p.408. Die koöpsie stelsel waarvolgens die heemrade gekies is, was reeds in die tyd van Karel V bekend.
Vide: Wypkema, Z.A. Republiek, p. 44.
- 74) Botha: Inferior Courts, p. 408.
Venter: L. en H., p. 19.

'n adjunk Landdros, ondergeskik aan Stellenbosch, aangestel is, maar in 1779 het die distrik van Swellendam 'n onafhanklike distrik geword, nog altyd met die 1685 jurisdiksie. Met die stigting van Graaff Reinet het daardie kollege hoër jurisdiksie gekry, hoofsaaklik as gevolg van die afgeleëtheid en die hoë koste om sake voor die Raad van Justisie te bring. Siviele uitspraak kon tot 1,000 guldens gelewer word, met die reg van appel teen vonnisse hoër as 50 Rds.

Die Heemrade kon nou voorlopige getuienis in kriminele sake afneem, terwyl hul saam met die Landdros en geneesheer skouings moes bywoon.⁷⁵⁾ In 1790 het ook Swellendam amper dieselfde jurisdiksie van Graaff-Reinet ontvang, maar Stellenbosch moes nog tot die koms van Nederburgh en Frykenus in 1793 wag om dieselfde jurisdiksie as Swellendam te kry, behalwe in so verre dit skouings aangaan, want waar dit gedoen moes word verder dan 'n dag se reis van Stellenbosch kan die Veldwagmeester, 'n Veldkorporaal en twee getuies dit doen. Verder is daar nou definitief bepaal dat die Landdroste hul vervolgging in kriminele sake volgens Philips II se kriminele Ordonnansie moes doen.⁷⁶⁾

In 1797 het Macatney die siviele jurisdiksie van Stellenbosch en Swellendam, as gevolg van die val in geldwaarde en die uitgestrektheid van die kolonie, van 100 Rds na 150 Rds (£30) verhoog, maar die van Graaff-Reinet het nog op 1,000 guldens (£66-13-4) gebly staan.⁷⁷⁾

Die groot uitgestrektheid van die kolonie het altyd 'n struikelblok gebly en in 1801 sê fiskaal van Ryneveld:

Dat het nu voor de Landdrosten, hoe actief zy zyn "moge en met hoe veel iever zy ook hunnen pligt zouden willen betragen, niet mogelyk is, een iegelyk regt te doen, toond al aanstonds de groote distantie aan,

75) Venter: L. en H., p. 27.
 76) Botha: Inferior Courts, p. 409.
 Venter: L. en H., p. 27.
 77) Botha: Inferior Courts, p. 409.
 Venter: L. en H., p. 28.

over welke ieder van dezelve zynde Magistrature moet uitoefenen." 78)

JURISDIKSIE.

Gedurende die Bataafse bewind het die prokureur-Generaal Beelaerts van Blokland die instruksies vir die buitelandse distrikte opgestel, instruksies wat in siviele aangeleenthede tot die 1827 Regsoktrooi van krag sou wees. 79) In die 'Instruksie voor de Kollegien van Landdrost en Heemraden,' moes die Landdros en sy "zes geërfde notable Burgers",

"goede Justitie doen, zonder aanzien van Persoon, het sy ryk of arm, groot of klein van wat staat of konditie by zoude mogen wezen, zonder gunst vreeze simulatie of dissimulatie." 80)

(a) SIVIELE JURISDIKSIE:

Hul siviele jurisdiksie sou strek tot die bedrag of waarde van 300 Rds. Die siviele jurisdiksie is nie uitgebrei nie, alhoewel Bourke en ook die Kommissie van Onderzoek in 1826 gehoor gegee het aan die verzoëns tot hoëre jurisdiksie; maar wat nooit gegee is nie. 81)

(b) KRIMINELE JURISDIKSIE.

Alle misdade en oortredinge in die distrikte kon slegs een keer in die jaar voor die Rondgaande Howe kom,

en daaruit, zoo door de langdurige detentie der "Beschuldigen, als den onvermydelyken tydverloop, voor en aler de zaak door den kompetenten Regter kan worden ondersoekt, wezenlyk nadeel voor de administratie der Justitie resulteert,"

sodat in 1817 geringe kriminele jurisdiksie aan die Landdros en Heemrade toegeken is. 82)

Met die 1819 Regspleging het die koloniale strafregstruktuur weer onder die vergrootglas gekom, en toe is onder

78) V.C. 100. p. 15. Van Ryneveld stel voor die aanstelling van adjunk-landdroste, maar hier kom niks van nie.

79) Theal: C.C., XXVlll, K.v.O., p. 11.

80) Eybers: Bepalings en Instrukties, artikel 125, p. 120. Vide artikel 110: Heemrade moes 30 jaar oud wees, 3 jaar in die distrik woonagtig wees.

81) Theal: C.C., XXlX, Memorie van Albany setlaars aan Bowke, p. 294.

Ibid. XXlX, p. 298.

Ibid. XXlX, K.v.O., 27.5.1826, p. 304.

Venter: L. en H., p. 33 (voet nota)

82) Z.V. Proklamatie: 1806 - 1825, p. 394.

Vide Venter: L. en H., p. 43.

die kriminele jurisdiksie van die Landros en Heemrade geplaas alle misdade en oortredings nie onderworpe aan 'n swaarder straf as geëseling, tydelyke transportasie, banissement, of confinement, nie" ⁸³⁾ Mindere oortredings wat gestraf kan word met domestieke correctie, civiele gevangenis voor een tyd, geldboete en confiscatie", sou in Kaapstad deur die Gekommitteerdes uit die Raad van Justisie verhoor word en in die distrikte deur die Landros en twee Heemrade. ⁸⁴⁾ Die gekommitteerdes van die Raad van Justisie is as gevolg van drukke werksaamhede in 1826 deur 'n Permanente sittende Kommissaris in Kaapstad vervang, maar hy het nog sitting op die Raad van Justisie gehad behalwe in sake wat in appel van sy beslissing voorgekom het. ⁸⁵⁾

In Kaapstad self is die Hof van Kleinere Sake al in 1682 gevorm, met siviele jurisdiksie tot die waarde of bedrag van £20-16-8., wat in 1797 tot £44 verhoog is. In 1711 het die hof geamalgemeer met die Huwelikhof en was daarna bekend as die Collegie van Kommissarissen van Kleine Civiele en Huwelyks "Zaken". ⁸⁶⁾ Tot 1809 het die Fiskaal as Landros vir Kaapstad opgetree maar in daardie jaar is hy vervang deur 'n Landros, terwyl as Heemrade aangestel is, die Kommissaris van die huwelikhof. In die jaar 1816 is die siviele jurisdiksie van die liggaam van 200 Rds na 300 Rds verhoog.

Die toename in die bevolking, veral na die koms van die Britse Setlaars het genoodsaak dat in 1820 Speciale Heemrade aangestel is, met die reg om kleinere oortredings te verhoor, maar appel sou van hul beslissings lê na die Landros en Heemraad-howe. ⁸⁷⁾

83) Z.V. Proclamatien: Artikel 2 van die Kroonverhoor.

84) Ibid: artikels 90 tot 93.

85) Theal: C.C., XXVI, Ordonansie van Bourke, p. 401.

Ibid: XXIX, p. 286.

Ibid: XXXIII, K.v.O., p. 53.

86) Venter: Die Hugenoot, Magistraatshowe in Kaapstad, 14 Augustus 1936, p.45.

Venter: L. en H., p. 32.

Botha: Inferior Courts, p. 421.

87) Venter: L. en H., p. 53. Reeds voor 1820 is adjunk-landdroste aangestel met heemrade om hul te help.

HOOFSTUK IV: PROSEDURE EN VERVOLGING IN
DIE HOF.

DIE FISKAAL.

Die pligte en magte van die fiskaal is bepaal deur: Philips II se 1570 Ordonnansie; instruksies aan die fiskaal in 1688, 1693, 1785, en sulke bevele wat van tyd tot tyd aan hom gestuur is. In 1804 trek De Mist egter nuwe instruksies op alhoewel dit hoofsaaklik op die ou instruksies gebaseer was, en hierdie instruksies sou diens doen tot 1828.⁸⁸⁾ Vanaf 1688 tot 1793 was die independent fiskaal bekleed met uitgebreide funksies en alleen aan die Here XVII verantwoordelik.⁸⁹⁾ Die fiskaal of Prokureur-Generaal seos hy tussen 1803-1806 genoem is

zal by denzelven Raad vervolgen alle delicten, "voorgevallen of bedreven, waar ter plaaze of door welke persoonen in de geheele Volksplanting, zulks zyn moge." 90)

In 1806 het die fiskaal, Mnr. van Ryneveld nie net as sulks opgetree nie, maar ook as vise- en agerende President van die Raad van Justisie.⁹¹⁾ Wanneer hy, Nomine Officii' opgetree het, in die Raad van Justisie het hy 'n entjie van die tafel plek ingeneem, maar so nie het hy langs die President sitting geneem.

Die fiskaal hou toesig oor alle strafreg-prosedure dwarsdeur die kolonie en die Landdroste wat as publieke vervolgers in die distrikte optree moes aan hom, sowel as aan die Hoofregter en Goewerneur rapporte lewer in verband met alle strafregterlike dade. Ook is aan die fiskaal die reg van "Praeventie"⁹²⁾ gegee, waar sake dit sou noodsaak.

- 88) Theal: C.C., XXXIII, Getuienis van Denyssen, p. 234.
Botha: The Public Archives of South Africa - p. 15.
Botha: Public Prosecutor, S.A.L.J. XXXV, p. 401.
- 89) Funksies meer uitgebrei as in die Kaap as in die Ooste waar daar sedert 1666 'n Advokaat-Fiskaal en 'n water fiskaal bestaan het - vide Theal:XXXIII,p.62 en Burges: Colonial laws, p. 97.
- 90) B.R. 117: Provisioneele Instructie, Artikel 72, p. 102.
- 91) Na van Ryneveld het die fiskaal nie meer die poste bekleed ni
- 92) Eybers: Bepalingen en Instructien, artikel 7, p. 83.
Botha: Public Prosecutor, S.A.L.J. Deel XXXV, p. 404.
Theal: C.C., XXXIII, K.v.O., p. 64.

In die distrikte het die Landdroste as publieke aanklaers in die Rondgaande Howe opgetree, en in kriminele sake buite die jurisdiksie van die Kolleges van Landdros en Heemrade het hul die voorlopige ondersoek ingestel. Die fiskaal en ander publieke aanklaers was verplig om te vervolg, indien die getuienis voldoende geblyk het, en waar hul die voorlopige getuienis as onvoldoende beskou het, kon die veronregte party die hof vir sy opinie vra.⁹³⁾ Nadat die voorlopige getuienis deur die Landdros in die distrikte afgeneem is, is die vervolging daarvan deur 'n advokaat voor die Raad van Justisie waargeneem.⁹⁴⁾

Waar oortredinge in die distrikte binne die jurisdiksie van die Landdros en Heemrade val, word die vervolging waargeneem deur die Distriksekretarisse, terwyl dieselfde funksie sedert 1825 betreffende dieselfde jurisdiksie in Kaapstad deur die Superintendent van Polisie waargeneem is, terwyl sake wat binne die jurisdiksie van die twee Kommissarisse van die Raad van Justisie, val deur die vise-fiskaal waargeneem word.

In siviele sake waar die Regering 'n party is, moet die fiskaal ook optree, terwyl hy konsep-ordonnansies optrek en as regsadviseur diens doen.⁹⁵⁾ Die fiskaal en sy assistente is sedert 1818 ook geregtig op 'n gedeelte van die boetes.⁹⁶⁾

-
- 93) Theal: C.C., XXXlll, K.v.O., p. 66.
Theal: C.C., XXXlll, Getuienis van Denyssen, p. 237.
- 94) Die funksie is tot in 1825 deur 'n assistent fiskaal gedoen, toe die gebruik deur 'n Ordonnansie verander is.
- 95) Fiskaal se funksies is feitlik dieselfde as die geval in Holland is, behalwe dat die Prokureur-Generaal daar nie as regsadviseur optree nie. Theal: C.C., XXXlll, p. 235.
- 96) Die gedeelte van die boetes wat hul kan neem is deur die 1785 fiskaal-instruksies bepaal, en alhoewel dit later in 1804 weer deur de Mist verander is, is die ou instruksies gevolg. Tussen 1809 en 1818 is die fooie egter in die Koloniale Tesourie gestort - Theal: C.C., XXXlll, p. 69.

• KRIMINELE PROSEDURE.

Artikel 37 van die 'Provisioneele Instructie' het die Raad van Justisie gemagtig om 'n manier van Procedeeren" op te trek, en waar daar onsekerheid sou ontstaan moes de styl en practycq voor den Hove van Holland" gevolg word. " 97) Dit is nooit gedoen nie en die ou prosedure het bly voortbestaan.

Afdeling 2 van die Regtspleging handel oor die prosedure 98) in the investigation of Crimes subject to Public Punishment". " 'n Oortreder kon alleen in gevalle van 'In flagranti delicto' en 'periculum in mora' sonder 'n geregtelike bevel in hegtenis geneem word, maar 'n dergelyke optrede moes binne 24 uur aangemeld word. 'n Oortreder uit die Burgerklas wat nie onder supra ressorteer word nie kan in hegtenis geneem word deurdat die hof 'ex Officio' of op aanvraag van die aanklaer 'n dekreet uitvaardig. " by edicte en openlyken klockin-geslag." 99)

Nadat die ondersoek ter plaatse van die misdadig deur die aanklaer, bygestaan deur 'n komitee en 'n mediese praktisyn, waar nodig, afgehandel en die getuienis onder eed afgeneem is, word die datum van verhoor vasgestel wat binne 8 dae na die uitreiking van die dekreet moes geskied. Die aanklaer sal in sy aanklag wat aan die misdadiger sowel as aan die President van die Hof verstrek moes word, 'n uiteensetting van die hele misdaad gee. 100) Hierna moet die aangeklaagde die name van sy getuies verstrek.

Nadat die aanklag in die hof gelees is, kan die aangeklaagde van die verweermiddels Renvoy, 'litis pendentis', of 'litis finitae'

- 97) B.R. 117. Instruksies vir die Raad van Justisie, Artikels 37 en 39, p. 95. Kriminele prosedure in Holland, was in oorsprong Romeins soos verander deur Gewoontereg en Cannon" law. Die 1507, Constitutio Criminalis Carolina' Van Duitsland het as modél vir Philips II se strafreg-ordonnansie gedien. Vide Wessels, p. 372.
- 98) Theal: C.C., XXV, Kroonverhoor, 1819, p. 95 ff.
Botha: Criminal Procedure at the Cape, S.A.L.J. Deel XXXII, p. 5 ff.
- 99) Botha: Criminal procedure at the Cape, S.A.L.J. Deel XXXII, p. 321. 'n Dekreet is nie nodig vir persone wat nie burgers of Christene is nie - artikel 27 van die Kroonverhoor - waar aanmelding moes binne 24 uur geskied.
- 100) Theal: C.C., XXV, Kroonverhoor, p. 98. Aan die wat nie kan lees of skryf nie, moes dit verduidelik word.

gebruik maak. As die eksepsies afgewys word gaan die saak aan, maar die aangeklaagde het die reg van *re-accidate* na 'n hoër Hof. Die saak sal na die sluiting van die ondersoek nie aangaan tot-dat die finale besluit betreffende die eksepsies ontvang is nie.

Indien die aangeklaagde nie van die verweermiddels gebruik maak nie, word 'n aantal vrae aan hom gestel en as hy weier om dit te antwoord, word dit beskou as minagting van die Hof en stel hy hom bloot aan inhegtenisname vir die res van die verhoor .

Waar die aangeklaagde sy skuld sowel as die strafbaarheid daarvan erken, en die 'corpus delicti' teenwoordig is, sal die hof na 'n paar kleinere formaliteite aan die aanklaer vra om sy eis en opsomming te lewer waarop die aangeklaagde 'viva voce' of in skrif kan antwoord. Indien die aangeklaagde slegs gedeel-¹⁰¹⁾telik erken, word die getuies weer ondervra. Waar die misdaad nie erken is nie, en ook nie genoeg bewyse verkry is nie, kan die aangeklaagde deur 'n voorlopige dekreet vrygestel word, die s.g.n. handtasting. Dit hang nou af of binne die volgende 12 maande, verdere informasie ingewin word vir die verdere verhoor, al dan nie.

Na die aanklaer sy 'eisch en concensie' gelewer het, be-
raadslaag die hof en lewer die vonnis.

Alle publieke strawwe - (transportasie, verbanning, gevange-
nisskap), moet eers die fiat van die goewerneur kry voor dit
kan uitgevoer word. Die aangeklaagde kan 'n advokaat kry, al-
leenlik wanneer hy die vrae wat aan hom gestel word, beantwoord
het.¹⁰²⁾ Solank die aangeklaagde ondervra word, het niemand
toegang tot hom sonder verlof nie, maar na die ondervraging is
toegang tot hom vry.

Waar die aangeklaagde nie op die arrestasie-dekreet ant-
woord gee nie, sal drie dagvaringe gedien word. Na die derde

101) Ibid: Artikel 49, p. 101. Gedeeltelike erkenning d.w.s. hy erken dat hy slegs deel van oortreding begaan het, of alhoewel hy dit erken, ontken hy die strafbaarheid daarvan.

102) Ibid: Artikel 65, p. 104.

dagvaring lewer die publieke aanklaer al die getuienis, in 'forma probanti' en maak sy eis en opsommings teen die afwesige. Hierna word 'n vierde dagvaring, 'ex superabundanti' uitgereik, waarin die dag genoem word wanneer die vervolger sy eis sal stel. Indien 'n aangeklaagde kan toon dat hy Insolvent is, of geen inkomste het nie kan 'n advokaat 'pro Deo' aangestel word. ¹⁰³⁾ Die 1819 Regspleging het ook die prosedure bepaal wat gevolg moes word vir die vervolging van oortredings wat nie strafbaar met openbare straf is nie. ¹⁰⁴⁾ Hieronder is ingesluit oortredings strafbaar met verbetering in gevangenis, tydelike gevangenisstraf, boetes, oortreding van die inkomste en polisie-wette, en konfiskasie, en in alle gevalle waar sake nie in der minne geskik kan word nie.

Te Kaapstad en Simonstad val die funksie op die Kommissaris van die Raad van Justisie, en in die platteland op die Landdros en twee aangestelde Heemrade. Ook moet die fiskaal en Landdroste sorg vir die publieke welsyn en enigeen wat dit durf breek waarsku en waarborg eis dat hy die vrede sal hou.

In Kaapstad sou die fiskaal of sy gemagtigdes optree as vervolgers en in die plattelandse distrikte sou die distrikssekretarisse die funksie verrig. Indien die aanklaer die saak nie in der minne kan skik nie - d.w.s. sake wat van sodanige aard is en waar die regte van die regering nie kon onder ly nie; artikel 105 van die Regspleging - gee die aanklaer 'n opsomming van die saak asook die wette wat oortree is. Indien die beskuldigde skuldig pleit, lewer die aanklaer dadelik sy opsomming sowel as sy eis, ¹⁰⁵⁾ maar waar die aangeklaagde onskuldig pleit, sal die getuies eers ondersoek word voordat die publieke aanklaer sy eis instel.

103) Ibid: p. 109.

104) Ibid: p. 110.

105) Ibid: p. 114 ff. Persoon word ook hier by verstek veroordeel en wel na die derde dagvaring.

SIVIELE PROSEDURE.

Die prosedure in siviele sake volg die van Holland na en word gereël volgens Philips II se 1570 Ordonnansie betreffende prosedure in siviele sake. Illikide sake is eers aan 'n gekommitteerde regter opgedra om die saak in der minne te probeer skik. Indien dit misluk sou aan die verweerder drie dagvarings gestuur word, en by verstek van die laaste sou 'n vierde een 'ex superabundanti' uitgereik word. Indien die verweerder ver- skyn het, kon hy van die volgende verweere gebruik maak: Renvoy, lis pendens en lis finita. ¹⁰⁶⁾ Waar van bogenoemde objeksies nie gebruik gemaak is nie, het die klaer en verweerder hul repliek en dupliek gelewer. Nadat die hof die beslissing gegee het, het die Goewerneur die saak as Sommatie, renovatie en ¹⁰⁷⁾ executie verklaar.

In likide sake was die voorlopige proses egter ietwat ¹⁰⁸⁾ korter. In belangrike sake kan buitengewone sittings ge- hou word op aansoek. Alle dokumentere getuienis, eers deur 'n notaris geneem en later deur 'n advokaat beëdig, is aan die ander party verskaf. Die stukke is by die regters gesirkuleer waarna die beraadslaging tot 1813 foribus clausis was. Vervol- gens het die sekretaris van die hof die bevinding in die hof ¹⁰⁹⁾ voorgelees.

-
- 106) Renvoy: eksepsie geneem teen jurisdiksie van die hof.
lis pendens: selfde saak hangende voor 'n ander hof.
lis finita: saak is al beslis.
- 107) Sommatie: Skuldige moet uitspraak en koste binne 24 uur nakom.
Renovatie: word uitgereik na 24 uur.
Executie: sekwestrasie tot bedrag van straf met koste.
- 108) Theal: C.C., XXVIII, K.v.O., p. 6.
- 109) Botha: Public Archives, p. 16.

DEEL 11

DIE JARE VAN OORGANG.

HOOFSTUK 1.DIE KAAP IS RYP VIR VERANDERINGE.

Die eerste fase in die Britse koloniale politiek het tot 'n einde gekom met die verlies van die Amerikaanse kolonies. Insteede van die ou beleid, waar die kolonies 'n groot mate van inwendige selfbestuur gehad het - met dien verstande dat die handelsmonopolie aan die moederland oorgelaat word, vind ons nou dat die moederland en die kolonies hefter saam gebind word.

Na die kortstondige eerste Britse besitname, het die Kaap in die kort bestek van 3 jaar iets van die geestesstrominge van Europa ondervind maar dit was nie so seer de Mist wat sy tyd vooruit was as wat Suid-Afrika destyds nie tred gehou het met die veranderinge in Europa nie.¹⁾

In dieselfde jaar wat die Kaap vir die tweede keer deur die Engelse verower is, is William Pitt oorlede. Nadat hy agtereenvolgens deur Lord Grenville, die Hertog van Portland en deur Perceval opgevolg is, het Lord Liverpool in 1812 sake oorgeneem.²⁾ Die ministerie van Liverpool het ou geharde Tories soos Eldon, Sidmouth, Castlereagh, Harrowby, Melville, Vansittart en Bathurst ingesluit.³⁾ Die beleid van die Tories, tesame met die reaksie wat na die Franse rewolusie in Engeland ingetree het, was besonder konserwatief, en hulle mag is nog meer versterk daar die Whig-opposisie gedurende hierdie tyd swak en verdeeld was.⁴⁾

Die twintiger jare sou egter groot veranderinge teweeg bring. In 1820 is George III oorlede, en in 1822 ook Castlereagh.

- 1) Voorwoord van dr. S.F.N. Gie tot de Mist se "Memorie over de Caab."
- Wypkema: Invloed van Nederland op die Z.A.R., p. 5.
- 2) Acland and Ransome: Eng. Pol. History, p. 165.
- 3) Bathurst het die portefeulje van Oorlog en koloniale sake tot 1827 bekleed toe hy deur lord Goderich opgevolg is.
- 4) Cambridge: Deel II, p. 275.
MacMillan: Cape Colour question, p. 39 ff.

In daardie jaar kom die jongere Tories sterk op die voorgrond, en so ook die gees van liberalisme. George Canning volg lord Castlereagh as minister van buitelandse sake, en Robert Peel lord Sidmouth as minister van binnelandse sake op. Hierdie twee persone saam met lord John Russell, Henry Brougham, - die groot voorstander van parlementêre hervorming, en William Huskisson wat in 1823 voorsitter van die handelsraad word, sou die hoof persone in die Jong Torie-party wees.⁵⁾

Sedert die jaar 1801 het die sekretaris van oorlog ook koloniale sake behartig.⁶⁾ In die koloniale kantoor is die Staats-sekretaris sedert 1812 bygestaan deur die Parlementêre Ondersekretaris wat sitting in die Huis gehad het waar sy hoof nie lid van was nie.⁷⁾ Dit was egter die permanente personeel wat van die grootste belang was, want dit was hulle wat vir die voortbestaan van die koloniale beleid verantwoordelik was en

the attitude of the permanent officials of the colonial office was gradually becoming more liberal throughout the 1820's, and this had its effect on successive Secretaries of State".⁸⁾

Aan die Kaap self is die beleid van die Britse regering uitgevoer deur die Goewerneur, wat met die kroonkolonie-bestuur in swang, alleen verantwoordelik aan die Staatssekretaris was. Die goewerneur was dus alleenheersend tot 1825 toe 'n Raad van Advies ingestel is teneinde hom by te staan en te adviseer.

Die koloniale beleid was dus hoofsaaklik bepaal deur die Koloniale Kantoor met die Staats-sekretaris aan die hoof daarvan, sowel as deur die invloed van sekere denkbeeldige rigtings wat in die twintiger jare in Engeland gehuldig is.⁹⁾ Tot in die twintiger jare was die belangrikste faktore wat die koloniale beleid m.b.t. die Kaap bepaal het, die van kommersiële-, ryks-

-
- 5) Cambridge, Deel 11, p. 275. Dit was Huskisson wat in 1823 die "Reciprocity Duties Bill" ingedien het.
 6) Acland and Ransome, Pol. Hist. of England, p. 160.
 7) Muller: Die Britse Owerheid en die Groot Trek, p. 4.
 8) Roberts: Lord C. Somerset and the Beaufort Influence, p. 31. Die eerste Permanente Ondersekretaris, nl. R.W. Hay, is in 1825 aangestel.
 Vide: Muller, p. 4.
 9) Muller: Die Britse owerheid en die Groot Trek; p. 2.

beveiligings- en imperiale aangeleenthede, maar gedurende hierdie jare het die filantropiese oorwegings en finansiële faktore hul plek ingeneem sodat dit die belangrike wegwysers vir die koloniale beleid geword het.¹⁰⁾

In die jaar 1820 het die Britse setlaars die Kaap bereik en hul koms sou 'n groot invloed uitoefen op gebeurtenisse in die daaropvolgende jare. Die vestiging van die setlaars in die Oostelike dele van die Kolonie het die koms van 'n nuwe rassegroep beteken, wat 'n sterk Impetus aan die verengelsingbeleid sou verskaf. Die Engelse was verder gewoond aan sekere vryhede in Engeland met die gevolg dat hul algou teen Somerset se eenmanregering in opstand gekom het. Met hul teenkanting het hul dan ook baie van die Hollandse ingesetenes wakker geskud, en in die Petisies na Engeland vir selfregering vind ons derhalwe die handtekeninge van baie Afrikaans-Hollandse inwoners.¹¹⁾ Die Setlaars aan die oosgrens het algou kontak met die inboorlinge gemaak, met die gevolg dat die Britse regering nou ook in noue kontak met die grensprobleme gekom het.

Een van die dade van die Jong Torie-Party was die aanstelling van 'n Kommissie van ondersoek. Tot hierdie stap het verskeie dinge saamgewerk. Die Sendelinge te Bethelsdorp het met hul rapporte 'n groot reaksie in Exeter Hall uitgelok, terwyl die koms van John Philip in 1819, van die Kaap hul invloed nog sterker in London gemaak het, en manne soos Buxton en Wilberforce het dan ook die saak van die slawe en Hottentotte voor die Parlement gebring.¹²⁾

Behalwe die invloed van die filantropie het ons reeds gese dat finansiële oorwegings ook 'n groot invloed na 1820 op die

10) Muller: Die Britse owerheid en die Groot Trek; p. 17.

11) Petisie van 22 Mei 1828: Memorials, J-L, vir 1828, No. 596, (S.V.)

12) In 1822 Dr. Philip returned for a short time to England "and communicated this information to Mr. Wilberforce, Dr. Lushington and Mr. Buxton, who agreed that the former should move in the House for a Commission of Enquiry to proceed to the Cape."

Buxton: Memoirs of Sir T.F. Buxton, p. 210.

Britse Koloniale beleid uitgeoefen het. Die Britse Staatshulp het van 1794 tot 1817 van £10,000,000 tot £33,000,000 gestyg, en tot 1822 was daar volgens die jaarlikse begroting slegs in 1819 'n oorskot.¹³⁾ Aan die Kaap het die finansiële toestande ook veel te wense oorgelaat want die laste het herhaaldelik die bates oortref.¹⁴⁾ Die toestande is vererger daar die Kaap die Britse setlaars vir die eerste maande met ransoene moes voorsien, en na die mislukking van hul oeste is 'n noodlenigingsvonds ook georganiseer.¹⁵⁾ Die Britse setlaars kon ook nie die "Unlimited control of one individual" verdra nie, met die gevolg dat hulle in 1823 'n versoekskrif aan Lord Bathurst rig waarin hul hul klagtes uitcensit.¹⁶⁾ Somerset moes dus telkens deурloop, en veral sy duur administrasie het bespreking in die Britse Parlement uitgelok.¹⁷⁾

Ons sien dus dat verskillende faktore bygedra het tot die aanstelling van 'n Kommissie van Onderzoek. Op 25 Julie 1822 dien Mnr. Wilmot dan 'n voorstel in vir die aanstelling van 'n sodanige Kommissie.¹⁸⁾ Die Kommissie sou algemene funksies hê want "the commission which he proposed to send out was one of a very general nature; for the Commissioners would be directed to inquire into the whole state of each colony."¹⁹⁾ In die mosie kon die invloed wat die filantropie, en die rol wat finansiële oorwegings in Koloniale aangeleenthede gespeel het, duidelik gesien word, want die Kommissarisse moes nie alleen net die Toestand van Slawerny aan die Kaap ondersoek nie, maar ook op die hele finansiële stelsel ingaan.²⁰⁾ Verder moes hul

-
- 13) Muller: Die Britse Owerheid en die Groot Trek, p. 17.
Vide Muller: Ibid, p. 7.
- 14) Theal: C.C., XV, pp. 195-197.
- 15) Theal: C.C., XV, p. 4.
- 16) Theal: C.C., XV, Setlaars van Albany aan Bathurst, 10.3.1823, p. 305 ff.
- 17) Muller: Die Britse Owerheid en die Groot Trek, p. 24.
Vide Hockly: British Settlers, pp. 107, 108. Petisie kry wye publisiteit in England.
- 18) That he (theKing) would be graciously pleased to issue a Commission under the great seal, to inquire into the state of the settlements of the Cape of Good Hope, Mauritius and Ceylon, and also into the Administration of Criminal Justice in the Leeward Islands."
Theal: C.C., XLV, p. 486 ff.
- 19) Theal: C.C., XLV, p. 486 ff.
- 20) Theal: C.C., XLV, p. 486 ff.
Vide Theal XV, p. 238 ff.

ondersoek instel into the state of the law; and also into the practical administration of justice." 21)

Op 18 Januarie 1823 is aan die twee Kommissarisse, nl. Majoor W. Colebrooke en Mnr. John Bigge spesiale instruksies gegee waarin verklaar word dat

at the Cape of Good Hope --- you will revert to the "alterations lately made in the judicial procedure of the colonial courts, and to the means of introducing a gradual assimilation to the forms and principles of English jurisprudence, more immediately with regard to the British portion of the Community." 22)

Net voor die Kommissie England verlaat het, rig graaf Bathurst 'n brief aan Somerset waarin hy verklaar dat die doel van die ondersoek nie sou wees om die griewe van individuele persone te ondersoek nie, maar om alleen sake so ver te ondersoek as wat nodig mag blyk om verbeteringe in die toekoms aan te bring. 23) Dit was voorwaar 'n troosbrief aan Somerset. Die aankoms van die Kommissie met die Lady Campbell op die 12de Julie in Simonstad was 'n grootse gebeurtenis vir die jong Kolonie. Vele veranderinge sou aangebring word a.g.v. hul verslae, maar dit was veral die regsweese wat deur hul rapporte beïnvloed was, soos ons in die 1827 Regsoktrooi kan sien. Sommige van hul beslissings het miskien gebrek gegaan aan hul onbekendheid met die Kaapse toestande, maar vele van hul ander rekommendasies sou van blywende belang wees. 24)

21) Theal: C.C. XIV, p. 486 ff.

22) Ibid: XV, p. 240. Behalwe die regspraak moes die Kommissie aan die Kaap ondersoek instel i.v.m. die toestand van slawe en ingeboekte kleurlinge; die verhouding tussen die Koloniale regering en naturellestamme; toestand van die Hottentot-bevolking; die erfpagstelsel en die toestande van die setlaars.

23) Theal: C.C., XV, Bathurst aan Somerset, 21.1.1823, p. 257.

24) Die volgende 13 Rapporte is deur hul ingehandig tussen die jare 1825 tot 1831, nl. rapporte betreffende die lenings vir die 1822 storm slagoffers; Albany-neersetting; papiergeld, Geregshowe, Administrasie en Regeringstelsel; finansies; Wisselkoers; Kriminele reg en regspraak; Polisie; handel; skeepvaart en hawens; sendinginstitute; Hottentotte en Boesmans en Slawe en Slawerny aan die Kaap.

In September 1825 is Mnr. W. Blair as die derde lid van die K.v.O. aangestel:

Vide: Theal C.C., XXIII, pp. 77, 127, 189.

HOOFSTUK 11.SENTRALISASIE EN ANGLISASIE.A. SENTRALISASIE:

Hoofsaaklik a.g.v. die regsrapporte van die Kommissie van Onderzoek is daar deur die Regsoktrooi van 1827 'n gesentraliseerde regstelsel in die lewe geroep. Die nuwe stelsel was in direkte teenstelling met die ou bedeling wat onder die 'Verenigde Oostindische Compagnie' in swang was. Dat daar aan die Kaap 'n degesentraliseerde stelsel in gebruik was, is nie snaaks nie, want in Nederland self tref ons 'n derglike stelsel op staats- en regterlike gebied aan.²⁵⁾ Toestande aan die Kaap het verder 'n degesentraliseerde stelsel in staats- en regs-vorme aangehelp, en so het die groot afstande veroorsaak dat 'n distrik bekend gestaan het as 'n "Colonie".²⁶⁾ Aan die anderkant het handelsake 'n belangrike rol onder die 'Verenigde Oostindische Compagnie' gespeel en dit principe, waar in den Handel alleen den gerondtoon aangaf, wierd door ene mercantile regeering verspreid over alle vakken van het bestuur."²⁷⁾ So sien ons hoe burgerrade sitting kry op die Raad van Justisie wanneer burgers verhoor word, terwyl die aanstelling van die Independent Fiskaal in 1688 'n tipiese voorbeeld van desentralisasie op regsgebied was daar hy geheel vry van plaaslike kontrole was. Ook die Landdros en Heemraadhowe spreek van dieselfde beginsel, 'n beginsel wat gevaarlik was daar dit heel maklik 'n verskil in regspraak te weeg kon bring.²⁸⁾

Die boere in die buitelandse distrikte met hul trekneigings het

25) Wypkema: Invloed van Nederland op die Z.A.R., p. 46.
v.d. Walt, Wiid en Geyer, p. 23³.

26) Eybers: Bepalingen en Instructien, p. 68.

27) Van Riebeeck Vereeniging: Memorie van de Mist, p. 91.
Dieselfde toestand tref ons in Batavia aan maar ons sien dat een tiental jare de Heemraden niet een enkele keer hun "rekeninge aan de regering voorlegden", en geld bestee waarvoor dit nie bedoel was nie:

Vide Eybers, Bapalingen en Instructien", p. 58.

28) Wypkema, Invloef van Nederland en Nederlands-Indie, p. 80.
Die verskillende instruksies aan die regsliggame wys in die rigting, en ons vind dat selfs die instruksies van die verskillende Kolleges van Landdros en H. verskil.
Vide Wypkema: Invloed van Nederland en Z.A.R.
Z.A. Republiek, p. 47.

die desentralisasie-faktor versterk want die pioniers het daaraan gewoon geraak om elkeen sy eie gang te gaan en op sy eie manier klaar te kom. Dit het hul dikwels eiesinnig en onverdraagsaam en twissiek gemaak en 'n verwronge gevoel van persoonlike vryheid laat ontstaan, wat hulle ongeneë gemaak het om hulle self te skik na die belange van die gemeenskap, teenoor wie hulle onafhanklik gevoel het.²⁹⁾ Die gevoel van individualisme is versterk deur die boere se Calvinistiese uitkyk, terwyl die Romeins-Hollandse reg, veral die erfreg, dieselfde gevolg gehad het.³⁰⁾ Die Kolleges, waarvan die Heemrade verkose uit die burgery was, het soms individualisties en minag-tend teenoor die Raad van Justisie opgetree.³¹⁾ Die gevalle van minagting was egter min, en as in ag geneem word dat die Kolleges uit lede, in so verre dit regs-kennis aangaan, bestaan het, dan het hul onder die besondere toestande wat destyds aan die Kaap geheers het, hul funksies goed verrig.

Die Britse besitname van die Kaap sou 'n groot verandering te weeg bring want nou kwamen twee politieke stelsels in botsing: centralisasie teen plaatselike vryheden, de Staat tegen het individu - daarvoor liep de stryd.³²⁾ Die sentralisasie-idee sou nie hoef te wag vir die Tweede Britse okkupasie nie, want reeds in 1801 stel Sir George Young die vorming van 'n Rondgaande Hof voor, en Generaal-Majoor Dundas stem volmondig hiermee saam omdat dit efektief sal wees particularly with respect to the district of Graaff-Reinet.³³⁾ Die idee word heelhartig deur die Staatssekretaris, lord Hobart ondersteun

29) van der Merwe: Trek, p. 97.

Vide MacCrone: Race attitudes in South Africa, p. 108.

30) Eybers: Bepalingen en Instructien, p. 70.

31) So het die Raad van Justisie in 1789 'n brief aan die Kollege te Swellendam gerig en hul gewys op die eerbied wat hul verskuldig was, terwyl die Landdros van Graaff-Reinet in 1791 sterk berispe is omdat hy onbeëdigde verklarings opgestuur het.

Vide Venter: L. en H., p. 45.

32) Eybers: Bepalingen en Instructien, p. 72.

Vide Wypkema: Invloed van Nederland en Ned.-Indië, p. 79.

Vide Wypkema: Invloed van Nederland op Z.A.R., Z.A. Republiek, p. 61.

33) Theal: C.C., IV, Dundas aan Hobart, 12.12.1801, p. 117.

Ibid: III, G. Young aan Dundas 5.1.1801, p. 370.

omdat

justice will undoubtedly be administered in a "manner more consonant to the law, and more satisfactory to the Inhabitants, than by the decisions of local magistrates, who may or will be supposed to be influenced by partialities and prejudices." 34)

Onder die Bataafse bewind is die idee dat die Kaap as "ververshingplaats" sou dien vergoed in die ban gedoen, en as 'n nuwe landboukolonie is heelwat meer aandag aan die Kaap gegee. 35) De Mist het besef dat wat die geregshowe nodig het, was instruksies, en sodoende word voorlopige instruksies vir sowel die Raad van Justisie, as vir die Kolleges van Landros en Heemrade opgetrek. Die eerste taak van de Mist was dus om die ou instellinge in beter vorms te giet en om sodoende vir die beter administrasie van die regswese te sorg. 36) In die kort tydjie wat die Kaap onder die Bataafse Republiek was, is die sentralisasie idee op die agtergrond geskuif, tewens die hele tyd is in beslag geneem om bestaande instellinge eers reg te ruk en de organisasie van de Staat volgens het stelsel van de Mist "past zich by de mens in zyn lokale omstandigheden, m.a.w. is gedesentraliseerd". 37)

Die Rondgaande Howe sou die volgende mylpaal vir die Britte se sentralisasie-beleid wees. Hierdeur is die regswese na die platteland gevoer en met die openbaarheid van hogsake is die wette in die distrikte beter bekend gemaak en daarbenewens het dit ook die Engelse meer met die Hollandse howe

-
- 34) Ibid 111, Hobart aan Dundas, 1.5.1801, p. 371.
Hobart was egter nie ten gunste van 'n algehele verandering in die regswese op daardie moment nie:
Vide Theal: C.C., 111, p. 480.
- 35) Den Caabschen Uithoek, dan oorspronkelyk tot eene ververshingplaats bestend is --- in eene aanzienlyke landbouwende Colonie veranderd. En deeze verandering macht dezelve thans, der oplettenheid van het Gouernement, dubbel waardig." de Mist, Memorie over de Caab, p. 13.
- 36) De oude instellingen, die het volk toebehoren, bleven voort " bestaan, maar er moesten eerlikheid en degelijke methoden by de administrasie komen".
Eybers: Bepalingen en Instructiën, p. 68.
- 37) Wypkema: Invloed van Nederland op die Z.A.R.
Z.A. Republiek, pp. 63-64.
Vide Eybers: Bepalingen en Instructiën, p. 69.
De konstitutië van de Kaap onder Hollands bestuur ging "uit van het plaatselike, het was helemaal niet gesentraliseerd."
Vide Wypkema: Invloed van Nederland en Nederlands-Indië,
Vide Botha: Public Archives, p. 18. (p.137)
Adv. de Vos van die Universiteit van Kaapstad huldig ook die idee.

38) versoeke. Die lang arm van die gereg het nou tot in die verre distrikte gestrek en sodoende 'n opvoedkundige, sowel as morele en desiplinerende invloed uitgeoefen, terwyl die Landdroste wat as publieke aanklaers voor die Rondgaande Hof moes dien, baie regs-kennis opgedoen het. Na die aanstelling van hoofregter Truter in 1812 kry die sentralisasie-beweging 'n verdere stoot want as 'n meer liberaal-denkende regter as sy voorganger, W.A. van Ryneveld, was hy 'n groot bewonderaar van die Britse konstitusie. 39) Dit was dan ook hoofsaaklik onder sy leiding dat die 1819 Regspleging ingestel is.

Die koms van die Britse setlaars het veroorsaak dat spesiale Heemrade in 1820 aangestel is met die reg om mindere oortredings te verhoor; 'n tipies Britse stelsel. 40) Die 1819 Regspleging het hoër regs-kennis van die Landdros en Heemrade vereis en dat hul soms 'n gebrek aan kennis geopenbaar het was natuurlik. Dit was veral die kwaai kritiek van die sendelinge en die idees van die filantropie wat teen hul eie opvattinge ingedruis het, wat 'n gees van opposisie by die Kolleges laat ontstaan het. 41) Die gevolg van die oposisie by die Hollands-sprekende teen die regering was heel anders as by die Britse setlaars. Laasgenoemde gewoonde aan sekere regte en vryhede het begin agiteer vir selfbestuur, maar die Hollandssprekende het liefst probeer om sy vryheid in aparte gebiede te verkry - 42) 'n tipiese voorbeeld van sy individualisme. Die Kommissa-

- 38) Theal: C.C., IX, Cradock aan Bathurst, 11.8.1813, p. 211.
 Ibid IX, Cradock aan Truter, p. 221.
 Die instelling van die Rondgaande Hof het tewens bewys dat baie aanklagte teen die koloniste vir mishandeling van die inboorling oordrewe was. Vide:
 1) Goewermentskennisgewing: Kaapsche Courant, 7 Jan. 1814, S.V.
 2) Cloete: The Great Boer Trek, p. 13, S.V.
 3) Cradock aan Bathurst, 11 Aug. 1813, C.O. 48/17, S.V.
- 39) Cape Town Gazette, Deel X, 28 Januarie 1815.
 Vide Botha: J.A. Truter, p. 16.
 Vide Wypkema: Invloed van Nederland en Nederlands-Indië, (pp. 65-66.)
- 40) Venter: L. en Heemrade, p. 46.
- 41) Venter: L. en Heemrade, p. 71 ff.
- 42) "Instead of gaining liberties in separate areas, and freedom from unnecessary interference on the part of the British Government, they would have to realise that British sovereignty was firmly established, and that it had become necessary to look at the pivot and get the government into their own hands":
 Eybers: Constitutional Documents, p. XXI (Inleiding).

risse van Onderzoek het besef dat die plaaslike besture se magte groot is, en dat 'n verandering noodsaaklik was.⁴³⁾ Die Regsoktrooi het dus die ou gedesentraliseerde regstelsel uitgewis en so 'n nuwe bedeling in ons regsgeeskiedenis ingelei.

B. ANGLISASIE:

Die begrip Anglisasie is nou verwant aan die van Sentralisasie, want die een is slegs 'n uitvloeisel van die ander. Die positiewe anglisasiebeleid van die Engelse bewindhebbers veral Somerset het egter die ou Hollands-sprekende gemeenskap nie aangestaan nie. So lank hul in vrede op hul eie individuele maniere kon voortleef, het hul die Britse juk verdra maar toe hul taal en gebruike aangetas is, het stemme van ontevredenheid begin opgaan. Onder die Eerste Britse bewind het die Gøewerneys die bepalinge dat die ou instellinge en gebruike moes bly voortbestaan, nagekom.⁴⁴⁾ Dog dat die idee van grootskaalse verandering reeds begin posvat het, blyk uit 'n brief van Lord Hobart aan Dundas:

I am aware of the manifest defects of the present "system of the administration of Justice at the Cape, and it is not surprising that British subjects should submit to the decrees of it with reluctance but as it would be highly inexpedient to make any alteration at present, the British subjects must be amenable to the laws of the settlement as they now stand, until the whole subject can be considered and revised, and some better judicial system be substituted in lieu of the present defective Establishment." 45)

Wat die toestand van die regstelsel ookal mag gewees het, die bevolking was nog tevrede daarmee.⁴⁶⁾

Na die Bataafse tydperk aan die Kaap, is weereens bepaal dat die ou instellinge sou bly voortbestaan, soos ons in artikel 8

43) Venter: Landdros en Heemrade, p. 77 ff.

44) Eybers: Constitutional Documents, p. 6.

Die veranderings wat wel gemaak is, was hoofsaaklik administratiewe veranderings.

45) Theal: C.C., III, Hobart aan Dundas, 1.5.1801, p. 480.

46) Theal: C.C., IV, Dundas aan Hobart, 12.12.1801, p. 116.

van die "artikulen van Capitulatie," sien. Graaf Caledon
 sou hierdie stipulasie nakom al moes die regstelsel kwaai deur-
 loop onder die kritiek van mense soos die kapelaan van die
 Britse magte, dr. Holloran - hy het geblyk 'n persoon van
 twyfelagtige karakter te wees. ⁴⁸⁾ Onder Cradock sou die ang-
 lisasie-beleid sterk begin ontwikkel, en die idee het nou posge-
 vat dat die beste manier om die kolonie te regeer sou wees deur
 die invoering van die Engelse regstelsel. ⁴⁹⁾

Die instelling van Rondgaande Howe, met 'n groot mate van
 die Engelse prosedure-reg daarby, het die drang tot verengel-
 sing van die regstelsel verder versterk, terwyl die wat kennis
 van Engels besit het, voorkeur sou kry in offisiële aanstel-
 lings. ⁵⁰⁾ Met die finale oorgawe van die Kaap aan Brittanje
 raak die anglisasie beleid sterker en so sien ons hoe die Engel-
 se strafregprosedure in 1819 vir die eerste keer 'n sterk in-
 breuk op die ou gevestigde Hollandse stelsel maak, want waar
 moontlik is die beginsels van die ou Hollandse stelsel in lyn
 met die Britse strafregprosedure gebring. ⁵¹⁾ Die koms van die
 Britse setlaars was water op die me^w van die anglisasie-beleid.

-
- 47) De Burgers en Ingezetenen zullen alle hunnen Regten en Voor-
 " regten, welke zij tot hiertoe hebben genoten, blyven be-
 houden: de Godsdienst, zoo alle dezelve thans in gebruik
 is, zal insgelyks zonder verandering gemaintineerd worden".
 V.Z. Proclamatien 1806-1825, p. 2.
- 48) Theal: C.C., VIII, Holloran aan Liverpool, 8.5.1811, p.58 ff.
 Vide Ibid, VIII, Caledon aan Liverpool, 11.10.1811, p.167 ff
- 49) Hierdie idee van my word gesterk deur die bronne van Dr. E.
 Stockenstrom, Vide:
 Cradock aan Liverpool, 31 Des. 1811: C.O. 48/13.
 Cradock aan Bathurst, 2 Okt. 1813: C.O. 48/17.
 Fisher aan Bathurst, 13 Sept. 1816: C.O. 48/32.
- 50) V.Z. Proclamatien 1806-1825: Goewerments advertensie,
 19 Feb. 1813, p. 233.
- 51) We---establish the following mode of Proceeding in Criminal
 " Cases, containing the spirit of the existing laws, Pro-
 clamations, and Ordinances under such modifications as
 may tend to combine the benevolent principles of the pre-
 sent Government, with the mode of Proceeding in the Pro-
 secution for Crimes and Misdemeanors heretofore in use
 in this colony, in as far as the nature of the case will
 admit": Theal: C.C., XXV, p. 90.
 Derglike toestand kry ons met die aanstelling van die
 Permanent sittende Kommissaris, waar bepaal word dat die
 prosedure so na as moontlik aan die Engelse gebruik ge-
 bring moes word -
 Vide Theal: XXVI, p. 407.
 Vide Botha: J.A. Truter, p. 18.

Terwyl Somerset in England was, en Donkin aan die Kaap waar-
 geneem het, besluit hy en Graaf Bathurst dat dit tot voordeel
 van die Kolonie sou strek indien alle offisiële stukke en pro-
 sedure van die hof en regering in Engels sou wees, en daarom
 beveel hy Somerset in 'n missive van die 23ste Februarie 1822
 om tot 'n dergelyke stap oor te gaan.⁵²⁾ Hieraan gee die Goewer-
 neur dan ook gehoor en proklameer dat vanaf 1 Januarie 1823
 alle dokumente deur die goewermentsekretaris in Engels sou
 wees; dat vanaf die 1ste Januarie 1825 alle offisiële stukke uit-
 gereik deur ander publieke kantore in Engels sou wees, (behalwe
 verslae van die Raad van Justisie) en dat vanaf 1 Januarie 1827⁵³⁾
 alle verrigtings in die geregshowe alleen in Engels sou geskied.
 Hierdie proklamasie het 'n moeilike toestand geskep en die
 Raad van Justisie genoodsaak om spesiale oorweging hieraan te
 gee. Hul het gevoel dat die gebruik van Engels in siviele sake
 waar Hollands oor sy eie regsterme of "dingtaal" beskik het,
 hul taak baie sou bemoeilik, en hulle kan nie die proklamasie
 toepas "without endangering that dignity and confidence un-
 separable from a due administration of Justice."⁵⁴⁾ Dit was nie
 net die Raad van Justisie wat geval het dat met die teenswoordige
 samestelling van die hof dit onmoontlik is om alleenlik Engels
 te gebruik nie, maar ook die Landdros en Heemraad-howe, met die
 gevolg dat in 'n ordonnansie van die 13de Desember 1826 Bourke

-
- 52) Theal: C.C., XLV, Bathurst aan Somerset, 23.2.1822, p. 299 ff.
 Vide Theal: C.C., XLV, Ellis aan Goulburn, Enclosure I, p. 183
- 53) Theal: C.C., XLV, Proklamasie, 5.7.1822, p. 452.
 Vide Theal: C.C., XLV, Somerset aan Bathurst, 15.7.1822,
 p. 460.
 In Albanie is alle regsverrigtings sedert Maart 1824
 reeds in Engels gehou - Theal, C.C., XVll, p. 24.
 Theal, C.C., XVll, p. 44 ff.
 Theal, C.C., XVll, p. 482.
 Ook dieselfde gebruik in die hof te Simonstad vir kleinere
 oortredings en siviele sake: Theal, C.C., XLX, p. 262.
- 54) Theal: C.C., XXVlll, 30.11.1826, p. 446.
 Verder wys Truter daarop dat hul hul beste doen vir die
 Britse onderdane "and in one word by doing everything in
 our power in the administration of justice with respect
 to British subjects ignorant of the language of the Colo-
 ny that the difference of the language may not be of the
 least prejudice to any one".
 Ibid, p. 447.

toegestem het tot die tydelike herroeping van die 1822 pro-
55)
klamasie.

Die 1822 Verengelsing-proklamasie het een logiese gevolg gehad en die Kommissaris van Onderzoek beskryf die toestand in hul regsrapport van die 6de September 1826 d.w.s. net voor die uitstel ordonnansie van Bourke, besonder raak waar hul se dat

the great basis of improvement having been already
"laid by the encouragement that Your Lordship has
afforded to the acquirement of the English Language,
the next and --- the most natural step for them to
take is the adoption of the English Laws." 56)

Dit blyk ook uit 'n parlementêre debat van die 7de Desember 1826 dat die Kommissie van Onderzoek hoofsaaklik ingestel is om die bestaande Hollandse wette te verander. 57) Die algemene verwagting was dus dat die Engelse regswese aan die Kaap toegepas gaan word, en so stel Lord Charles Somerset op die 6de September 1822 aan graaf Bathurst voor of die datum wat deur sy 1822 Verengelsing-proklamasie vasgestel is vir die algemene aanname van Engels in alle regsprosedure - 1 Januarie 1827 - nie geskik is vir die uitvaardiging van 'n Regsoktrooi op dieselfde basis as die van Ceylon nie. 58)

Afgesien van die regsgebied vind ons dat daar op verskillende tereine gedurende hierdie jare 'n anglisasie-beleid aan die Kaap toegepas is bv. op onderwysgebied; betreffende geestelike sake sowel as wat die geldvraagstuk aangeaan het. 59)

-
- 55) Eybers: Constitutional Documents, p. 107.
Theal: C.C., XXVIII Bourke aan Bathurst 16.12.1826, p. 445
Ibid XXVIII, Hay aan Bourke, 20.12.1826, p. 479.
Ibid XXVIII, Ordonnansie 27, 13.12.1826, p. 427.
- 56) Theal C.C., XXVIII, p. 13.
- 57) "That Dutch laws and Dutch customs prevailed there. To bring about a change in this respect and to anglicize the colony, was, of course a most desirable object; and it was to this that the Commission owed its origin" -
Theal: C.C., XXVIII, p. 405.
Vide Theal: C.C., XXI, Horton aan Burnett 11.5.1825, p. 236.
Vide Theal: C.C., XIV, Bathurst aan Somerset, 20.5.1822, p. 371
- 58) Theal: C.C., XV, Somerset aan Bathurst, 6.9.1822, p. 27.
Vide Bird: State of Cape of Good Hope, p. 14.
Vide Theal: C.C., XXXIII, p. 88.
Vide Ibid : XIV, p. 20.
- 59) Theal: C.C., XXI, Ordonnansie vir die instelling van die Britse geldstelsel. p. 94.
Ibid C.C., XIII, Goulburn aan Somerset 10.4.1821, p. 457 (onder
Vide Ibid, XIX, Truter aan Somerset 31.1.1825, p. 500 (wys-
(sake

Die Sentralisasie en Angliskasie beleid was dus nou verwant aan mekaar, en beide die twee begrippe sou in die 1827 Regs-
60)
oktrooi vervat word.

60) Vide, Deel III van die tesis vir 'n kritiese beskouing van die Sentralisasie- en Angliskasie-beleid.

HOOFSTUK 111.KRITIESE BESKOUIING VAN DIE REGSTELSEL
AAN DIE KAAP. 61.

Die jare tussen 1823 en 1827 was bepaald jare van woelinge aan die Kaap. Die setlaars het reeds hul moeilikhede te bowe gekom en het begin poog om die vryhede waaraan hul in Engeland gewoond was ook hier te verkry. Aan die anderkant het die filantropiese beweging ook van krag tot krag gegaan, en soos ons in die vorige hoofstuk gesien het, het die anglisasie- en sentralisasie-beleid van die Britse regering in krag toegeneem. Geen wonder dat die regstelsel die skyf van baie kretiek was nie.⁶²⁾ Dit sal ons dus loon om die regstelsel te beskou om te sien of die kritiek enige gewig dra al dan nie.

61) As agtergrond vir hierdie Hoofstuk word die "Ou Bedeling", Deel I, gebruik.
62) Theal: C.C., XXIII, Plasket aan Horton, 28.9.1825, p. 176.

A. WETTE IN GEBRUIK.

Ons het gesien dat die wette wat aan die Kaap gehoorsaam is, die plaaslike wetgewings; Bataafse statiete; die gewoontereg van die Moederland; en in besonder die wette van die provinsie Holland; en in die laaste plek die Romeinse reg, was. Simon van der Stel was die eerste om plaaslike wetgewings, saam te stel en vanaf 1692 tot 1784 is gereelde toevoegings hiertoe gemaak, wat as geheel bekend was as die "Generaal Plakkaat"⁶³⁾. Hierdie "Generaal Plakkaat" was baie lywig sodat dit in plaaslike kringe, sowel as deur die Here XVII, gevoel is dat 'n kleiner versameling broodnodig was.

Die toestand het met die Bataafse tydperk 'n stadium bereik, waar 'n plan gemaak moes word. Die Burger-petisie van 1779 dui daarop dat die toestand bepaald nie gesond was nie aangesien hulle daarop aandring dat die wette beter omskrywe moes word. Onder die Bataafse bewind kon toestande nie veel beter gewees het nie, want de Mist kla dat daar "geen wetboek voor de Colonie" is nie.⁶⁴⁾ Geen wonder dat Jansens onmiddellik gevoel het dat 'n kodifikasie van die bestaande wette gemaak moes word nie, en die idee van hom is heelhartig deur de Mist gesteun.⁶⁵⁾ Dit is besonder jammer dat die taak nooit voltooi is nie want dit is te verstane dat 'n vreemde moontheid nie die ou regstelsel sou troetel soos die stamland dit sou gedoen het nie.

In 1819 is 'n Komitee aangestel om alle proklamasies, instruksies en wetgewings in 'n verkorte vorm saam te stel, maar

63) Wypkema: Invloed van Nederland en Nederlands-Indië, p. 56.

64) de Mist: Memorie over de Caap. p. 89.

Vide. Stock: New Statutes of India. p. 9.

65) Wypkema: Invloed van Nederland en Nederlands-Indië, p. 119. So 'n taak sou baie moeilik wees, a.g.v. die baie bestaande materiaal, en daar baie van die plakate mekaar weer-spreek het: Wypkema, p. 120.

ten tye van die Kommissie van Onderzoek se besoek aan die Kaap het hul nog nie verslag gedoen nie. ⁶⁶⁾ In 1825 kom 'n groot verandering toe Graaf Bathurst Somerset beveel om al die wette, ordonnansies en proklamasies te versamel, en aan te toon watter nog in gebruik is. ⁶⁷⁾ Daar moes nou eenvormigheid van promulgasie kom en 'n spesifieke prosedure gevolg word met die optrek van ordonnansies. Die kompilasie saam met die 1819 Regspleging, en Jansen se 1805 instruksies aan die buitestede, is dan ook in 1826 gedruk en deur die Kolonie versprei. ⁶⁸⁾ Toestande het dus geleidelik aan die Kaap verbeter, maar dit is bepaald jammer dat die vertalings van Engelse proklamasies in Hollands mank gegaan het aan gebrûke terwyl self die Engelse Kopie in die begin ook onakuraat was. ⁶⁹⁾ Ons het reeds aangetoon dat die toestande in soverre dit die Bataafse Statute aangaan bepaald ongesond was. Die Statute wat hier erken is, het hoofsaaklik i.v.m. slawerny gestaan. ⁷⁰⁾ Aan die kant van die Britse regering is ook pogings aangewend om kopie van die Bataafse-Statute uit Holland te verkry maar sonder enige sukses. ⁷¹⁾

Dit is interessant om na te gaan wat die gevoel van die koloniste teenoor die Hollandse wette was. Uit die aard van die saak was die Hollands-sprekendes geneë met die wette, selfs ook die Setlaars was nie juis teen die wette as sulks gekant nie, ⁷²⁾ maar meer teen die toepassing daarvan.

-
- 66) Theal: C.C., XXXIII Kommissie van Onderzoek, p. 3.
Kopie van die proklamasies sedert die eerste Britse besitting is wel in besit van die regering.
- 67) Theal: C.C., XX, Bathurst aan Somerset, 9.2.1825, pp.12-15.
- 68) Ibid: XXXIII, p. 4.
- 69) Ibid: XXXIII, p. 4.- die toestande het later verbeter.
- 70) Ibid: XXXIII, Getuienis van Truter aan K.v.O., p. 267.
- 71) Stock: New Statutes of India, p. 2.
- 72) Theal: C.C., XXIII, p. 160.
Ibid: XXI, Getuienis gelewer deur die Britse Setlaars, p. 371.
Vide Ibid: XXXIV, Brown aan Huskisson, 15.12.1827, p.237.

B. HOER HOWE.I. APPÉLHOF:

As daar een man aan die Kaap was wat baie kritiek uitgelok het dan was dit Lord Charles Somerset. Om die waarheid te sê hy was deur baie, dikwels ten onregte, vir alle ongunstige gebeure verantwoordelik gehou.⁷³⁾ Die goewerneys het appéljurisdiksie volgens hul instruksiebriewe gekry, en volgens die samestelling van die appélhof sou die Goewerneur en luitenant-Goewerneur oor alle siviele sake sit. Die pos van luitenant-Goewerneur is egter in 1816 afgeskaf.⁷⁴⁾ Die gevolg was dat daar nou 'n een-man reg-bank bestaan het.

Dit is ongelukkig dat Donkin in die kort tydjie wat hy hier was hom met die regspraak ingemeng het en wel in die saak Fiscus vs Huntley van 1820.⁷⁵⁾ Dit was 'n lastersaak spruitende uit 'n memorie van Huntley waarin hy landdros Cuyler sou beswadder het.

In 'n brief aan regters Neethling en Buissine het Donkin voorgestel dat getuies, wat nie in die memorie genoem is nie, nie gehoor moes word nie. Die inmenging het Donkin 'n kwaai skrobering van Graaf Bathurst gekos, terwyl ook die Kommissie van Onderzoek dit veroordeel het.⁷⁶⁾

- 73) A. Hansard Parlementere Debatte, 16.6.1825. Vide Theal XXII, p. 4 ff.
 B. Ibid. 7.12.1826: Ibid XXVIII, p. 407.
 C. Vide. S.A. Commercial Advertiser, Deel 11, No. 20, 17.5.1826: "Our present distress is attributed, by every unbiassed and reflecting man in this colony, first, to an originally bad, arbitrary, and expensive system of Government, rotten from its very foundation; secondly to the last 10 years' administration of that system by lord Charles Somerset; and thirdly, to the frequent partial or total failures of our crops for some years back, and the decline of the demand for our wines.
 Vide Theal: C.C., XXIX, p. 3.
- 74) Ibid: XI Bathurst aan Somerset 26.3.1816, p. 96.
 75) Theal: C.C., XXIII, Fiscus v.s. Huntley, 25.9.20, p. 389 ff.
 76) Ibid: XXV, K.v.O. aan Bathurst, 5.1.1826, p. 252.
 Ibid: XXVIII, Hay aan Donkin, 9.12.1826, p. 415.
 Vide Ibid: XXIII, Memorie van Huntley aan Bathurst, p. 364 ff.
 Vide Ibid: XXXIII, Donkin aan Hay, 28.11.1826, p. 349.
 Vide Ibid: XXX, Bourke aan Bathurst, 29.1.1827, p. 186.
 Vide Ibid: XXIII, Ellis aan Huntley, 3.3.1820, p. 387.

Die ou de Mist instelling van verdeling tussen die regterlike en uitvoerende gesag het dus in duie gestort, terwyl sake verder vererger is deurdat die Goewerneurs gewoonlik militêre offisiere was met min of geen kennis van die regsweese nie. Die gevolg was dat "public opinion is not in favour of the Courts of Appeal modelled as they now are." 77)

Die presedure in appêlsake was ook nie van die aard dat dit respek sou afdwing nie, want appêlsake is tot in 1820 deur die Goewerneur en sy registrateur in sy privaatkamer beslis, waarna die registrateur die partye skriftelik van die beslissing in kennis gestel het. 78) Sir Rufane Donkin het besef dat dit 'n ongewenste toestand van sake is om die regsake privaat uit te wys en het sodoende besluit om sy beslissing self in die oop hof bekend te maak. 79) Toestande is vir die appêlhof bemoeilik deurdat die howe waarvan geappelleer is, nie altyd die sake beoorlik verduidelik of toegelig het nie sodat die Goewerneur dikwels onderhoude met die hoofregter moes reël om die sake in die regte lig te sien.

Van die hoogste appêlhof in die kolonie kan appêl na die Geheime Raad aangeteken word, maar dit sou beteken dat die groot afstande die saak vir 'n lang ruk sou vertraag terwyl dit ook

77) Bird: State of the Cape of Good Hope in 1822, p. 14 ff.

78) Theal: C.C., XVI, Donkin aan Wilmot Horton, 23.1.1823, p.83.
Cory: Rise of S.A., Deel 11, p. 119.

79) Theal: CC., XVI, Donkin aan Horton, 23.1.1823, p. 83:

I adopted the practice of pronouncing my decrees myself "in open court from notes written with my own hand on the backs of the several cases all of which I carefully perused, and this practice gave the greatest satisfaction to the colony.

Reeds in 1821 voel Graaf Bathurst dat die hof hul redes moet bekend maak aan die publiek, en Donkin stel dan ook die voorbeeld in Short en Berry vs. Smith en Johnson.

Theal: C.C., XIV, Donkin aan Bathurst, 25.11.1821, p.166 ff.

Ibid: XIV, Bathurst aan Donkin, 30.5.1821, p. 38 ff.

Vide Ibid: XV, Somerset aan Bathurst, 10.11.1822, p.139 ff.

groot onkoste sou meebring. Dit is dus geen wonder dat in 19 jaar se tyd slegs 72 keer geappelleer is na die Geheime Raad nie.⁸⁰⁾ Die hof van appél het soms ook opgetree in gebiede wat heeltemal buite sy bestek geval het. So het dit in die Durr regspraak gebeur dat die appélhof die rol van 'n arbitrasiehof probeer speel het, terwyl hulle geen sodanige jurisdiksie besit het nie, - die appélhof het die fout later gekorregeer.⁸¹⁾ In siviele sake vind ons ook dat Somerset hom dikwels tot die Engelse regsbronne gerig het, met die gevolg dat die beginsels waarop die beslissings in die laerhof gebaseer is, dikwels omver gewerp is.⁸²⁾ Selfs Somerset het besef dat die toestand ongesond is veral weens die gebrek aan regterlike advies, derhalwe het hy vanaf 1826 die heer Kekewich, - regter van die vise-admiraliteits-hof, as assessor in siviele sake aangestel.⁸³⁾

11. RAAD VAN JUSTISIE.

Die Junie 1822 Proklamasie wat vir die gebruik van Engels in regsake voorsiening gemaak het, het onmiddellik volgens Graaf Bathurst die samestelling van die Raad van Justisie in gedrang gebring.⁸⁴⁾ Die gevolg is dat Somerset sowel as Graaf Bathurst en ook die onder-goewerment-sekretaris, konsep-konstitusies opgetrek het vir 'n nuwe geregshof. Die Raad van Justisie moes sodoende ook van vele kante sterk kritiek verduur. Soms was die kritiek ten goede en van opbouende waarde maar te dikwels soos dit maar in sulke tye van omwentelinge gaan, was die aantygings oordrewe. 'n Aantying vanuit die mond van 'n staatsamptenaar soos Ellis, die onder-staats-sekretaris, wat lui:

80) Theal: C.C., XXVIII, Kommissie van Onderzoek, p. 3.
 81) Ibid : XXXI, Kommissie van Onderzoek, re Durr-saak, p. 248.
 82) Theal: C.C., XXVIII, Kommissie van Onderzoek, p. 3.
 83) C.O., 48/85. Somerset aan Bathurst, 24.8.1826, S.V.
 84) Theal: C.C., XLV, Bathurst aan Somerset, 20.3.1822, p. 37.

the only motive with the local government for "the selection of these individuals has been, that they are more independant in fortune than most of the colonists, and therefore they were thought less liable to the imputation of corrupt motives for any alleged errors in their decisions. That a court so composed must be quite incompetent to try cases requiring a knowledge of English law, and indeed of English language, must be at least highly probable, and without meaning to reflect upon the members individually, the probability is unfortunately borne out by the fact, and is frequently matter of complaint,"

85)

is dus ernstig en werd om ondersoek te word.

Die Raad van Justisie het aan een Groot gebrek mank gegaan en dit was dat die lede nie 'quamdiu se bene gesserint' aangestel is nie, maar dat sewe van hul deur die Goewerneur aangestel is, terwyl die hoofregter verantwoordelik was aan sy Majesteit. Die gevolg van hierdie onwyse instelling, veral in 'n tyd toe die aantygings teen Somerset kwaai geraak het, was om die invloed van die hoofregter geweldig te versterk, sodat partye onder die indruk gekom het dat hul alleen sukses in 'n regsak kan he indien die hoofregter hul goedgesind was. Die afwyking van die Bataafse instelling, waar die regters weens hul regterlike bekwaamheid asook onafhanklikheid van die uitvoerende mag aangestel is, was dus alles behalwe ten goede. Dit is dus verder besonder jammer dat al die regters nie uit die regsprofessie aangestel is nie, en dat van die lede slegs 5 regsopleiding te Holland geniet het.

86)

In 'n Kolonie, waar die Europese liberalistiese idees sy invloed begin uitoefen het en met 'n sterk gedeelte van die bevolking bekend met sekere regte en vryhede en ook gewoond aan die juriestelsel, sou die Raad van Justisie se gebruik om nie die redes of dryfvere wat die hof tot sy beslissing gebring het

85) Theal: C.C., XV, P.31: (nota, Ellis het blykbaar vergeet dat in 1822 die Engelse regstelsel nog nie hier mag toegelas word nie, terwyl sy aantyging i.v.m. die gebruik van Engels oordrewe is:
Vide, Theal: C.C., XXVIII, p. 447.

86) Theal: C.C., XXVIII, Kommissie van Onderzoek, p. 3 ff.

in sy uitspraak aan te stip nie, algou onrus verwek. Die ⁸⁷⁾ Setlaars het die afwesigheid van 'n jurie sterk gevoel maar die vereiste dat 'n quorum van die volle hof ten minste moes bestaan uit 5 lede plus die hoof-regter, het die gebrek baie ⁸⁸⁾ aangevul. Die siviele sake wat voor die Raad van Justisie gekom het, was nie van 'n besonder moeilike aard nie, en die wat die meeste moeilikheid verskaf het, het in verband met handelssake ⁸⁹⁾ gestaan. Die hof het in die gevalle gewoonlik teruggegaan na die provinsies van die moederland wat die meeste met handels-sake te doen gehad het. Die aantal siviele sake wat voor die Raad van Justisie gekom het, het nie juis 'n vermeerdering ⁹⁰⁾ aangetoon vanaf 1815 tot 1825 nie.

Ons het vroeër reeds aangetoon dat kwaai kritiek op die Raad van Justisie gelewer is, en in besonder ook op die personeel, terwyl self nog baie kwaai kritiek later deur mense soos ⁹¹⁾ Edwards, Burnett en Carvall gelewer sou word. Dit noodsaak ons om in kort op die personeel van die Raad van Justisie in te gaan.

Sedert die jaar 1812 was John Truter die hoofregter, 'n ⁹²⁾ man wat in 1820 tot ridder geslaan is vir sy dienste.

- 87) Theal: C.C., XXVlll, Kommissie van Onderzoek, p. 4.
 88) Bird: State of the Cape of Good Hope, p. 13.
 Theal: C.C., XV, Somerset to Bathurst, 6.9.1822, p. 26.
 89) Theal: C.C., XXVlll, Kommissie van Onderzoek, p. 5.
 Ibid: XXVlll, P. 12.
 Die siviele kode in gebruik aan die Kaap het bestaan uit die Romeinse reg toegelig deur die uitleggings en verklarings van die Hollandse juriste, veral Voet, de Groot en later van Leeuwen en van der Linden. Die resolusies van die verskeie Hollandse State, d.w.s. plakate, is deur van der Linden in 1796 gepubliseer en bestaan veral uit imperiale wetgewings en erken gewoontereg, veral van die Provinsie van Holland. Die Bataafse Statute het ook regs-geldigheid aan die Kaap gehad en veral die wat i.v.m. polisie-, slawe-, en binnelandse aangeleenthede gestaan het: Vide: Theal: C.C., XXVlll, p. 12 ff.
 90) Theal: C.C., XXVlll, Kommissie van Onderzoek, p. 9.
 Die getal sake wat verhoor is tussen 1810-1825 het op 6,985 te staan gekom -
 Vide Theal: C.C., XXVlll, Kommissie van Onderzoek, p. 9:
 91) Sien latere regsake: - Deel II, Hoofstuk V.
 92) Theal: C.C., Xlll, Goulburn aan Somerset, 25.7.1820, p.202.

Van die hoofregter se Sir John Cradock:

A most zealous, upright, enlightened magistrate
"and everything worth of unlimited confidence"

en weer

who upon all occasions manifests the most lively zeal
"for the pure and impartial administration of justice,
who would do honour to the character of an English
judge." 93)

Sy amp het hom outomaties sedert 1825 lid van die Raad van Advies sowel as lid van die Weeskamer gemaak. ⁹⁴⁾

Met die opening van die geregshofgeboue in 1815, stel hy sy ideaal betreffende die regsweese en wys ook op die gevaar van 'n te noue verbinding tussen die uitvoerende en regterlike mag daar dit die regter kan hinder in die uitvoering van sy pligte a.g.v. vrees vir afsetting. As vurige ondersteuner van die Britse regstelsel verklaar hy ook dat

by the English Constitution, however, the judicial power
"is free and unimpeded to do what is just. The laws secure to the judge his unviolable integrity and to the interested parties, the undisturbed enjoyment of their acquired rights." 95)

Of dit vir hierdie rede is weet ek nie, maar Truter was nie gewild onder sy eie landgenote nie. ⁹⁶⁾ Teen die jaar 1825 het Truter al gevoel dat dit tyd is dat hy die teuels moes neerle

- 93) Botha: Sir John Truter, P. 16.
Truter gebore in Kaapstad op die 1de Oktober 1763, het in 1787 sy doktersgraad in die regte te Leyden ontvang. Nadat hy die aanbod om tot die balie in Holland toe te tree van die hand gewys het het hy aan die Kaap eers diens as boekhouer en 2de assistent vir die fiskaal gedoen. In 1793 volg hy W.S. van Ryneveld as Registrateur van die Raad van Justisie op en bly dit tot 1803. Van 1806 tot 1809 praktiseer hy en in 1809 volg hy weereens vir W.S. van Ryneveld op maar die keer as fiskaal, en in 1812 word hy die eerste hoofregter: - Botha: J. Truter, p. 1, ff.
- 94) Hierdie kombinasie van funksies was nie ten goede nie. Met die Durr-regsaak in die aanvang van die twintiger jare weier die weeskamer om 'n opdrag van die appelhof uit te voer daar hul die opinie van hul president, Truter, gehuldig het:
Theal: C.C., XXXI, p. 243.
- 95) Botha: J. Truter, p. 14 ff.
- 96) C.O. 48/71 Plasket aan Horton, 28.9.1825, S.V.

maar op versoek van Somerset, wat 'n hoë dunk van Truter gehad het, sou hy nog aanbly tot die algemeen verwagte regsverandering.⁹⁷⁾

Behalwe Sir John het ook Mnr. Hiddingh, Neethling en Berrange doktorsgrade in die regte gehad. Van die wat oorgebly het, het Mnr. Truter en Bentinck universitêre opleiding in die buiteland gehad terwyl ook Mnr. Buissine gepraktiseer het aan die plaaslike hof.⁹⁸⁾ Die meeste lede het dus 'n grondige kennis van die ou Hollandse regstelsel gehad. Ongelukkig is die lede besonder laag besoldig, 'n toestand wat in al die goewermentsdepartemente geheers het.⁹⁹⁾ Dit is besonder jammer want dit is nou eenvoudig 'n reël van die samelewing dat lae salarisse dikwels die persone met die beste kennis uitskakel, te meer so a.g.v. die baie bykomende judisiële funksies wat die lede van

97) Theal: C.C., XXIII, Somerset aan Truter, 8.9.1825, p. 50 ff.

Ibid: XXIII, Somerset aan Bathurst, 16.10.1825, p.303 ff.

98) Lede in 1822; vide Theal: C.C. XV p.30 en Theal: C.C.,XXVII, p. 335 ff.

- | | |
|--|-------------|
| 1.Sir J. Truter LL.D, hoofregter, 33 jaar diens. | } te Leyden |
| 2.Mnr. Hiddingh,LLD, 19 " " | |
| 3.Mnr. Neethling, LL.D, 30 " " | |
| 4.Mnr. Berrange, LL.D, Sekretaris 19 " " | |
| 5.Mnr. Matthiesen, 40 jaar in staatsdiens, 30 jaar diens op R.v.J. | |

6.Mnr. Fleck, opleiding in R.v.J. gekry, 18 jaar diens.

7.Mnr. Bresler, gewese Landdros, 27 jaar diens.

8.Mnr. Buissine, regsondervinding in die Kolonie, praktiseer in hof, onder-fiskaal. Landdros te Swellendam vir 9 jaar, 26 jaar in staatsdiens.

9.Mnr.Bentinck: Universitêre opleiding, 14 jaar diens.

10.Mnr. Truter: Universitêre graad, 19 jaar diens.

Ook fiskaal D. Denyssen het 'n doktorsgraad in die regte:-
Vide Theal: XXXIII, p. 232.

In 1823 is Mnr. Borchers in plek van Matthiesen wat afgetree het, aangestel. Hy was ook die Permanente Kommissaris en het 'n goeie kennis van Engels gehad:-

Theal: C.C., XXVII, p. 340.

Met Buissine se uittrede in 1823 is Rogerson in sy plek aangestel.

99) Theal: C.C., XV, p. 29 ff.

Ibid: XI, p. 159.

Ibid: XLV, p. 372.

Ibid: XXVII, Rapport van Kommissie van Ondersoek re bestaings, p. 502.

In Somerset se 1822 konsepplan vir 'n nuwe regstelsel is die verskil in salaris van die hoofregter soos dit was, d.w.s. 9000 Rds. tot 'n voorgestelde bedrag van 26,000Rds. verhoog:

Theal: XV, p. 29 ff.

die Raad van Justisie moes verrig.

In so verre dit die Engelse gedeelte van die bevolking aangaan, het die hof alles in sy vermoë gedoen om hul tevrede te stel

by causing all summonses to be served on them in "English, allowing them to make all their statements in court in English, not requiring a Dutch translation of any documents originally in English which it may be necessary to file in court, taking the evidence of English witnesses in criminal cases in English, and in many instances recording it in the same language." 101)

Dat daar gevalle voorgekom het, waar die Engelse gemeenskap miskien deur die bestaande Hollandse stelsel benadeel is, kan ons uit 'n menslike oogpunt verstaan, maar dat baie van die aantygings oor ongelyke behandeling in die hof oordrewe is, is net so waar. Aan die anderkant sal die vlieg maar altyd in die apteker se self aangetref word, en dit was in die persoon van Mnr. P.S. Buissine, wat behalwe lid van die Raad van Justisie, vanaf 1820 ook as ontvanger van inkomste opgetree het. Buissine is naamlik skuldig bevind aan verduistering en is deur die Volle Raad op die 20ste November 1823 vir sewe jaar uit die Kolonie verban. Hierdie voorval is bepaald jammer daar dit die aansien van die Raad van Justisie bepaald moes verminder het.

-
- 100) Addisionele funksies was: om vergelyk tussen partye te tref alvorens 'n regsgeeding aanhangig gemaak is; lykskousfunksies; die weeklikse registrasie van eiendom; verbande ens; 2 lede doen diens op die Rondgaande howe; die handtekening van 'n lid is nodig vir die uitgee van papiergeld en 2 lede moet teenwoordig wees met die uitwissing en die stempel van papiergeld; moet ook teregstellings bywoon: Theal: C.C., XV, p. 28.
- 101) Theal: C.C., XXVlll, p. 447.
Bird: State of Cape of Good Hope, p. 163 ff.
- 102) Theal: XVI, Somerset aan Bathurst, 24.11.1823, p. 446.
Toe Somerset die Kolonie verlaat het is die straf nog nie uitgevoer nie daar Buissine ernstig siek geword het en hospitaal toe moes gaan waarna hy na die Caledon-bad gegaan het. In die saak sien ons weer twee interessante dinge, nl.
- (a) die fiskaal se kriminele aanklag het bestaan uit
- 1) 'n aanklag van verduistering en
 - 2) 'n aanklag van laster op Somerset a.g.v. 'n brief wat Buissine sou geskryf het. Die laaste gedeelte van die aanklag is op versoek van die goewerneur teruggetrek. Dus weer 'n kwessie van inmenging: sien Theal XXVll, p. 391.
- (b) Die Fiskaal het in gebreke gebly om van die beslissing van die twee Kommissarisse, wie Buissine vir 3 jaar verban het, te appelleer en Buissine moes self appelleer: Theal XVI, p. 446.
Vir saak - Vide Theal: C.C., XXVlll, p. 383 ff.

Ons sien dus dat daar wel kwesplekke in die Raad van Justisie was, nl. in die samestelling van die Raad en in die aanstelling van raadslede. Aan die anderkant het hul hul beste onder moeilike omstandighede gedoen, veral na 1823, toe almal al verwag het dat 'n verandering in die Raad aangebring gaan word.

Ons kry dus 'n toestand waar die Regerings-sekretaris en die Onder-sekretaris, nl. Plasket en Ellis, 'n lae dunk van die Raad van Justisie het, en aan die anderkant kry ons lord Charles wat sê,

I must observe that I have had every reason to be "satisfied with their decrees; the better proof however is, the few that have been reversed in appeal and that in the several cases which have been from time to time referred for the opinion of the Attorney and Solicitor General, the opinion of those officers have invariably coincided with the decrees of this court." 103)

'n Redelike raak beskrywing van die Raad van Justisie word deur W. Bird in sy "State of Cape of Good Hope in 1822" gegee. Hy se eers i.v.m. appelsake dat "they appear most frequently to have been confirmed", en sê dan

In reviewing the constitution of the Court of "Justice at the Cape of Good Hope, there does not appear to arise any reasonable cause of complaint, nor is there anything of a nature to prevent the effects of a free and impartial trial, provided the members are men of good sense, of competent learning and of fair discretion; and provided the members of the Court are made independent in their salaries, and appointed 'quamdiu se bene gesserint', at present they hold office at pleasure and some of them hold a second civil situation. To suppose that individuals so circumstanced can give a free judgement, where government is concerned is to be ignorant of the nature of man." 104)

Ons kom tot die gevolgtrekking dat dit bepaald 'n jammerte is dat die Mist se reëlins betreffende die onafhanklikheid van die regsweese nie nagekom is nie.

103) Theal: C.C., XV, Somerset aan Bathurst, 6.9.1822, p. 27.
104) Bird: State of the Cape of Good Hope in 1822, p. 12 ff.

C. LAER HOWE.LANDDROS EN HEEMRADE:

Die 'Verenigde Oostindische Compagne' se finansiële beleid en die algemene uitbreidingsproses van die Kolonie het veroorsaak dat 'n stelsel van sentralisasie nie kondekwent deurgevoer kon word nie. Die Landdros en Heemrade het sodoende aansienlike administratiewe en regtelike funksies gekry. Solank die boere die uitstellinge waaraan hul gewoon was kon behou, was hul tevrede. Nie dat die grensboere wetteloos was nie, maar hul was sterk individualisties gesind en wou hulle soms nie aan gesag onderwerp nie. Dit was egter 'n toestand wat nie kon voortduur in 'n gesentraliseerde staat nie. Die ou stelsel het geleidelik in die rigting van 'n botsing met die sentrale regering beweeg. Geen wonder dat die Kommissie van Onderzoek die groot magte van die plaaslike stelsels, ten koste van die regering, as die ver-
105) naamste tekortkoming van die ou stelsel beskou het nie.

Een van die grootste gebreke in die stelsel van Landdros en Heemrade was dat hul tot 1817 nie kriminele jurisdiksie gehad het nie. Selfs met die instelling van die Rondgaande Howe is die toestand slegs gedeeltelik verlig want die Rondgaande Howe sou slegs 2 rondes in die jaar doen. Op aanbeveling van die Rondgaande hof self, ōs dan ook in 1817 'n geringe mate van kriminele jurisdiksie aan die Landdros en Heemrade gegee. Reeds voor 1817 het die Landdros en Heemrade kennis van die Kriminele reg gedra. Baie sake wat vandag onder strafreg sou resorteer, is destyds deur die Landdros en Heemrade verhoor. Dit is verstaanbaar, want in dringende gevalle moes hul die vrede handhaaf, en daarom is gevalle van aanranding wat nie ernstig van aard
106) was nie dikwels deur die Landdros en Heemrade verhoor. Die

105) Venter: Landdros en Heemrade, p. 219.

106) Venter: Landdros en Heemrade, p. 34.

In 1806 is 'n ernstige diefstal saak in Tulbagh verhoor: Ibid, p. 35.

Landdroste self het kennis van strafreg gehad daar hul as kroonvervolgers voor die Rondgaande Hof moes optree, terwyl aan die anderkant die heemrade, behalwe in Kaapstad, ook voorlopige getuienis in kriminele sake moes afneem.¹⁰⁷⁾ Die 1819 regspleging wat meer gelykheid in die strafregprosedure gebring het, moes vir die kolleges van Landdros en Heemrade moeite opgelewer het, want dit was 'n betreklik ingewikkelde regsdocument. Gevalle het dan ook voorgekom waar sake uitgewys deur die Landros en Heemrade, nietig verklaar is omdat hul nie die regte prosedure gevolg het nie, terwyl die fiskaal soms ook omsendbriewe moes uitstuur om die regspleging toe te lig.¹⁰⁸⁾

Die verskaffing van kriminele jurisdiksie aan die Landdros en Heemrade moes 'n laaste uitweg vir die regering gewees het om die probleem van die kolonie se uitgestrektheid te oorbrug, want in die tyd het die filantropiese idees alreeds ingang in die kolonie begin vind, en dit was veral die bogenoemde howe wat met die gekleurde rasse te doen gekry het.¹⁰⁹⁾ Die plaaslike kolleges, waarvan die heemrade, verkose was uit ingesetenes van daardie gebied, was praktiese mense wat die gekleurdtes verstaan het en sy handelswyse is volgens sy ondervinding gereël. Die idees van die filantropie was vir hulle onvatbaar want dit was hul sienswyse dat die inboorling as arbeider vir die gemeenskap noodsaaklik was, terwyl die filantropie die inboorling as die potensiële gelyke van die blanke beskou het.¹¹⁰⁾ Dit is eers

- 107) Dat die Heemrade te Kaapstad nie voorlopige getuienis kon afneem nie, toon dus dat die regering skrikkerig was om kriminele regspraak aan die Landdros en Heemraad-howe toeteken - in Kaapstad het die gekommitteerdes uit die Raad van Justisie die getuienis afgeneem.
- 108) So is 'n saak in 1822 te Graaff Reinet (Stockenström se Kollege) nietig verklaar omdat dit van die resplesing afgewyk het, Dieselfde gebeur in 1822 te Albany:
 Venter: Landdros en Heemrade, p. 48.
 Vide: Theal: C.C., XXXIII, Getuienis van Denyssen, p. 246.
 Vide: Ibid: Getuienis van Denyssen, p. 237.
 Vide: Venter: Landdros en Heemrade, p. 49.
- 109) Theal: C.C., XXXIII, Opgawes van Laerhowe, p. 329 ff.
 Venter: Landdros en Heemrade, p. 47.
- 110) Muller: Die Britse Owerheid en die Groot Trek, p. 35 ff.

wanneer ons die hele uitkyk van die Hollandssprekende kolonis verstaan, gepaard met sy ondervinding van die slawe, hottentotte, boesmans en inboorlinge dat ons 'n beter begrip kry van sy op-
111)
tredes teenoor die gekleurdes.

Die hele stelsel van Landdros en Heemrade het sodoende in die middel van die strominge wat die Kaap destyds deurge- maak het, gestaan: Gebreke in die stelsel was daar wel, want die regtelike funksies was weereens gekoppel aan vele administra- tiewe funksies, maar aan die anderkant het die stelsel hom aan- gepas by die land en sy besondere omstandighede. Dat daar baie sou wees wat by die ou stelsel sou staan en val ly dus geen
112)
twyfel nie.

Die stelsel was egter tot ondergang in die kolonie gedoem weens sy gedesentraliseerde aard, die sterk kritiek van die filantropie en die feit dat die 1819 regspleging ingewikkelde regsfunksies aan hul gegee het, wat die ou volkverteenvoordi-
113)
gers nie na behore kon uitoefen nie. 'n ander besluit wat die ou stelsel hard sou tref, was die 1822 reëling wat bepaal het dat na 1827 alle regsprosedure in Engels moes wees. Buite Kaapstad en die Oostelike provinsie was die koloniste se kennis van Engels nie te goed nie, met die gevolg dat die Hollandsspre- kende koloniste gevoel het dat hul nie langer sou kon aanbly in-
114)
dien die 1822 reëling toegepas gaan word nie.

111) Macrone: Race attitudes in S.A.p.25: "The race attitudes which were characteristic of frontier society towards the end of the eighteenth and at the beginning of the nineteenth century cannot be fully appreciated until they are brought into relation with the whole spirit and outlook of that Society." Vide: Ibid, p. 100 ff. "When we bear in mind that the frontier farmer had come from a community organized on a basis of slavery, a community in which the Europeans belonged to the slave-owning class, we expect to find the slave-owning mentality carried over into the new environment and playing some part in shaping their attitudes and determining the behavior of the individuals concerned in fuller racial contacts on the frontier.

112) "The court of Landdrost and Heemraden appears, on the whole, well calculated for its different purposes and is in repute with both English and Dutch"- Bird:State of Cape of Good Hope in 1822, p. 23.

113) Venter: Landdros en Heemrade, p. 61.

114) Die kolleges van Stellenbosch en Graaff-Reinet verklaar onomwonde dat hul onder sulke omstandighede nie verder sal kan diens doen as gevolg van hul gebrekkige kennis van Engels nie Theal: C.C., XXVIII, p. 449 ff.

D. PROSEDURE EN VERVOLGING IN DIE
HOF.

I. DIE FISKAAL.

Nederburg en Frykenius het in die ban gedoen met die Independent fiskaal, maar desnieteenstaande het die fiskaal nog altyd oor wye funksies beskik. Sy vernaamste funksie was die van kroonvervolger, en dit is daarom verbasend dat hy in die hof net langs die hoofregter gesit het.¹¹⁵⁾ Dit was bepaald nie 'n goeie instelling nie, en het ruimte vir kritiek gelaat. As vervolger was die fiskaal gebonde deur Philip II se ordonansie en sy 1804 instruksies om te vervolg indien die hof dit gebied en hy kon alleen van 'n sodanige funksie verskoon word as die hof dit sou goedkeur. Daar is egter 'n diskressie aan die fiskaal oorgelaat in soverre hy moes besluit na die voorlopige ondersoek voltooi is of vervolging gaan plaasvind of nie, d.w.s. hy moes hom deur sy eie oortuiging laat lei. Gewoonlik het hy eers op die waarheid van die saak ingegaan en dan sy beslissing gegee.¹¹⁶⁾ Hier kry ons weer 'n toestand wat oop was vir kritiek, alhoewel die Fiskaal die gegewe diskressie oor die algemeen heel goed gebruik het.¹¹⁷⁾

Ons sien sodoende dat die fiskaal onderworpe is aan die Raad van Justisie vanaf die oomblik wanneer hy volgens sy oortuiging vir die voortsetting van 'n saak besluit het. Met hierdie gevolgtrekking stem hoofregter Truter saam, maar weereens het die Regering nie hiermee akkoord gegaan nie, en volgens 'n artikel in die instruksies van die fiskaal, van 'n vroeër datum dan die waarop na 1804 gehandel het, geëis dat hy as kroonvervolger

115) Theal: C.C., XXXIII, p. 63.

Bird: State of the Cape of Good Hope in 1822, p. 17.

116) "When I have proofs or conviction in my own mind that a crime has been committed by such and such a person, I am bound to prosecute, and no option is left to me but the mode in which that conviction influences any mind is a matter of discretion": Theal: C.C., XXXIII, Getuienis van Denyssen, p. 237.

Botha: Public Prosecutor, S.A.L.J., Deel XXXV, 1918, p. 399.

Vide: Theal: C.C., XXXIII, Kommissie van Onderzoek, p. 66.

117) "No one has been convicted of undue partiality or of abuse of power": Bird: State of Cape of Good Hope in 1822, p. 18.

aan die Uitvoerende mag vir sy optrede verantwoordelik was. Die gevolg was dat die Raad van Justisie, nadat hul die bogenoemde opinie van die Goewerneur ontvang het, dit buite hul bestek beskou het om die fiskaal se handelswyse in oënskou te neem.¹¹⁸⁾ Waar die fiskaal definitief volgens sy 1804 instruksies aan die Raad van Justisie onderworpe was, het die houding wat die goewerneur in hierdie geval ingeslaan het die regsweise sterk aan bande gele.¹¹⁹⁾ Die funksies wat die fiskaal moes verrig, was besonder baie maar sy taak is ietwat verlig deurdat sy polisie-funksies aan 'n amptenaar, die Superintendent van polisie, opgedra is.¹²⁰⁾

II. KRIMINELE PROSEDURE:

Die kriminele reg is nou verwant aan die vryhede van die individu en daarom het die ou strafreg-prosedure 'n wye speling gelaat in so verre dit ondervraging en ondersoeking aangaan.¹²¹⁾ Hierdie speling het egter vertragings aan die hand gewerk, veral te meer so as gevolg van die uitgestrektheid van die kolonie. Die steeds groeiende kolonie het Somerset genoodsaak om in 1822 die tye wat vir dagvarings toegestaan is te verleng.¹²²⁾ Voor die 1819 Regspleging was die toestande bepaald kritiek want nie alleen was die prosedure lank nie, maar deur die gebruik daarvan het dit ingewikkeld geraak.¹²³⁾

Toestande is verder vererger sedert die instelling van die 1811 Rondgaande Hof, en deur regulasies uitgevaardig sedert daardie datum, want daardeur het onsekerheid en verwarring in die wyse van prosedure ontstaan asook in so verre dit die pligte

118) Theal: C.C., XXX111, p. 67 ff.

119) Theal: C.C., XXX111, Kommissie van Onderzoek, p. 68.

Ibid, XXX111, Kommissie van Onderzoek, p. 66.

Vide: Ibid, XXV, K.v.O. aan Bathurst, 5:1:1826, p.252.

Vide: Ibid, XXV111, Hay aan Donkin 9.12.1826, p. 415.

120) Cape Town Gazette, 21 Oct. 1825, No.1032, Volume XV.

Venter: Government Departments, p. 211.

121) Theal: C.C., XXX111, p.83: "Under a system of proceeding however which admits great latitude of interrogation and inquiry --- the courts have felt that except in cases of libel it was more consistent with the object of criminal justice to give a wide latitude to their investigations than to attempt to circumscribe or interrupt them".

122) Theal: C.C., XXV, Proklamasie van Somerset, p. 162 ff.

123) Theal: C.C., XXX111, Getuienis van Denysen, p. 236.

en bevoegdheid van die publieke vervolgers aangaan. ¹²⁴⁾ Hierby moet ons onthou dat die Landdroste en Heemrade in 1817 kriminele jurisdiksie gekry het, sodat hul bepaald instruksies betreffende strafregprosedure nodig gehad het.

Die 1819 Regspleging het 'n groot verandering teweeggebring en die strafregprosedure meer eenvormig gemaak, terwyl die ou Hollandse verskil tussen die gewone en buitengewone proses ook verdwyn het. ¹²⁵⁾ Die 1819 verandering was 'n groot verbetering, maar daar was nog ruimtes vir verbetering en Dr. Denyssen, die fiskaal, verklaar:

In point of expidition the improvement has been "considerable altho' there are many points in which I think the "Crown Trial" is yet susceptible of more." ¹²⁶⁾

Baie ou karaktertrekke was nog in die regspleging sigbaar want ons sien dat die ou proses om sake in der minne te probeer skik selfs toegepas kon word in die geval van oortredings waar- die Staat se regte nie in die gedrang was nie. ¹²⁷⁾ Hierdie ou gebruik, dienlik vir 'n klein gemeenskap, was gebaseer op die goeie trou van die partye. Nogtans het dit regsake onnodig lank uitgerek en was dikwels slegs 'n bedekking gewees vir die onnodige uitstel en verlenging van 'n saak. ¹²⁸⁾ Deur gebruik vind ons dat sekere gedeeltes van die Regspleging nie konsekwent nagekom is nie. So moes die inhegtenisname van persone onder die rang van burgers binne 24 uur aangemeld word, dog dit is nooit gereeld gedoen nie. ¹²⁹⁾

124) Theal: C.C., XXV, p. 90.

125) So noodsaaklik was 'n verandering in die strafregprosedure geag dat die Goewerneur die 1819 Regspleging onmiddelik goedgekeur het sonder om dit eers na die Staats-sekretaris te verwys: Theal: C.C., XXXIII, p. 60.

126) Theal: C.C., XXXIII, p.236. Ons moet onthou dat die Regspleging nog in 'n groot mate die Gees van Philips II se kriminele ordonnansie geadem het.

127) Theal: C.C., XXV, Artikel 150 van die Regspleging, p.113.

128) Theal: C.C., XXV, K.v.O., p. 6.

129) Ibid: XXXIII, K.v.O., p.72.

Ibid: XXXIII, Getuienis van Denyssen, p.123.

Die uitgestrektheid van die Kolonie het die regswese aan die Kaap baie belemmer en soms die letter van die wet in ongewone paaie gestuur. So kan 'n Slaaf of hottentot wat op ongewone wyse gesterf het, alleen begrawe word indien die fiskaal, veld-kornet of Landdros permissie daartoe gee het. Dikwels is die gebruik nie nagekom nie en is permissie deur die fiskaal se klerke gegee of ook op gesag van 'n regspraktisyn se doodsertifikaat:

Vide: Theal: C.C., XXXIII, p. 73.

In Kaapstad kon die beskuldigde die hulp van 'n advokaat inroep, maar gewoonlik slegs nadat hy die vrae van die kroonvervolger beantwoord het. In die praktyk kom dit daarop neer dat hy slegs regshulp kon kry vanaf die eerste dag van sy verhoor wat natuurlik baie teen die beskuldigde getel het, daar hy, sowel as sy advokaat, nie behoorlik tyd gehad het om hul op die saak voor te berei nie. ¹³⁰⁾

Die vernaamste faktor wat die howe in die wiele gery het, was soos ons gesien het die uitgestrektheid van die kolonie wat aanleiding tot baie onderbrekings en vertraginge gegee het. Die toestand is verder versterk deur die aard van Philips II se kriminele ordonnansie wat vertraginge in die hand gewerk het. Hierby moet ons onthou dat die finansiële toestande van die kolonie swak was, en dit was een van die redes waarom halsmisdade voor die Rondgaande Hof kon kom om daar verhoor te word totdat die saak gereed was vir uitspraak, waarna die procedure en regstukke na die Raad van Justisie gestuur is vir die vonnis. Een van die redes hiervoor was dat dit te veel sou kos om die getuies na die Kaap te stuur. ¹³¹⁾ Dat die Hollandse kriminele reg 'n moeilike en ingewikkelde stelsel was lei geen twyfel nie. ¹³²⁾

III. SIVIELE PROSEDURE:

Die siviele procedure aan die Kaap is ook sterk beïnvloed deur die groot uitgestrektheid van die Kolonie, terwyl die voorlopige ondersoek in siviele sake nog meer verantwoordelik was vir lang uitgerekte regsake. 'n Verdere vertraging is deur die Appélhof veroorsaak deurdat hul van 'n ou gebruik in Likide

-
- 130) Theal: C.C., XXXlll, Kommissie van Onderzoek, p. 82.
 Voor die Rondgaande howe het die advokate glad nie opgetree nie wat die aangeklaagde in 'n nog moeiliker posisie geplaas het.
 Vide: Theal: C.C., XXXlll, p. 77.
- 131) Theal: C.C., XXXlll, Kommissie van Onderzoek, p. 82.
- 132) Adv. W. de Vos, lektor in Romeins Hollandse Reg aan die Universiteit van Kaapstad onderskryf die stelling ten volle.

sake afgewyk het. Dit was die gebruik in dergelike sake dat op 'n voorlopige dekreet van die hof die betwisde bedrag onmiddellik betaal is, terwyl die klaer sekuriteit verskaf vir die terugbetaling van 'n sodanige bedrag indien hy nie sou slaag in sy klagte nie. Die ou gebruik het sodoende vir die sekuriteit en snelle afhandeling van handelstransaksies gesorg. Die appélhof het egter die Raad van Justisie gelas om in soe danige sake alle prosedure te beëindig totdat enige appél wat in sulke sake aangeteken kon word, eers verhoor is. Sodoende is handelssake, wat gewoonlik spoedeisend is, lank uitgerek.¹³³⁾

Veral in siviele sake was die uitstelling van die 1813 oopdeur-proklamasie 'n groot verbetering want daar die siviele reg nou verbonde is aan die regte van die gemeenskap het daar nou 'n groter vertrouwe in die regspraak gekom. Dit is net jammer dat die distriksklerke wat vir die regsvoorligting van partye voor die Rondgaande hof, asook vir die rangskikking van sake in daardie hof gesorg het, dikwels nie oor genoegsame kennis beskik het nie.¹³⁴⁾

133) Theal: C.C., XXVIII, Kommissie van Onderzoek, p. 7.
 134) Theal: C.C., XXVIII, Kommissie van Onderzoek, p. 8.
 Ibid : XXVIII, K.v.O., p. 23.

HOOFSTUK IV.DIE KAAPSE WETTE VEROORSAAK BOTSINGE.

Een van die vernaamste rapporte van die Kommissie van Onderzoek handel uitsluitlik oor die kriminele reg. Dit is ook geen wonder nie want die strafreg sowel as die toepassing daarvan het behoorlik onder die filantropiese kritiek deurgeloop. Die Britse regering het daarenteen geen besware gehad teen die ondersoeking van die kriminele reg nie, want die toepassing van die Engelse strafreg deur die Quebec Akte in Noord-Amerika het 'n groot sukses geblyk te wees.¹³⁵⁾

In Engeland self was die kriminele regstelsel in hierdie jare onder die vergrootglad, en veral manne soos Bentham, Romilly, Mackintosh en Buxton het baanbrekerswerk op die gebied¹³⁶⁾ gedoen. Reeds in 1820, op aanbeveling van die 1819 Hersieningskomitee, word van die ou strafwette versag, maar dit was aan Robert Peel oorgelaat om die groot Hervormingswerk op die gebied te doen, en dit is aan hom te danke dat na 1826 die Britse kriminele reg gekonsolideer is.¹³⁷⁾ Ons kan verwag dat die veranderinge in die Britse kriminele reg die Kaap moes beïnvloed het, en dat regsgeleerdes soos Mnre. Bigge, lid van die Kommissie van Onderzoek, en Stephan, wat die konsep-regsoktrooi opgetrek het, 'n grondige kennis van die veranderinge gehad het.

- 135) "The retention of the English criminal law was little disputed at the time, in England or in Canada":-
 Coupland: The Quebec Act, p. 113.
 Vide : Ibid, The Quebec Act, p. 214.
 Vide : Ibid, p. 62.
- 136) Radzinowicz: A History of English Criminal law, Volume I, p. 567.
 Halevy: A History of the English People, II, P.107, ff.
- 137) 1826 "Mark the commencement of the great word of legal 'consolidation' destined to transform the criminal law of England": Halevy: A history of the English people, II, p. 192.
 Radzinowicz: A history of English Criminal law, I, p.568.

I. DIE KRIMINELE REG EN DIE FILANTROPE.

Strawwe is aan die Kaap volgens Philips II se 1570 kriminele Ordonnansie toegepas, en waar dit geswyg het kon na die Romeinse reg verwys word. Desnieteenstaande is die toepassing van baie strawwe nog 'ad arbitrium Judicis', oorgelaat, daar nóg die 1570 Ordonnansie nóg die Romeinse reg soms 'n straf vir 'n spesifieke oortreding opgelê het, of waar dit wel 'n sekere straf bepaal het, was dit ontoepasbaar. ¹³⁸⁾ Dit was juis hierdie deskressie wat aan die howe oorgelaat is waarvoor die filantropies-gesindes so bang was want hul het beweer dat daar 'n bevooroordeeldheid in die kolonie bestaan het teenoor die gekleurde rasse. ¹³⁹⁾ Mnr. Philip wat in noue kontak met die kommissarisse gedurende hul verblyf aan die Kaap was, ¹⁴⁰⁾ verklaar dan ook:

You would instantly perceive by the perusal of the "paper on the court of Justice that nothing can be done for the slaves, Hottentots, or indeed for any of the aborigines of South Africa without a total change in the constitution of the courts and without the introduction of a new system of law", ¹⁴¹⁾

Die aantygings van bevooroordeeltheid deur die Londonse sendelinge teen die koloniste het reeds lank voor die koms van Philip begin, en dit was juis hierdie aantuigings wat een van die faktore was wat gelei het tot die instelling van die Rondgaande hof, want die hof sou juis let op die klagtes van die sogenaamde "swakeres", ¹⁴²⁾ In 1812 word ook bepaal dat die Landdros ~~te~~ eenmaal in drie jaar die veldkornette in sy distrik moes besoek en om op alle klagtes in te gaan. ¹⁴³⁾ Die Rondgaande Howe het behalwe die ander groot voordele wat dit gehad het, ook getoon dat vele van die aantygings teen die burgery oordrewe was. ¹⁴⁴⁾

138) Botha: Criminal Prosecution, S.A.L.J., XXXI, 1915, p. 327.

139) Venter: L. en H., p. 218.

Vide Botha: Criminal Prosecution, S.A.L.J., XXXI, 1915, p. 326.

140) MacMillan: The Cape Colour Question, p. 191.

141) MacMillan: The Cape Colour Question, Philip aan L.M.S. 11.5.1823, p. 187.

142) "Reads Accusations"; Uitenhaagse Argiewe, Deel 79, S.V.

143) Venter: L. en H., p. 43.

144) C.O., 48/17, Cradock aan Bathurst, 11.8.1813 (S.V.).

C.J., 3011 Deel V vir 1812, Rapport van Rondgaande Hof.

Dat die Landdros en Heemraadhowe wel deeglik op die klagtes van die slawe en hottentotte vir mishandeling ingegaan het, blyk duidelik uit die opgawes van die verskeie kolleges. ¹⁴⁵⁾ Ons sien sodoende dat die gevalle van mishandeling en die van valse aanklagte mekaar amper balanseer, alhoewel die valse aanklagte ietwat meer is. Die oortredings wat die meeste in die distrikke voorgekom het, was die van diensverlating deur die slawe en Hottentotte, diefstal, valse klagtes asook klagtes vir mishandeling. Hoe het die Landdroste en Heemrade regspraak in die gevalle uitgeoefen? Die Kommissie van Onderzoek gee hul antwoord hierop:

We have reason to believe that in passing judgement "upon the great number of slaves and Hottentots who have been convicted of crimes of desertion, cattle stealing, and burglary the Courts of Justice have not only been influenced by a consideration of the exposed and unprotected state in which all property-- is necessarily left in a country so widely extended and in which the population is so much dispersed, but also by that of the deplorable ignorance of those classes to whose depredation it is principally exposed." 146)

Die strawwe wat op slawe vir oortredings toegepas is, was volgens die Bataafse Statute gereël wat in hierdie verband sterk deur die Romeense reg beïnvloed is. ¹⁴⁷⁾ Soos dit so dikwels met die Ba-

145)	(a) Opgawes van L. en H. howe in kriminele sake te Stellenbosch tussen 1819-1823:- Veroordelings vir mishandeling van slawe en Hottentotte - 54. Valse klagtes ingedien -59.	
	(b) Opgawes van Swellendam (1818-1823):- Veroordelings vir mishandeling van Slawe en Hottentotte	27.
	Valse klagtes ingedien	17.
	(c) Opgawes van George (1818-1823):-	
	Mishandeling van Slawe en Hottentotte	19.
	Valse klagtes	17.
	(d) Opgawes van Graaff-Reinet (1818-1823):-	
	Mishandeling van Slawe en Hottentotte	27
	Valse klagtes	20
	(e) Opgawes van die Kaapse distrik (1820-1823)	
	Mishandeling van Slawe en Hottentotte	2
	Valse Klagtes	11

Vir opgawes vide: Theal.: C.C., XXX111, p. 329 ff.

146) Theal: C.C., XXX111, K.v.O., p. 9 ff.

147) Theal: C.C., XXX111, K.v.O., p. 3.

taafse Statute gegaan het, het daar 'n verwarring ontstaan met die toepassing van strawwe in gevalle van manslag m.b.t. die slawe bevolking. Die toestand is verbeter deur 2 proklamasies uitgevaardig deur die Goewerneur terwyl ook die Kommissie van Onderzoek verandering op die gebied in die vooruitsig gestel het.¹⁴⁸⁾

In opdrag van Bathurst in 1826 het Bourke die Slawebeskermer aangestel, en volgens artikel 39 van hierdie Ordonnansie kon slawe as getuies dien in siviele sowel as kriminele sake, indien hul die verpligtiging van 'n eed kan verstaan - behalwe in siviele sake waar hul eienaars betrokke in was. Die ordonnansie, en veral artikels 39 en 43 daarvan, het 'n kwaai reaksie van die koloniste uitgelok en veral vanuit die gebiede waar die slawe bevolking besonder baie was.¹⁴⁹⁾ Hierdie reaksie is heelwaarskynlik verstrekk deur 'n gevoel in die kolonie, dat die slawe-bevolking hul nie meer aan gesag wou onderwerp nie.¹⁵⁰⁾

Uit die rapporte van die slawebeskermer Rodgers blyk dit tewens dat die slawemans, en veral die vroue na die afskaffing van lyfstraf, 'n verwronge begrip gehad het van die regte en pligte van hul eienaars en sodoende nie net lui geword het nie, maar die beskerming wat aan hul gegee is, misbruik het.¹⁵¹⁾

Die aantygings teen die geregshowe vir partydigheid was gewoonlik oordrewe, maar daar het nogtans sake voorgekom waar die optrede van die geregshowe in twyfel getrek kon word, en waar

148) Theal: C.C., XXXIII, K.v.O. p. 9.

Ibid, K.v.O. p. 11.

Die 1823 Proklamasie word dan ook die "Magna Carta" van die slawe genoem. 'n Proklamasie van die 18de Junie 1826 het verder reëlings vir die toepassing van strawwe i.v.m. mishandeling neergele:-

Vide, Theal: C.C., XXXIII, p.11; Theal, C.C., XXVI, p. 468;

Theal C.C., XXVI, p.487.

149) Memorie geteken deur 370 inwoners vanuit Kaapstad:

Theal, C.C., XXVII, p. 99 ff.

Memorie geteken deur 115 inwoners vanuit Stellenbosch, Ibid, p. 109 ff.

150) Theal:- C.C., XX, Hoofregter en ander lede van die R.V.J. aan Somerset, 25.3.1825, pp. 385-387.

Die gevoel is versterk deur die regsak, Fiskaal vs. Galant en andere - 13 slawe en Hottentotte - vir sameswering teen hul eienaars: Theal: C.C., XX, p.340 ff.

Vide: Theal, C.C., XX, Staatsekretaris aan Horton, 31.3.1825 pp.406-410. Hy beweer die stories van moorde is oordrewe.

151) Theal: C.C., XXXII, Rapport van Rogers, p. 62.

(Vide. Theal: C.C., XI, Somerset aan R.v.J. p. 493).

die strawwe wat vir blankes opgelê is a.g.v. die mishandling van hul slawe en hottentotte buite verhouding met die daad was.¹⁵²⁾ Dat die uitvoering van vonnisse soms veel te wense oorgelaat het, blyk uit die geval van die slavin Sila wat reeds in 1823 tot die dood veroordeel is maar teen 1827 nog in die tronk was.¹⁵³⁾

Oor die algemeen wil dit voorkom asof die verskillende howe hul funksies na die beste van hul vermoë verrig het en in so verre die ou regstelsel dit toegelaat het. Baie aanklagte teen die regstelsel was egter oordrewe.¹⁵⁴⁾ Die Raad van Justisie het nie getwyfel om indien hy 'n persoon skuldig beskou het vir buitensporige mishandeling, hom tot die dood toe te veroordeel nie.¹⁵⁵⁾

Ons tref verder die gewoonte by party slawe-eienaars aan

- 152) Theal: C.C., X, p. 2: van Reenen-Saak: Jacob van Reenen het sy slaaf gedood, maar slegs 2³maande tronkstraf gekry - Cradock se i.v.m. die saak dat van Reenen definitief skuldig was aan buitengewone mishandeling.
Theal: C.C., X, p. 2. J.S. Cloete-Saak:
Vide Botha: Criminal Prosecution, S.A.L.J., XXXll, p.326.
- 153) Theal: C.C., XXVlll, Bourke aan Bathurst, p.269 ff.
Ibid: C.C., XXX, Bathurst aan Bourke, 2.1.1827, p. 4.
(R. Peel gee sy opinie re die saak.)
Ibid: C.C., XXXll, Bourke aan Bathurst, 6.7.1827, p.164.
Ibid: C.C., XXX, Somerset and Hay, p. 17.
- 154) So beweer ene Fisher dat die howe nie die gevalle van kindermoord ondersoek het nie, en dat hy 'n sekere geleentheid 13 lykies op die strand sien le het. Dit was ongegrond, want sedert 1800 is slegs 8 voorbeelde van kindermoord aangetref:-
Theal: C.C., Xl, Fisher aan Bathurst, 13.9.1816, p. 176.
Ibid, Xl, Somerset aan Bathurst, 19.5.1817, p. 344 ff.
Dat die hof wel deeglik kennis geneem het van kindermoord blyk uit die saak Fiskaal vs. Hester aan die Kaap, waar sy tot die dood veroordeel is weens moord op haar kinders:
Theal: C.C., Xvl. p.380 ff.
'n Aanklag vir partydigheid van die R.v.J. deur J. Theron blyk ook oordrewe te wees. Soos in so baie sake van klagtes was ook Theron nie 'n man van die beste karakter gewees nie, intendeel hy het gereeld die vrede verstoor:
Theal: C.C., XXV, pp. 325-342.
- 155) Gebhard-Saak; Theal: C.C., XXXlll, p.281 ff. (Vergelyk veral p. 285)
Nota. Ek stem nie heeltemal saam met die K.v.O. waar hul beweer dat die Gebhard-saak feitlik dieselfde as die J.J. de Villiers-saak is nie, en dat waar die aangeklaagde in die laaste saak slegs tot 12 maande tronkstraf veroordeel is, Gebhard daarenteen tot die dood straf opgelê is:-
Theal XXXlll, p. 8. Dit is wel waar dat daar ooreenkomste was tussen die twee sake maar daar is ook baie groot verskille.
Vide: Theal: C.C., XXXlll, p. 131 ff.
(Vergelyk veral pp. 135, 188, 191, 198-212).

dat hul soms getuienis weerhou het in gevalle van kriminele oortredings deur hul slawe, omdat in sulke gevalle die slawe vir 'n lang ruk uit hul diens sou wees. Dikwels is strawwe wat vir slawe opgelê is, ingekort of is die veroordeelde van Robben Eiland na Kaapstad oorgeplaas.^{156.}

156) Theal: C.C., XXX111, p. 35.

11. DIE VRYHEID VAN DIE PERS EN DIE REGSWESE.

The British Constitution being essentially a government by the laws and not by the will of individuals, no part of the British empire can be administered with success, unless the law be generally known; and through the press the discussions in the Courts of Justice may carry that necessary knowledge into every dwelling." 157)

Dit was hierdie opvatting wat die Britse Setlaars aan die Kaap laat voel het dat 'n vrye pers vir hul onteenseglik baie kan beteken, veral daar die Kaapse wette vir hul onbekend was. 158)

Hierdie wens van die Setlaars sou hul in botsing met die Plaaslike owerheid bring daar van die geskrewe artikels soms as 'n oortreding van die kolonie se kriminele reg beskou is. Die enigste uitweg vir hul was om die perswette verander te kry en om die pers uitsluitlik aan die howe onderworpe te maak, wat volgens hul alleen sou kon geskied indien die plaaslike regstelsel verander word. 159)

Dieselfde wette wat i.v.m. lastersake aan die Kaap gebruik is, was ook van toepassing op die pers en lasterlike artikels teen regeringsamptenare is as kriminele oortredings beskou.

Onder die Verenigde Oostindische Compagnie' was daar geen drukpers aan die Kaap gewees nie, en dit was eers in die jaar 1800 dat 'n pers hier opgerig is. 160)

Die wette wat deur Yonge

-
- 157) Bannister: Essay on the laws of the Cape of Good Hope, p. Vii
Vide: S.S. Commercial Advertiser: "Publicity of Trial",
No. XLV, 7.4.1824.
- 158) "That everyone desired to know, at least, the laws by which we are to be governed in future, and to see them administered by an Independent, as well as an enlightened bench of Judges: S.A. Commercial Advertiser No. 193, 18.4.1829.
Vide, Ibid, Deel IV, 25.3.1829.
- 159) S.A. Commercial Advertiser, No. VI, 11.2.1824. (Letter from a respectable quarter to the Editor").
Vide Theal: C.C., XXX, Plasket aan Hay, p. 344.
- 160) Reeds in 1779 vra die koloniste vir 'n pers sodat die wette beter bekend kon word, maar die V.O.C. was hierteen gekant. In 1800 rig Walker en Robertson 'n pers op wat deur die Regering oorgeneem word. In 1806 neem die regering weer die pers oor, en sodoende bly dit die enigste pers tot in die twintiger jare.
Vide: Petisie van 1779, artikel 7.
Vide: Theal: C.C., XXXIII, Getuienis van Denyssen, p. 259.
Vide: Ibid : XXXIII, K.v.O., p. 22.

i.v.m. die pers uitgevaardig is, was baie soos die wat in Holland gebruik is. ¹⁶¹⁾ Die kolonie se perswette het uit die volgende bestaan, nl. Yonge se 1800 - proklamasie waarvolgens slegs een drukpers toegelaat is; in 1824 proklamasie wat vereis dat publiseerders hul name en adresse op die blad moes laat druk, en deur missives No. 144 en 161 van die Staatssekretaris wat bepaal dat om 'n tydskrif te druk 'n lisensie verkry moes word, en dat prospektusse deur voornemende uitgewers ingehandig moes word. ¹⁶²⁾

Die toepassing van hierdie wette volgens artikel 71 van die Provisionele Instruksies aan die Raad van Justisie deur die fiskaal, sou 'n groot botsing veroorsaak. ¹⁶³⁾ Die stopsitting van die South African Journal en South African Commercial Advertiser, nadat hul lasterlike artikels sou gepubliseer het, het dan ook 'n kritieke toestand geskep. Die enigste uitweg uit hierdie toestand was om die wetgewende mag van die uitvoerende mag te skei en in die woorde van Bourke,

It would be most desirable --- that the courts of "law were so constituted, and the Procurator fiscal so well versed in English practice and Dutch law as to enable this government to control the licentiousness of the press by resorting to the courts." ¹⁶⁴⁾

Dit was veral die vryhede waaraan die Britse gemeenskap gewoond was, wat hul in die kolonie wou oorplant. ¹⁶⁵⁾

-
- 161) Theal: C.C., XXV, (a) Placaat against the selling of pasquils and scandalous prints, 9.12.1702, p. 409 ff.
 (b) Placaat against slanderous and defamatory writings, libels or pasquils, 21.1.1726, p. 410 ff.
 (c) Resolusie van die Hollandse State, 5.6.1744, p. 412 ff.
 Wypkema: Invloed van Nederland op Z.A.R., p. 58.
 Toestand i.v.m. die pers was in Ceylon amper dieselfde as aan die Kaap:- Vide S.A. Advertiser Deel 111, No. 1241, 3?/1827.
- 162) Theal: C.C., XXIX, p. 232.
 Ibid: XXXIII, p. 25.
 Naude: Kaapse Plakkaatboek, Deel V, p. 210.
- 163) Theal: C.C., XXXIII, K.v.O. p. 24 ff.
 Theal: Ibid, Plasket aan Hay, p. 344.
 Vide: B.R. 117: Provisioneele Instructie, artikel 71, p. 102.
- 164) Theal: C.C., XXVII, Bourke aan Bathurst, 4.8.1826, p. 211.
 Ibid, XXXI, Bourke and Bathurst, 17.3.1827, p. 117, ff.
- 165) So sien ons dat publieke vergaderings en die vorming van verenigings ook in die kolonie verbied is volgens:
 (1) Die 'Pandects' van Justinianus, Liber 47;
 (2) Proklamasie van Yonge in 1800 wat weer in 1803 hernu is en 'n Proklamasie van Somerset in 1822 - hierdie verbod op die koloniste het 'n kwaai reaksie uitgelok:-
 Vide, Theal: C.C., XXXIII, p. 15 ff;
 Ibid, XVI, p. 439.

111. KAAPSE LASTERWETTE VEROORSAAK 'N GROOT OPSKUDDING.

Die Britse Setlaars en Engelssprekendes aan die Kaap was gewoon aan sekere vryhede en regte. Aan die Kaap het hul nie net te doen gekry met 'n toestand waar baie van die vryhede nie bestaan het nie, maar ook met 'n onbekende regstelsel. Gewoon aan hul eie wette kon baie hul nie vereenselwig met die Kaapse wette nie, met die gevolg dat 'n noodwendige botsing gevolg het.

Ons sien die botsende idees baie duidelik waar dit die toepassing van lasterwette aangaan. In die Engelse reg is die waarheid van 'n lasterlike bewering 'n voldoende verweer. In die Romeins-Hollandse reg is dit daarenteen nie voldoende nie. Die verweerder moet benewens die waarheid van sy bewering ook bewys dat dit in die openbare belang is dat die beweer gemaak word om vry uittegaan. ¹⁶⁶⁾ Die geregshoue aan die Kaap het dus nooit op die waarheid van 'n saak, as die enigste faktor in 'n lastersaak, ¹⁶⁷⁾ ingegaan nie, en dit is juis hier waar die botsing gekom het. Ook die plaaslike plakate het strawwe vir beswadering van regeringsamptenare opgelê, terwyl die Hollandse Kommissaris in ¹⁶⁸⁾ 1792 spesifieke strawwe vir sodanige beswadering opgele het.

Die kwaaieste kritiek wat die regstelsel aan die Kaap moes verduur, is dan ook veroorsaak deur 'n aantal lastersake wat in die twintiger jare in die kolonie verhoor is. Die aantygings was van so'n aard dat dit ons sal loon om op sekere van die sake in te gaan. Een van die persone wat die Kaapse regstelsel tot sy uiterste sou beproef, was William Edwards, 'n publieke notaris. Ons hoor die eerste van hom in die regsak Fiskaal versus

166) Inligting verskaf deur adv. W. de Vos.

167) the admission of evidence of the truth of a libel in criminal prosecutions is generally prohibited, and exception is only allowed to be made in the civil or mixed actions of injury": Theal: C.C., XXXIII, K.v.O. p. 21
Vide: Theal: C.C., XX, Truter se Opinie, pp. 139-141:-
(Literis injuria fit, si quis libello principi oblato vel alteri dato famam alicuius insectatus fuerit".)

168) Theal: C.C., XXXIII, K.v.O. p. 20.
Ook die Betaafse Statute van 1767 het strawwe vir lastering opgelê.

L. Cooke, W. Edwards en J.B. Hoffmann vir 'n beweerde belasting van C. Blair, die Doeanne-Ontvanger - 1824. ¹⁶⁹⁾ Die aanklag is deur die hof verwerp en Edwards en Cooke is op die 26ste Maart onskuldig aan die aanklag bevind - Hoffmann is reeds vroeër ontslaan. Met die indiening van sy 4 eksepsies het Edwards van sulke taal gebruik gemaak dat hy tot 1 maand tronkstraf vir minagting van die hof veroordeel is.

Edwards was vinnig op pad om die regsweese links en regs aan te val, en in sy petisie aan die Britse Laerhuis, van die 11de Februarie 1824, het hy die fiskaal Denyssen heftig aangeval. ¹⁷⁰⁾

Edwards, wat reeds by 'n vorige geleentheid 'n vonnis van 150 Rds. opgelê is vir die belediging van ene Venables, ¹⁷¹⁾ sy volgende slagoffer was lord Charles Somerset self. In 2 briewe van die 22ste- en die 26ste Januarie wat hy sou geskryf het, waarvan die een aan Somerset in sy hoedanigheid as appèlregter gerig is, word met alle mag teen die goewerneur te velde getrek en word daar selfs van "Impeachment" voor die Britse laerhuis gepraat. Die gevolg was dat die Fiskaal 'n lastersaak teen Edwards aanhangig gemaak het, wat voor Mnr. Bresler en Borchers gedien

169) Vir Saak-Vide Theal: C.C., XVll, pp. 177-209.

Ibid XXll, pp. 319-328.

Die saak het sy ontstaan aan die volgende gebeure te danke gehad: Na die jaar 1807 kon slawe nie meer in die kolonie ingevoer word nie en enige skepe wat met slawehandel besig was kan beslag opgelê word. Die negers wat op die manier in die kolonie gekom het is onder die Doeanne-Ontvanger geplaas wat hul op 'n inboek-stelsel kon uitgee vir 14 jaar. 'n Sekere slaaf, Jean Elle, is so doende aan A. Murray gegee wat hom weer aan Mnr. L. Cooke uitgehuur het. Na die dood van Murray wou Blair vir Elle van Cooke wegneem en hom aan ene Pigou gee. Cooke wou graag vir Elle behou en daar hy nie tot 'n vergelyk met Blair kon kom nie, teen wie daar begin stemme opgaan het, is die saak by die deputy-fiskaal aanhanging gemaak. Edwards oorreed egter vir Cooke om die saak liewers na die Britse Tesourie te verwys. Die momorie van Cooke moes deur Somerset na Engeland aangestuur word, maar hy besluit om die saak na die fiskaal te verwys vir vervolging:

Vide: Theal, C.C., XXll, pp. 297-328.

170) Theal: C.C., XVll, Petisie van Edwards, 11.2.1824.

Ibid, XVll, Fiskaal aan Horton, 29.2.1824, pp. 113-116.

171) Theal: C.C., XVll, Edwards aan Somerset, 22.4.1824, p.268ff.

Ibid XVll, Edwards aan Somerset, 26.4.1824, p.276 ff.

172) het. Die twee kommissarisse uit die raad van Justisie het hom skuldig bevind aan belastering-, verswaar deur sy gedrag in die hof- en hom vir 7 jaar na Nieu-Suid-Wallis verban. Met die verhoor van die saak voor die volle Raad van Justisie het advokaat Brand wat, 'in forma pauperis' vir Edwards opgetree het, beweer dat ene Haynes wat goed bekend met Edwards sou gewees het, die briewe in sy naam sou geskryf het. Dit het nie veel gehelp nie want die vonnis van die Laerhof is bevestig.

Hierdie regsak het bewys dat die prosedure wat voor die hof gevolg word, opknapping nodig het, en die wyse waarop Edwards in die hof opgetree het was bepaald 'n openbaring. Sy uitlatings het 'n sterk reaksie in die kolonie uitgelok en Greig is selfs verbied om die regsak te publiseer. Die gronde waarop die hof hom skuldig bevind het, het die Kommissie van Onderzoek gevoel sou vir die Engelse Koloniste in lig van die Engelse reg eienaardig voorkom. Dat Edwards egter skuldig was lei geen twyfel nie, soos latere gebeure aangetoon het. ¹⁷³⁾

172) Die saak het die 24ste Mei 1824 begin, en reeds in die getuies wat Edwards wou gebruik kon sy houding gesien word. Lord Charles self, regter Kekewich, Mnr. van der Riet - die sekwestreerder, 'n bywyf wat saam met Somerset sou geleef het en 'n paar ander wat hy in die twee beweerde lasterlike geskryfte aangeval het. Met die ondervraging aan die begin van die verhoor verklaar Edwards dat hy nie die briewe geskryf het nie, maar in die behandeling van sy vier eksepsies, naamlik, die onwettigheid van sy arrestasie, dat die nodige dokumente nie goed voorberei is nie, die afwesigheid van 'n 'corpus delicti' en die onbevoegdheid op sigself, het hy ten volle te velde getrek teen die genoemde persone. Die hof moes Edwards herhaaldelik tot orde roep en het 'n resoluëie opgestel waarin hy ten strengste teen minagting gewaarsku is.

Vir saak: Vide: Theal, XVll, pp. 373-452.

173) Die Kommissie van Onderzoek verklaar dat hul Edwards as skuldig beskou en dat hy na sy veroordeling erken het dat hy die briewe geskryf het. Dit blyk ook dat Edwards reeds in 1818 tronkstraf te Gloucester opgelê is en verban is na Nieu-Suid-Wallis, waarvandaan hy ontsnap het. Edwards alias Lookaye het erken toe hy weer in Nieu-Suid-Wallis aankom dat hy al daar gewees het, en weer 'n poging aangewend het om homself om die lewe te bring:

Kaapstads Courant en Afrikaansche Berigter: 15.7.1825, deel XX, No.1018.

Theal: C.C., XVlll, K.v.O. aan Bathurst, pp. 440-442.

Vide, Ibid: XVll, p. 350 ff; XX, p. 139 ff.

Hoofregter Truter se van Edwards: "Who at a moment of public ferment, strives to vilify His Majesty's Government, and to set at defiance every Constituted authority in the colony":-

Theal: C.C., XX, pp. 139-141.

Alvorens die ongelukkige Edwards uit die kolonie is, het hy probeer om te ontsnap en kaptein J. Carnall is aangekla dat hy Edwards hierin sou gehelp het. ¹⁷⁴⁾

Die Edwards-saak was egter nie die enigste wat die koloniale regsweese op die proef gestel het nie, want sedert 1821 het Bis-
kop Burnett die verskeie vertakkings van die Kaapse regsweese be-
hoorlik op die proef gestel. ¹⁷⁵⁾ Die saak het wye publikasie ge-
niet daar die aantuigings van Burnett lewendige besprekings in
agtereenvolgende jare, in die Britse Laerhuis uitgelok het deur
persone soos Beaumont, Hume, Brougham e.a.

174) Carnell is deur die kommissarisse 'n straf van een jaar ver-
banning opgelê, maar die R.v.J. het dit tot 5 jaar verhoog.
Die regsadviseurs van die Britse regering het saamgestem dat
Carnell skuldig was; maar die groot verskil in straf het hul
verklaar is ietwat eienaardig. (1): Truter het die verhoogde
straf verdedig volgens artikel 48 van Philip II se kriminele
Ordonnansie. (2): In werklikheid is Hay toegelaat om na die
Kolonie terug te keer. (3):-

(1) Theal: C.C., XXXII, Phillips aan Hay, 11.8.1827, p. 320.

(2) Ibid, XXVI, Truter aan Somerset, 16.2.1826 p. 21 ff.

(3) Ibid, XXXIII, Hay aan Carnell, 5.9.1827, p. 429.

Die verhoging van die straf is in die Londense Times aan
Somerset toegeskryf - wat weer bewys dat baie kritiek in
daardie jare op Somerset uitgeoefen is.

Vide, Theal: C.C., XXI, Plasket aan Horton, 17.5.1825, p. 244.

175) Burnett het in 1820 in die kolonie aangekom, vry van enige
groep setlaars, en vestig hom op 'n plaas, Doorn Valley, wat
hy van ene Hart huur, teen 600 Rds. per jaar, terwyl hy ook 'n
stuk aangrensende land verkry het. In 1821 vra Hart dan ook
betaling vir die huur. Op die 24 Januarie dra Burnett sy eien-
dom oor aan die firma Ebdon en Eaton, en daar Burnett se kre-
diet in Engeland swak was en Burnett se wissels nie uitbe-
taal kon word nie, neem hul die eiendom oor.

Hart se aanklag dien intussen voor die Raad van Justisie,
maar by die 4de verstek word Burnett veroordeel tot die be-
taling van die bedrag. Burnett beweer nou die eiendom hoort
aan Ebdon en Eaton en daar Burnett dit twee keer op eed be-
vestig het, adverteer die sekwestreerder dat Burnett bang-
krot is, en dat die krediteure hul eis moes plaas. As gevolg
van 'n misverstand tussen die Sekwestreerder en Ebdon en
Eaton, dink die Sekwestreerder dat laasgenoemde die eise
sal betaal. Die voorstel word egter teruggetrek en daar
geen verdere reëlings met die Sekwestreerder aangegaan word
nie, word die eiendom gewaardeer. Die saak is vervolgens
by die 1822 Rondgaande Hof aangangig gemaak - bestaande uit
Mnre. Buissine en Bentinck. Die saak is egter vir 'n jaar
uitgestel en dus bly die plaas vir nog 'n jaar in Burnett
se besit. In Oktober 1823 dien die saak voor Mnre. Truter
en Borchers en hierna teken Burnett appel aan maar in-
stede om met die vervolging voort te gaan, stuur hy 'n
memorie aan die Goewerneur waarin hy die twee Kommissaris-
se van die Rondgaande hof geweldig kwaai aanval vir Kor-
ruptsie, partydigheid, minagting van hul plig, ens.

Hy is sodoende gedaag om vir 'n kriminele aanklag voor
die Raad van Justisie te verskyn.

Uit die verskeie hofsake, die petisies van Burnett aan die Goewerneur en Britse Laerhuis en sy ander korrespondensie, blyk dit dat die vernaamste klagtes van Burnett die volgende was:-

- (a) onwettige en partydige optrede van die geregshowe;
- (b) die optrede van die sekwestreerder en sy trawante;
- (c) die houding van die plaaslike regering en die optrede van Hart in besonder.

Burnett kla eerstens dat hy nie die Hollandse dagvarings kon verstaan het nie en sodoende by verstek op 26 Julie 1821 in Kaapstad veroordeel is. Hierdie bewering is sterk deur die Kommissie van Ondersoek betwis wat verklaar het dat die dagvarings wel vertalings bygehad het. ¹⁷⁶⁾

Die eerste kwaai botsing tussen Burnett en Hart kon voor in 1821 toe Burnett sowel as Hart aksies teen mekaar, voor regters Buissine en Bentinck, gebrüg het. Hart het sy klag, dat Burnett se kontrak beeindig moet word, gestaaf op die bankrot-skapverklaring van Burnett. Daar Burnett egter beweer het dat hy nie voldoende tyd gekry het om die nodige dokumente te versamel nie, en daar die korrespondensie oor die sekwestrasie met Van der Riet, die sekwestreerder, nog aan die gang, is die aanklag uitgestel en om Burnett sodoende ook kans te gee om die nodige dokumente te versamel. Die aksie van Burnett dat Hart hom onwettig van sy eiendom wou onteien, is deur ooreenkoms uitge-

176) It has been asserted by Mr. Burnett that these forms were "conducted in the Dutch language, which he did not understand; but we have every reason to believe that they were accompanied by English translations, a practice that is observed in all cases where there are English parties; more especially as to every one of the summonses that were served by the messenger, Mr. Burnett invariably replied in English, and in a manner that proved his entire acquaintance with the nature of the proceedings:-
Theal: C.C., XXIV, K.v.O. p. 76.
Vide : Ibid, XXVIII, Truter se opinie, p. 447;
Ibid: XXIII, p. 266.
Cory se bewering in sy "Rise of A.A.", Deel 11, p. 248, dat alle dagvarings aan Burnett in Hollands was, en dat hy (Burnett) geweier het om dit te verstaan, is dus oop vir bespreking.

stel, en ook daar die hof gevoel het dat die sekwestreerder
 177) deel moes vorm van die verdediging. Verder is daar deur
 Burnett beweer dat die prosedure wat gevolg is, i.v.m. die
 insolvensie - kwessie ongereeld was maar die Kommissie van
 178) Onderzoek het 'n ander idee gehuldig.

Dit was die 1823 regszaak, wat gedien het voor Mnr. Truter
 en Borchards, wat veroorsaak het dat Burnett, nadat hy besonder
 kwaai aantygings teen die hof geuiter het, vir laster vervolg
 sou word. Burnett kla dat die hof die verskeie aksies wat hy
 en Hart teen mekaar gebring het op so 'n wyse gereël het dat
 dit tot sy nadeel gestrek het. Truter en Borchards se antwoord
 hierop is dat

The arrangement of the cases was not made arbitrarily,
 "but with the concurrence of the parties, towards the
 promotion of regularity, and better understanding of
 the different questions pending between them." 179)

Burnett kla verder dat die vele verdragings in die howe hom tot

177) Theal: C.C., XLIV, K.v.O., p. 78.

Vide Cory se aanmerking: "In the two cases above referred
 to the judges were unable to give a decision in either."

178) The Commissioners of Circuit --- concurred in thinking that
 " the consideration of the question of insolvency was sus-
 pended and left open to future discussion; we cannot there-
 fore concur in the assertion made and often repeated by
 Mr. Burnett, that his insolvency had been declared by the
 court in 1822 to be irregular or unjust":-

Theal: C. C., XLIV, K.v.O., p. 78.

Vide: Ibid XLIII, Truter aan Somerset, p. 268.

Indien Cory in sy "Rise of South Africa", II, p. 252.

Sy aanhalings met spesifieke bladverwysing voorsien het,
 sou ek dit baie waardeer het, veral omdat daar, volgens
 Cory, ongereeldhede sou gewees het.

179) Theal: C.C., XLIII, Truter en Borchards aan die hoofregter,
 pp. 353 en 349.

Van die saak sê die K.v.O.: "The judicial proceedings of
 which he complains have certainly furnished us with grounds
 for proposing future improvements in the several branches
 of the judicial administration, and although we find that
 they are marked with the same defects of uncertainty and
 delay that we had occasion to observe in other cases
 that have been brought before us, yet we are not prepared
 to say, that under a more perfect administration of the
 laws the result to Mr. Burnett would have been different;
 while on the other hand, we are firmly convinced that the
 proceedings furnish no grounds whatever for the charges
 that he has made of injustice, partiality or corruption":
 Theal, C.C., XLIV, K.v.O., p. 89.

Die K.v.O. het geen twyfel oor die beslissing van die
 hof gehad nie, en inteendeel hul praat van die "gross
 and unfounded aspersions of Bishop Burnett":

Theal: C.C., XXVII, p. 339.

nadeel sou gestrek het, maar dit blyk uit die verskeie dokumente dat hy hoofsaaklik self die verdragings veroorsaak het, gewoonlik om tyd te kry om hom voor te berei op 'n saak, maar selfs hierin het hy in gebreke gebly. ¹⁸⁰⁾ Indien Burnett nie te vrede was met die uitwysing van die Rondgaande hof nie kon hy appél aangeteken het, en alhoewel hy kennis van appél gegee het, het hy in gebreke gebly om met die saak voort te gaan. ¹⁸¹⁾

Die hele vraagstuk van Burnett se bankrotskap-verklaring, wat volgens hom ontydig gedoen is en sodoende sy krediet sterk beïnvloed het, is te lank om op in te gaan en ons noem net 'n paar belangrike feite in hierdie verband. Reeds binne 6 maande na sy aankoms in die kolonie was hy 3,960 Rds. 1 sch. skuldig aan Ebdon en Eaton, en met die oordrag van sy eiendom aan hierdie firma kan hy self nie eers sy skulde aan hul dek nie. Nadat daar later gepoog is om sy skulde te vereffen, was daar nog 'n tekort van 7,060 Rds. 1 Sch. Die verklaring dat Burnett bankrot is, het ook nie onmiddellik geskied nie, maar 6 maande na die datum waarop die hof hom by verstek in 1821 te Kaapstad veroordeel het tot die betaling van sy skuld aan Hart, en ook nadat Burnett verskeie kere op eed verklaar het dat hy bankrot is. Ons moet ook nie die baie belangrike faktor uit die oog verloor dat Burnett sy eiendom aan die firma Ebdon en Eaton oorgedra het, desnieteenstaande die feit dat hy diep in die skuld by verskeie ander persone was nie. ¹⁸²⁾ Burnett wat 'n kweker van groenvoer was, het beweer dat die Kommissariaat-Departement hom geld skuld, maar hierdie vordering van hom het hy nooit offisieel aan die

-
- 180) Theal: C.C., XXIII, Truter aan Somerset, 12.10.1825, p. 268.
Ibid, XXIV, K.v.O., p. 84.
Ibid, XXV, p. 364.
- 181) Theal: C.C., XXIII, Truter aan Somerset, 12.10.1825, p. 269.
Ibid, XXIII, Truter en Borchers aan die Hoofregter, pp. 353 ff.
- 182) Theal: C.C., XXV, Memorie van Stone, 'n krediteur, pp. 352-354.
Ibid, XXIII, Truter aan Somerset, p. 267.
Ibid, C.C., XXV, p. 357.

sekwestreerder se agent oorgedra nie, maar inteendeel beweer dat hy geen krediet het nie. ¹⁸³⁾ Geen wonder dat Hoofregter Truter hom as volg oor Burnett se petisie uitlaat nie:

Mr. Burnett, throughout his petition, has not only developed the whole of the circumstances which attended his so called persecution, but that he even omitted all dates; which circumstance is the more remarkable, because by referring to the date of every circumstance, and linking by that means the whole regularity together, Mr. Burnett's case becomes quite the reverse of what has been asserted in his petition; and as the documents containing this information have not been prepared for the occasion, they may be considered as the best and strongest evidence that can be possibly be adduced." ¹⁸⁴⁾

Die rapport van die Kommissie van Onderzoek oor sy saak moes vir Burnett bitter teleurgestel het want in 'n verhandeling oor sy hele saak loods hy 'n kwaai aanval op hul, sowel as op Somerset. ¹⁸⁵⁾ Die hele geval het sy weerklank sodoende in die Britse Laerhuis gehad, en kwaai kritiek is op die hele regeringstelsel aan die Kaap uitgeoefen. ¹⁸⁶⁾ Ons kan ons voorstel dat hierdie kritiek die verandering in die regstelsel aan die Kaap in die hand moes gewerk het. Dat die Burnett-episode, wat geëindig het met sy verbanning uit die kolonie, na sy verhoor in Kaapstad op 'n lasteraanklag, een van die vernaamste regsake in die twintiger jare was, lei geen twyfel nie. ¹⁸⁷⁾

-
- 183) Theal: C.C., XXIII, Truter aan Somerset, P. 267.
Ibid, XXIV, K.v.O., p. 89.
- 184) Theal: C.C., XXIII, Truter aan Somerset, p. 272.
Vir die Burnett-episode sien:-
Theal: C.C., XXIV, K.v.O. re Burnett, pp. 72-107.
Ibid XXIII, Truter re Burnett, pp. 265-273.
Ibid XXIII, Truter en Borchers aan die hoofregter, pp. 348-354.
Ibid XXV, Somerset aan Bathurst, pp. 351-365.
Ibid XX, Burnett aan Horton, pp. 154-181.
Ibid, XX, Bathurst aan Somerset, p. 389 ff.
Ibid XX, Horton aan Burnett, p. 394 ff.
Ibid XVI, pp. 182-192; XIV, p. 493 ff; XXIX, p. 230 ff; XXX, p. 18; XXXI, p. 1; XXIX, p. 1 ff.
- 185) Theal: C.C., XXIX, pp. 3, 5 en 6.
- 186) Theal: C.C., XXII, Hansard Parlementere debatte, 16.6.1825, p. 4 ff.
Ibid, XXVI, Hansard Parlementere debatte, pp. 334-343.
Ibid, XXVIII, Hansard Parlementere debatte, 7.12.1826, p. 398
Ibid, XXXIV, Petisie van Burnett voor die Laerhuis, p. 12 ff.
- 187) Van Burnett sê die S.A. Commercial Advertiser dat sy handelswyse "caused an unfavourable impression respecting the new inhabitants to sink deep into the minds of those at the head of affairs":
S.A. Commercial Advertiser, Deel 11, No. 77, 23.12.1826.

HOOFSTUK V.VOORGESTELDE VERANDERING IN DIE REGS-
WESE AAN DIE KAAP.

Soos ons in 'n vorige hoofstuk aangetoon het, was daar reeds gedurende die eerste besetting, alhoewel tydelik, tog sprake van 'n verandering in die regstelsel. Hierdie voorgestelde verandering moes hul invloed laat geld het, veral nadat toestande in die begin twintiger jare gunstig vir 'n verandering geword het, want in 'n missive van die 20ste Mei 1822 aan lord Charles Somerset, dui graaf Bathurst daarop dat hy 'n sodanige verandering oorweeg.¹⁸⁸⁾

Graaf Bathurst wou hoofsaaklik die getal regters vermindder, en in plaas van 8 lede sou sy voorgestelde hof uit 'n hoofregter - Bathurst het gevoel Truter kon in die pos aanbly - en twee juniorregters bestaan, waarvan die een die regter van die vise-admiraliteitshof sou wees. In sy antwoord op graaf Bathurst se brief, het Somerset dit duidelik laat deurskemer dat dit absoluut onmoontlik is om onder die ou stelsel die getal van regters te verander, hoofsaaklik a.g.v. die baie bykomende dienste wat die Raad van Justisie moes verrig. Die nuwe hof sou tenminste moes bestaan uit 'n hoofregter en drie bykomende regters, terwyl die bykomende funksies van die hof sou verrig moes word deur 2 Kommissarisse.¹⁸⁹⁾ Ook die Onderregeringssekretaris, H. Ellis, het 'n plan ter verbetering van die Kaapse geregshof opgestel wat deur Somerset aan Bathurst gestuur is.¹⁹⁰⁾

-
- 188) Theal: C.C., XIV, Bathurst aan Somerset, 20.5.1822, p.371 ff.
Vide : Theal: C.C., XV, Somerset aan Bathurst, 6.9.1822, p.25. ff.
- 189) Ibid, XV, Somerset aan Bathurst, 6.9.1822, p.25, ff.
Somerset se voorgestelde hof sou 'n verhoogde uitgawe van £3,300 sterling veroorsaak.
- 190) Ibid, XV, Plan van Ellis, p.31, ff.
Ellis het voorgestel dat 'n hoofregter en 2 juniorregters die hof moes vorm. Wat interessant in sy voorgestelde plan is, is dat hy die Kolonie in Oos en Wes verdeel in so verre dit die Rondgaande Hof aangaan, en ook stel hy voor dat die Rondgaande Hof-regter bygestaan moes word deur 2 burgers, wat Rondgaande Hof-Heemrade genoem kon word.

Die regstelsel sou egter bly soos dit was, en dit is aan die Kommissie van Onderzoek oorgelaat om die hele regstelsel noukeurig te ondersoek. Op hul verslag het die koloniste met groot verwagting uitgesien want die verwagting was dat

the Report of the Commissioners of Inquiry will "soon enable us to see the very heart of the machine, while we can only play upon the surface". 191)

Die basis waarop die Kommissie van Onderzoek hul nuwe stelsel gevorm het, was baie interessant want dit gee ons gelykertyd 'n insig in wat hul beskou het as die vernaamste gebreke van die ou siviele stelsel. Hul verklaar dan ook:

We have had three principal objects in view, the "entire Separation of the Executive from the Judicial power, the Establishment of an appellate jurisdiction within the Colony for the purpose of correcting the errors and controlling the action of the Inferior Courts, and lastly an improvement in the structure of the latter with a view to secure them as much as possible from the influence of local prejudice and interests." 192)

A. WETTE:

Die Romeins-Hollandse reg word gekenmerk deur sy billikheid, rekbaarheid en maklike aanpassingsvermoë by volksplantings. 193) Die Kommissaris was ten volle bewus van die voordele maar heelwaarskynlik onder invloed van die filantropie, het hul die groot diskressie wat volgens daardie stelsel aan die regters gegee is, veroordeel veral omdat volgens hul die Engelse reg daardie diskressie omskryf het. 194) Die Kommissie

191) S.A. Commercial Advertiser No. 1, 4.1.1826.

192) Theal: C.C., XXVIII, K.v.O., p. 33.

193) Wypkema: Invloed van Nederland en Nederlands-Indië, p.123.

194) Theal: C.C., XXVIII, K.v.O., p. 14.

Gardiner en Lansdown: S.A. Criminal Law, Deel I, p. 5.

C.J. de Villiers in Rex V. Kaplan:

the uncertainty and want of precision which characterise "the criminal law of Holland." 'n Groot diskressie word aan die regter gegee i.v.m. die straf, en ook of die saak krimineel is of nie.

(Vide supra, p. 5.)

het dan ook voorgestel dat die Engelse reg aan die Kaap toege-
 195) pas moes word.

B. HOËR HOWE: 196)

Die Kommissie het gevoel dat dit lewensbelangrik is om 'n
 behoorlike regsoktrooi uit te reik. Onder die Oktrooi sou 'n
 Appélhof ingestel word in die Kolonie, waarvan ook na die Koning-
 in-Rade geappelleer kon word in siviele sake, indien die bedrag
 of waarde bo £500 was.

Onder die hof sou daar twee siviele Hoër howe bestaan; een
 in die Westelike Provinsie wat gevorm sou word deur twee regters,
 en een in die Oostelike Provinsie, gevorm uit een enkele regter.
 Die Equity-hof sou waargeneem word deur die regter van die
 Hooggeregshof, terwyl die twee Meesters van die Oostelike- en
 Westelike Provinsie dieselfde funksies in die twee laer howe
 sou verrig.

Twee Hoër Kriminele howe bekend as hoggeregshowe sou in die
 Kolonie ingestel word met dieselfde jurisdiksie as die van die
 'Kings' Bench', in Engeland. In die Westelike Provinsie sou die
 hof gevorm word deur die Hoofregter en die twee regters van die
 laer hof, terwyl die hooggeregshof van die Oostelike Provinsie
 uit die een regter van die siviele hof sou bestaan.

- 195) "With these impressions of the inconvenience that will be
 felt by the introduction of the English System of Juris-
 prudence, we should not have ventured to submit it to the
 adoption of His Majesty's Government, if we had not felt
 that --- it would yet be preferable to the tedious pro-
 cess of engrafting a modified system of it upon that which
 now exists, the greatest merit of which would consist
 in an imperfect approximation to that which we presume
 it is the wish of His Majesty's Government to establish
 in as pure and perfect a form as may be found compati-
 ble with the relation, means, and extent of the Colony."
 Die Kommissie van Onderzoek was egter ten gunste daarvan
 dat die Kolonie, met klein wysigings, hul wette betref-
 fende vaste eiendom kon behou:-
 Vide Theal: C.C., XXVlll, Kommissie van Onderzoek, p. 64.
 196) Theal: C.C., XXXlll, Kommissie van Onderzoek, p. 110 ff.
 Ibid, XXVlll, Kommissie van Onderzoek, p. 18, ff.

Twee keer in die jaar moes die regter van die Oostelike Provinsie en die regters van die Westelike Provinsie ook die Rondgaande Hof in die distrikte waarneem om siviele sake te verhoor. Die Kriminele regspraak sou in Kaapstad en in die Kaapse distrik waargeneem word deur die hoofregter en ten minste een van die regters van die laer hof, terwyl een van die regters die Rondgaande hof sou waarneem. Dieselfde funksie sou in die Oostelike Provinsie deur die siviele regter gedoen word. Spesiale kriminele sittings kon ook in die distrikte gehou word, terwyl belangrike halsmisdade by die setel van die hooggeregshof gehou kon word. Die hooggeregshof vir kriminele sake sou in die Oostelike Provinsie 2 keer in die jaar te Grahamstad sit, terwyl die Westelike Provinsie se hooggeregshof vier keer in Kaapstad sitting sou hê.

Die werksaamhede van die vise-admiraliteitshof sou nou deur die regter van die hooggeregshof in die Westelike Provinsie waargeneem word, en in die Oostelike Provinsie deur die regter van die geregshof aldaar. Verder stel die Kommissie van Onderzoek voor die stigting van 'n hof van Seerowery, bestaande uit vyf persone, om gevalle van seerowery, halsmisdade en ander oortreedings op see of binne die jurisdiksie van die admiraal aan die Koloniale kus, te verhoor.

Die regters, stel hul voor, moet regsgeleerdes van die Engelse, Skotse en Ierse balie wees met ten minste vyf jaar ondervinding, en sal op goeie gedrag aanbly.

C. LAERHOWE: 197)

Die ou instelling van Landdros en Heemrade moes nou plek maak vir 'n nuwe en wel vir die distrikshowe en die Resident-

197) Ibid, XXXlll, Kommissie van Onderzoek, p. 115, ff.
 Ibid, XXVlll, K.v.O., p. 29, ff.
 Ibid, XXVll, K.v.O., re die Regeringsadministrasie, p. 387, ff.

198) magistrate. Die siviele jurisdiksie van die magistrate is op £30 sterling of 400 Rds. gestel. Al die oortredings wat in Engeland voor die hof van 'Quarter Sessions' kon kom, sou binne die jurisdiksie van die Distriks-howe val, asook kleinere oortredings volgens Bourke se 1826 Ordonnansie, waar die waarde van die gesteelde goedere minder as 20/- sterling is. Appel kon van die howe aangeteken word indien die vonnis langer as een jaar tronkstraf is of waar die boete meer is as £15.

D. VERVOLGING IN DIE HOF:

In elke provinsie moes 'n Prokureur-Generaal aangestel word om toesig te hou oor alle kriminele prosedure. In die distrikte sou die klerke as publieke vervolgers in kriminele sake diens doen, en in siviele sake die funksie van registrateur verrig. Regspraktiseerders kon alleen hier optree indien hul lid van die Ierse, Skotse of Engelse balie was, terwyl daar geen skeiding tussen die pligte van prokureurs en advokate sou wees nie, totdat omstandighede gunstig daarvoor sou wees. Die vervanging van die Hollandse strafregprosedure deur die Engelse, was sodoende die hoofdoel van die Kommissie van Onderzoek.

E. DIE JURIE STELSEL:

Die juriestelsel was een van die begrippe waarmee die Britse setlaars vertrouwd was, en geen wonder dat dit een van die dinge was waarvoor altyd gevra is nie. Die Kommissie

198) Daar sou in die Westelike Provinsie vier distriksregters wees, nl. te Stellenbosch, Swellendam, Tulbagh en Clanwilliam, en vier Resident-Magistrate te Simonstad, Caledon, Worcester, Nieuweveld. In die Oostelike Provinsie sou daar distriksregters wees te Beaufort, Graaff-Reinet, Somerset, Uitenhage en George, en Resident-Magistrate te Port Francis, Port Elizabeth en Winterveld: Vide Theal: C.C., XXVII, p. 387.

199) "Give us an Assembly, the Colony will find efficient members; give us Trial by Jury, it will soon acquire our confidence; give us wise and equal laws:" S.A. Commercial Advertiser, Deel II, No. 69, 25.11.1826 (Inleidings-artikel).
 Vide Theal: C.C., XXVIII, K.v.O., p. 13.
 Vide Ibid: C.C., XXVIII, p. 454 (Bourke se opinie re juries: nie ten gunste van juries in siviele sake nie.)
 Reeds sedert 1811 word daar al vir 'n juriestelsel gevra.
 Vide C.O. 48/13, Cradock aan Liverpool, 31.12.1811 (S.V.)
 C.O. 48/17, Cradock aan Bathurst, 2.10.1813 (S.V.)

van Onderzoek moes erken dat die gewoontes en verspreidheid, asook die belangeloosheid van die Koloniste in openbare aangeleenthede, teen die instelling van die juriestelsel sou tel. Volgens hul was die howe egter met so 'n sterk suspisie van partydigheid bejeen dat die beste manier om dit uit die weg te ruim, was deur die instelling van juries. ²⁰⁰⁾ Daar die koloniste se kennis van Engels gebrekkig was het die Kommissie voorgestel dat juries vir die eerste vyf jaar slegs in Kaapstad en Albany gebruik moes word.

'n Jurie sou in siviele sake uit 9 lede bestaan en dit kon alleen gebruik word indien beide partye daartoe toestem, en in so verre dit nie die vryheid en regte van Slawe en Hottentotte geraak het nie. In gevalle van misdade en oortredings sou die Jurie uit 8 bestaan maar daar word voorgestel dat in hierdie tipe van verhoor alle slawe, inboorlinge in diens van die grensbewoners, boesmans en buit-gemaakte nigers uitgesluit sou wees. ²⁰¹⁾ Die kommissarisse verklaar verder dat

Trail by jury --- in its modified number of eight persons will constitute the principle of Criminal trial in the Colony, and the trial by the court will be the exception." ²⁰²⁾

Die nuwe regstelsel van die Kommissie van Onderzoek was gebaseer op die verdeling van die Kolonie in Oos en Wes. Hul voorgestelde regstelsel sou 'n uitgawe tot die bedrag van £33120 beteken. ²⁰³⁾ Met die aanname van die Regsoktrooi sal ons sien hoeveel gewig die voorgestelde stelsel van die Kommissie van Onderzoek gedra het.

200) Theal: C.C., XXVIII, K.v.O. p. 25.

201) Ons sien duidelik die filantropiese invloed hier.

202) Theal: C.C., XXXIII, K.v.O., p. 113.

203) Theal: C.C., XXVII, p. 523.

vgl. Ibid: Finansiële verslag van Kommissie van Onderzoek. p. 501, ff.

DEEL III

DIE NUWE BEDELING.

INLEIDING TOT DIE NUWE BEDELING.

Daar steek baie waarheid in die bewering van Prof. E.

Walker dat

from a consitutional point of view, the year 1828 "is the Annus Mirabilis of Cape history, for in it the freedom of the press was fully won and the judicial and local administrative systems were revolutionised". 1)

Die ou gedesentraliseerde stelsel moes wyk voor 'n nuwe, en wel 'n gesentraliseerde stelsel wat die basis van die toekomstige regstelsel in Suid-Afrika sou vorm. In hierdie nuwe stelsel vind ons idees wat reeds aan die begin van die agtiende eeu gehuldig is, en de Mist se reëling dat die wetgewende mag van die uitvoerende mag geskei moet wees, vind ons word in die 1827 Regsoktrooi bepaal.

Die man wie verantwoordelik was vir die optrek van die Regsoktrooi, was James Henry Stephen wat reeds sedert 1813 as regsadviseur vir die Handelsraad opgetree het.²⁾ Reeds op 25 Mei 1827 rig lord Goderich 'n brief aan die prokureur-generaal waarin hy 'n konsep-plan van die regsoktrooi insluit.³⁾ 'n Afskrif van die Oktrooi is ook deur Goderich aan Bourke gestuur.⁴⁾ In Augustus 1827 is die Regsoktrooi goedgekeur en volgens 'n artikel in die Oktrooi het Bourke op die 10de Desember 1827 'n proklamasie uitgevaardig wat bepaal het dat die Regsoktrooi vanaf 1 Januarie 1828 in werking sou tree.⁵⁾

Die man wat die plek van Truter as hoofregter van die Kolonie sou inneem, was Sir John Wylde, en hy is bygestaan deur William Menzies, George Kekewich en William Burton. In die plek

-
- 1) Walker: A History of South African, p. 169.
 - 2) Muller: Die Britse Owerheid en die Groot Trek, p. 5.
Botha: William Menzies, p. 5.
Stephen was vanaf 1834 Assistent Onder-sekretaris van die Koloniale kantoor, en sedert 1836 die Permanente hoof daarvan.
 - 3) C.O., 1313, Deel 10, Missiwe van Goderich, 25.5.1827. S.V.
 - 4) Theal: C.C., XXXII, Goderich aan Bourke, 5.8.1827, p. 254.
 - 5) Theal: C.C., XXXIV, Proklamasie van Bourke, 10.12.1827, p. 218.

van die ou fiskaal het nou gekom die Prokureur-Generaal, 'n pos wat deur A. Oliphant gevul is terwyl T.H. Bowles as registrateur van die hof opgetree het.⁶⁾ W. Menzies het, nadat hy 'n betrekking toe as regter in Nieu-Suid-Wallis van die hand gewys het, die betrekking as die tweede regter na Wylde aanvaar. Voor hy na die Kolonie gekom het, het hy reeds aansoek gedoen om 'n kopie van die oorspronklike Bataafse Statute uit Holland te kry. Ook regter Burton het hom voorberei vir die Kaapse regsweese en spesiaal na Holland gegaan om 'n beter kennis van die ou Hollandse regsweese, sowel as taal op te doen.⁷⁾

Op die 10de Desember 1827 het die nuut aangestelde regters die eed van getrouheid by die Goewermentswoning afgelê, en op 1 Januarie 1828 het die hof vir die eerste keer byeengekom. Nadat die hof kennis van die Prokureur-Generaal se aanstelling geneem het, is die Prokureurs en Advokate tot die hof toegelaat. Hierna is Mnr. Burton, 'n broer van regter Burton, as die Meester van die hof aangestel, asook die registrateur en tolk van die hof. Vervolgens het hoofregter Wylde die hof toegespreek, waarna die wyse van prosedure wat in die hof na I April gevolg moes word, voorgelees is. Die hof was gereed om sy eerste saak te verhoor.⁸⁾ Die 1827 Regsoktrooi sou diens doen tot in 1832 toe 'n nuwe Oktrooi uitgevaardig is, wat in 1834 in werking sou tree.

6) Die persone sou die volgende salarisse ontvang:-

J. Wylde	-	£2,500.
W. Menzies	-	£1,500.
W.W. Burton	-	£1,500.
A. Oliphant	-	£1,500.
T.H. Bowles	-	£ 600.

Vir die informasie sien:

Theal: C.C.,XXXII, Hay aan Herriers, 15.6.1827, p. 21.

7) Botha: William Menzies, p. 6.

8) Botha: William Menzies, p. 7.

HOOFSTUK I.WETTE IN GEBRUIK NA 1828.

Na 1809 is die Romeins-Hollandse reg in Nederland vervang deur die Kode Napoleon, en sodoende het die ou-Hollandse reg op sy eie voort ontwikkel aan die Kaap. In die rapport van die Kommissie van Onderzoek is daar voorgestel dat die hele Engelse regstelsel die van die Kaap moes vervang.⁹⁾ Hiermee kon Goderich, die staatsekretaris, nie saamstem nie en in 'n missiwe wat hy aan Bourke gerig het, ter toeligting en aanvulling van die Regsoktrooi, verklaar hy dan ook.

An entire change in all the rules of law respecting "Property, Contracts, Wills and Descents, must unavoidable induce extreme confusion and distress, nor in the present case is it very evident what compensatory advantage would be obtained".¹⁰⁾

Die gevolg hiervan was dat die Romeins Hollandse burgerreg bly voortbestaan het in die Kolonie.

Met vier regters, hoofsaaklik bekend net met die Engelse reg en met advokate en prokureurs geskool aan die Engelse Universiteite kan ons verwag dat die Engelse reg sy invloed deeglik sou laat geld het. Op watter maniere het die Engelse reg sy invloed laat geld? In die eerste plek het die Engelse regsboeke, en die beslissings van die Engelse howe groot invloed aan die Kaap uitgeoefen. Waar die Engelse reg by benadering enigsins soos die Romeins-Hollandse reg was, is daar meer na Engelse sake as na die Hollandse juriste verwys.¹¹⁾ In die tweede plek het die Regskomitee van die Geheime Raad ook gesorg dat die Engelse reg algaande sy invloed op die Kolonie

9) Theal: C.C., XXIII, Goderich aan Bourke, 5.8.1827, p. 256.

10) Ibid, XXIII, Goderich aan Bourke, 5.8.1827, p. 256.

Dit herinner ons aan wat Carleton van die Trans-Kanadese gesê het: "With regard to any portion of their (civil) law, one custom separate from another, I believe they would be extremely hurt to have any part of their customs taken from them, except when the commercial interest of the country may require a reasonable preference --- I believe they would make no objection to any such commercial laws if they may know what those laws are":-

Coupland: The Quebec Act, p. 75.

11) Wessels: Roman Dutch law, p. 387.

versterk het. Daar die Kaapse regters verwag het dat die Geheime Raad dieselfde beginsels sou handhaaf in sake vanuit die Kaapkolonie, as in appélsake vanuit die ander Britse Kolonies, en daar regters gewoonlik nie daarvan hou dat hul beslissings omver gewerp word nie, is baie waarde aan die beslissings van die Geheime Raad geheg. Die Regskomitee van die Geheime Raad was uit die aard van die saak nie te goed bekend met die Romeins-Hollandse reg nie, met die gevolg dat die Romeins-Hollandse reg gestadigaan in die Britse reg ingetrek is. ¹²⁾ Geen wonder dat, ten einde appél te vermy die regters dikwels van die Geheime Raad se beslissings gebruik gemaak het nie. Die ou Hollandse gebruik waar die wette die gevolg van die gewoontereg was, is nou vervang deur 'n stelsel waar die wette van bo af toegepas is. ¹³⁾ In die derde plek het die Imperiale wetgewing van Engeland ook hul rol gespeel en ons vind dat die Romeins-Hollandse reg sterk beïnvloed is deur die Engelse Statutere wetgewings. ¹⁴⁾ As slot by hierdie drie redes, kan ons voeg dat

de hoofdoorzaken van de Engelse invloeden waren, "--- de onbekendheid met het --- rechts-systeem en daarnaast de rekbaarheid van ons eigen recht, het vermogen om zich aan te passen aan de veranderende omstandigheden van het land en de eisen van de tyd." ¹⁵⁾

Alhoewel die regters die bestaande wette moes navolg, is daar tog aan hul opgedra

to transmit to yourself (Bourke) the drafts of "such laws as they may think best adopted for the amendment of the civil and Criminal Code". ¹⁶⁾

Die was in die kriminele sfeer dat die Engelse reg sy invloed

- 12) Wessels: Roman Dutch Law, p. 391 ff.
 Wypkema: Invloed van Nederland en Nederlands-Indië, p.128.
 Walker : Lord de Villiers and his times, p. 78.
- 13) Wypkema: Invloed van Nederland en Nederlands-Indië, p.129.
- 14) Wessels: Romand Dutch Law, p. 394.
- 15) Bodenstern, "Engelse Invloeden", p. 6.
- 16) Theal: C.C., Goderich aan Bourke, p. 258.
 Vide, Bylae I, p. 11.

sterk laat geld het, en veral in so verre dit kriminele procedure aangegaan het. Ordonnansie 40 van 1828 en Ordonnansie 72 van 1830 was dan ook baie gesmee op die Engelse Kriminele procedure, en waar daar nie spesifieke verwysings was nie moes die gebruik van die Engelse howe te Westminster na gevolg word.¹⁷⁾ Die instelling van die juriestelsel het gelei tot die aanname van die 1830 getuieniswet wat grootliks verskil het van die ou Hollandse gebruik.¹⁸⁾

Die invloed wat die Engelse wette uitgeoefen het, was ten goede sowel as ten kwade. Die aanname van Britse wette het heel dikwels op 'n onwetenskaplike manier geskied, en is dikwels heelhuids uit Engeland oor geneem soos dit van toepassing aldaar was.¹⁹⁾ Die Engelse Kriminele reg het ons strafreg sterk beïnvloed, maar ongelukkig was hierdie invloed nie altyd 'n goeie nie."²⁰⁾ "Dat so 'n toestand nie ten goede van die Kolonie kon strek nie is vanselfsprekend. Aan die anderkant is dit ook waar

dat waar de twee rechtsstelsels deselfde beginselen "huldigen, zyn de Engelse Rapporten een ryke bron van inlichting en kennis en waar ons recht te kort skiet, hebben de billike beginselen van het Engels handelsrecht, --- ons in staat gesteld te voldoen aan de vermeerderende behoeften van het wassende verkeersleven, zodat wy gekregen hebben niet het zuivere Engelse recht, maar een mengsel van het goede in het oude en het goede in het nieuwe recht." 21)

Daar was sodoende twee groepe wette langs mekaar aan die Kaap en met Engels as offisiële taal in die howe, sowel as met Engelse regsgeleerdes op die regbank, het die Romeins-Hollandse reg tweede beste daarvan afgekom. Dit was dus 'n groot geluk

17) Gardiner and Lansdown: South African Criminal law, I, p. 363.

18) Gardiner and Lansdown: South African Criminal law, I, p. 363.
Walker: Lord de Villiers and his times, p. 76.

Wypkema: Invloed van Nederland en Nederlands-Indië, p. 143.

19) Wessels: Roman Dutch law, p. 400.

20) De Wet en Swanepoel: Strafreg, p. 15.

21) Bodenstern, 'Engelse Invloeden' p. 38.

Vide Wypkema: Invloed van Nederland en Nederlands-Indië, p. 126 ff.

Vide Wessels: Roman Dutch law, p. 399.

dat, voordat de Villiers hoofregter geword het, die regter met die meeste invloed aan die Kaap, William Menzies was. As 'n Skot, en onderrig in 'n wetstelsel wat gebaseer was op die Romeinse reg kon hy 'n beter begrip van die Romeins-Hollandse reg gevorm het as die ander regters.²²⁾ Met die aanstelling van de Villiers as hoofregter, is daar 'n groot slag vir die Romeins-Hollandse reg geslaan, en dit het weer 'n lewende regstelsel geword. Die werk is later deur Sir John Wessels en Sir James Rose-Innis voortgesit sodat die Romeins-Hollandse reg weer tot sy eie gekom het. Die Romeins-Hollandse regstelsel is saam met die Voortrekkers oor die grense van die Kolonie gedra. In die Oranje Vrystaat was "het Roomsche Hollandsche Wet", die grondslag van die regswese aldaar en so ook in die Transvaal, terwyl die Kaapse wette na 1845 in Natal toegepas is.

Ons het reeds onder die Ou Bedeling, Deel I van die tesis, aangetoon watter wette van toepassing was aan die Kaap voor die 1827 Regsoktrooi. Wat is die toestand vandag i.v.m. daardie ou wetgewings? Wet No. 25 van 1834 bepaal dat

die wette ingevoer deur die wetgewende mag wat "voor die tiende dag van Januarie 1806 in die Kaap die goeie Hoop gevestig was, word hierby herroep" -

twee klein uitsonderings word egter deur die wet gemaak.²³⁾ Die hele kwessie van die regsgeldigheid van wetgewings uitgevaardig deur die State Generaal en die Provinsies van Holland, het in 1922 in die saak Rex v. Harrison en Dryburgh onder bespreking gekom.²⁴⁾ Dit wil voorkom asof geen plakate wat na 1652 uitgevaardig is van toepassing in Suid-Afrika is nie, tensy dit

22) Walker: Lord de Villiers and his times, p. 78.

Botha: William Menzies, p. 8.

Menzies het hom dit ten doel gestel om die verwarring wat daar met die oorskakeling na 'n nuwe regstelsel moes kom, uit te skakel. Hy hou ook rekord van die bevindings van die hof nl. die "Menzies Reports".

23) Wette van die Unie van Suid-Afrika, Wet 25, 1934, p.103 ff.

24) S.A.L.R., A.D. 1922, pp. 320-337.

so vasgelê is nie. Indien enige plakate van toepassing is, dan sal dit slegs die wees wat uitgevaardig is deur die State-Generaal en die Provinsies van Holland en Wes-Friesland.

Plakate wat nie spesiaal van toepassing op die Kaap is nie, is nogtans van toepassing indien dit van 'n algemene aard is en in so verre dit deel vorm van die Hollandse gewoontereg.

C.J. Innes het in bogenoemde saak gevoel dat verdere ondersoek nodig is alvorens 'n definitiewe antwoord op die geldigheid van plakate in die Unie uitgevaardig deur die State-Generaal en deur die Provinsies, gegee kan word.

HOOFSTUK II.DIE NUWE REGSTELSEL.A. HOËRHOWE: -(1) HOOGGEREGSHOF:

Hoofsaaklik op aanbeveling van die Kommissie van Onderzoek is die ou regstelsel afgeskaf. Die nuwe gesentraliseerde stelsel het bestaan uit die hoofregter en drie ander regters. Waar die Kommissie van Onderzoek die verdeling van die Kolonie voorgestel het, met aparte geregshowe in elke provinsie, het hierdie plan nie byval by Goderich gevind nie. Dit sou tewens weereens beteken het dat die sentralisasie-beleid nie volkome toegepas kon word nie.

Een van die grootste verbeterings in die nuwe stelsel was dat die regters hul betrekings volgens die beginsel "quambiu se bene gesserint" sou beklee en bly behou.²⁵⁾ Die jurisdiksie van die hooggeregshof in alle kriminele en siviele sake, sou oor die hele kolonie strek. In siviele sake sou 'n "quorum" van die hof uit drie regters bestaan waarvan die hoofregter een moes wees, terwyl in kriminele sake een of meer regters saam met 'n jurie van nege nodig was om 'n saak te verhoor.

Die Kommissie van Onderzoek het voorgestel dat waar die appéljurisdiksie van die Goewerneur afgeskaf gaan word, die hoofregter alleen 'n intermedieë appélhof moes vorm. Hierdie voorstel van die Kommissie was onaanneemlik vir die Staatssekretaris want indien die twee bykomende regters alleen 'n saak sou uitwys, het hy verklaar, geen voorsiening gemaak word vir 'n verskil van opinie tussen hul nie, en indien die hoofregter

25) Vide: Bylae, p. 2, ff.

Hierby moet ons noem dat die regters geen ander betrekings kon beklee nie, en ook nie vergoedings mag ontvang nie.

saam met die ander twee regters 'n saak uitwys wat is die nut vir appél vanaf hul uitspraak na 'n regter wat lid van hul hof was. So 'n stelsel sou weereens te veel mag in die Lande van die hoofregter plaas.²⁶⁾ Die gevolg was dat appel direk na die Koning-in-Rade toegelaat is indien die bedrag op waarde oor £1,000 was. Die goewerneur het sodoende sy appeljurisdiksie verloor, en in die woorde van Goderich,

I am happy to be able to relieve you from an "office of so arduous a nature, and which perhaps has no proper connection with the still more important duties of the Civil or Military Government. The interference of the Governor in the administration of Justice between Individuals will, therefore, entirely cease." 27)

In die Regsoktrooi van 4 Mei 1832 is die bedrag verminder na £500, terwyl die getal van die regters ook van vier na drie verminder is.²⁸⁾

(2) RONDGAANDE HOWE:-

Sedert 1811 het die Rondgaande howe hul goeie invloed op die Kolonie uitgeoefen, en geen wonder dat die Regsoktrooi weer vir so 'n instelling voorsiening gemaak het nie. Die Kolonie moes deur Bourke in distrikte verdeel word waarin een van die hoofregters ten minste twee keer in die jaar 'n ronde moes doen.²⁹⁾ Die Rondgaande hof sou in kriminele sake bygestaan word deur 'n jurie van nege of waar nege lede nie verkry kon word in die verafgeleë distrikte nie, deur 'n jurie van ses. Siviele sake waar die bedrag minder as £100 was, moes deur die regter sonder 'n jurie uitgewys word, maar indien die bedrag meer dan £100 was kon appel teen die hof se uitspraak aangeteken word.

26) Theal: C.C., XXX11, Goderich aan Bourke, p. 257.

27) Theal: C.C., XXX11, Goderich aan Bourke, p. 265.

28) Eybers: Constitutional Documents, pp. 114-119.

29) Die bedrag van £600 is begroot om die onkoste van die Rondgaande howe te dek:-
Theal: C.C., XXX11, p. 260.

B. LAERHOWE:-

Die Regsoktrooi het aan die Goewerneur-in-Rade die reg gegee om plaaslike howe in die lewe te roep mits hul siviele jurisdiksie nie hoër as £40 sou wees nie, en indien hul kriminele jurisdiksie nie sou strek tot sake wat onderworpe is aan die doodstraf, deportasie of verbanning nie. 30)

Die jurisdiksie wat Bourke aan die Magistrate toegeken het, was minder as wat die Oktrooi voorsiening voor gemaak het. In kriminele gevalle kon hul die oortreder laat lyfstraf toedien, vir 'n maand tronkstraf ople, asook 'n boete op lē tot die bedrag van £10. In siviele aangeleenthede kon hul sake verhoor waar die bedrag nie meer as £10 is nie, en finale beslissings ople indien die bedrag £2 of minder was. 31)

Die nuwe stelsel was in vele opsigte 'n verbetering op die oue, veral aangesien die regterlike funksies wat die heemrade moes verrig het te moeilik vir hul geraak het. In die nuwe stelsel was die skeiding tussen die regterlike en administratiewe funksies 'n stap in die regte rigting, en dit sou baie van die aanklagte vir partydigheid uitskakel. Van die verandering se die gewese hoofregter, die volgende:

No real inconvenience will be felt from the "limitation of jurisdiction as it now stands, which moreover remains always open to further extension; a mode of proceeding which, should it be required, I deem far preferable to any future restriction, if the jurisdiction might hereafter be found "ab initio" to have been too far extended." 32)

30) Vide: Bylae I, p. 19 ff.

31) Theal: C.C., XXXIV, Ordonnansie vir die aanstelling van Resident magistrate en klerke, 19.12.1827. p. 248. Government Gazette: 21.12.1827, Deel XXII. (Artikel 10: Die Magistraat en die klerk - Clerk of the peace - sal die huwelikshof vorm.) Vide: Memorandum van Bourke: Theal: C.C., XXXIV, p. 116 ff. Vide: Memorandum van die Hooggeregshof: Theal: C.C., XXXIV, p. 173 ff.

32) Theal: C.C., XXXIV, Truter se opinie, p. 527.

Net jammer dat die Magistrate te laag besoldig was met die gevolg dat die Magistraatshowe nie die beste regstalent getrek het nie.³³⁾

'n Ander nuwe aanstelling in hierdie tyd was die vrederegter. Hierdie Engelse instelling wat uit die middel van die veertiende eeu dateer, is op 11 Desember 1827 aan die Kaap ingestel. Volgens artikel 2 van hul instruksies moes die vrederegters die vrede bewaar en kon vir hierdie doel die hulp van enige persoon inroep, terwyl hul alle oortredings binne hul jurisdiksie moes ondersoek.³⁴⁾

Ordonnansie No. 44, van 1828 het ook gesorg vir die aanstelling van die Regter van Polisie en Resident Magistraat vir Kaapstad en distrik, en die Kaapse distrik.³⁵⁾ In siviele sake sou sy jurisdiksie tot £20 strek, en indien bedrae oor £5 was, kon na die hooggeregshof geappelleer word. In kriminele sake kon slegs een maand tronkstraf opgelê word of 'n boete tot die bedrag van £5. Die reeling sou slegs tot 1834 goedhou, want in daardie jaar het die Regter en Superintendent van Polisie bogenoemde funksies oorgeneem. Laasgenoemde amptenaar, is deur wet No. 11 van 1860 van sy funksies onthef,³⁶⁾ toe die Resident Magistraat sy funksies oorgeneem het.

-
- 33) Walker: History of South Africa, p. 170.
Vide: Theal: C.C., XXXIV, Bourke aan Hay, 9.12.1827, p. 208.
- 34) Eybers: Constitutional Documents, 11.12.1827, p. 108.
Theal: C.C., XXXIV, Ordonnansie van 11 Desember 1827, p. 220 ff.
Government Gazette, 21.12.1827, Deel XXII.
- 35) Government Gazette, 28.3.1828, Deel XXIII.
- 36) Venter: Government Departments, p. 212.
Ordonnansie No. 11 van 1836 (D'Urban) het voorsiening gemaak vir die regsgeldigheid van funksies verrig deur persone wat in die plek van magistrate of in die plek van die Regter en Superintendent aangestel is, a.g.v. siekte ens. Ook is aan die Goewerneur die reg gegee om indien hy dit nodig ag assistent-magistrate aan te stel:-
Ordonnansies, Kaapse Argiewe.
Vide ook: Ordonnansie 48 van 1828.
Vide ook: Ordonnansie 6 van 1839.

C. DIE PROKUREUR-GENERAAL, EN VERVOLGING IN DIE HOF.(1) DIE PROKUREUR-GENERAAL:

Dit was hierdie amptenaar wat die plek van die fisikaal ingeneem het, en hy sou hoofsaaklik as kroonvervolger en regeringsadviseur optree. Hy moes ordonnansies optrek, wetsdokumente voorberei en in die hof alle krooneiendom verdedig. Die prokureur-generaal is veral as kroonvervolger aan die Kaap ingestel omdat die instelling van derglike amptenare in die Engelse Wes-Indiese Kolonies as 'n groot sukses beskou is. Die Prokureur-Generaal moes toesig hou oor die hele strafregstelsel van die kolonie, en alle oortredings buite die voorlopige jurisdiksie van die vrederegter moes aan hom gerapporteer word.

(2) VERVOLGING IN DIE HOF:-

Die Regsoktrooi het aan die Hooggeregshof die mag verleen om die wyse van prosedure wat in die hof gevolg moes word op te trek en

that all such Rules and forms of practice process and proceeding shall so far as the circumstances of the said colony may permit be framed with reference to the corresponding Rules and forms in use in Our Courts of Record in Westminster". 39)

Dit is dan ook geen wonder dat Ordonnansie 40 van 1828 wat die strafregprosedure van die kolonie sou vasle, hoofsaaklik op die Engelse strafregprosedure gebaseer is nie. Artikel I, van die Ordonnansie lui:

Alle misdaden en alle overtredingen der wetten, "gepleegd door eenig persoon binnen deze kolonie of den Ressornten van dien, zijn onderworpen aan de jurisdictie van het Hooge Gerechtshof van de Kolonie de Kaap de Goede Hoop". 40)

-
- 37) Theal: C.C., XXXll, Goderich aan Bourke, p. 268.
Die pos van Prokureur-Generaal, wat aan die Kaap ingestel sou word, was onbekend aan die Engelse en die beste voorbeeld vir hul was in die Skotse regstelsel aan te tref:-
Theal: C.C., XXXlll, p. 270.
- 38) Theal: C.C., XXXlll, Goderich to Bourke, p. 269.
- 39) Vide: Bylae I, p. 18.
(herhaal in artikel XLVI van 1832-oktrooi: Vide Eybers: Constitutional Documents, pp. 114-119.)
- 40) Government Gazette, Deel XXlll, 1.2.1828,
Tennant: Rules of Court, p. 304 ff.
Ordonnansie 40 van 25 Januarie 1828 is hoofsaaklik opgetrek deur Menzies én Burton: Vide Botha: William Menzies, p. 9.

Artikel VI bepaal ook dat

de Procureur-Generaal van de Kaap de Goede "Hoop is bekleed met de magd, en aan hem is toevertrouwd de pligt, om in naam en van wege den Koning, alle misdaden en overtredingen binnen deze kolonie gepleegd, te prosequeren". 41)

Die vervolging voor die Rondgaande hof en in die distrikte is deur die Klerke waargeneem, en voor die polisiehof van Kaapstad deur die Superintendent van Polisie of sy assistent.

Ordonnansie 40 is in 1830 opgevolg deur Ordonnansie 73, waarvan die doel was to explain, alter, and amend Ordinance No. 40". 42) " In navolging van hul instruksies het die regters ook die wyse waarop die Hooggeregshof sou fungeer en optree, 43) bepaal.

In die Laerhowe sou al die verrigtinge net soos in die hoërhowe in Engels geskied, terwyl alle getuienisse in kriminele sake "viva voce" gegee moes word. Die Resident-Magistraats-
" howe moes verder ook minstens 2 sittings in die week hou.

Ons het reeds aangetoon watter rol die Prokureur-Generaal en Klerke in die howe gespeel het en sal nou kortliks 'n paar van die ander amptenare noem. 44) Die Regsoktrooi het verklaar dat die funksies van advokate en prokureurs geskei behoort te wees, maar indien daar nie 'n genoegsame aantal van beide groepe is nie kon advokate sowel as prokureurs in beide hoedanighede 45) optree.

41) Government Gazette, Deel XXIII, 1.2.1828.

42) Ordonnansie No. 73 van 1830 (Cole) Kaapse argiewe.

43) Van de Sandt: Rules and Orders, p. 1. ff.

44) Die Prokureur-Generaal kon as advokaat praktiseer en in alle siviele sake optree waar die kroon nie 'n party was nie. Die rede hiervoor was om hom sodoende beter bekend met die regstelsel te maak:-
Vide Theal: C.C., XXXIII, p. 270.
Die Klerke in die howe het nie 'n lang bestaan gehad nie. Ordonnansie 26 van 1847 het al aangekondig dat die amptenaar miskien gaan afgeskaf word. Deur 'n Goewermentskennisgewing van 22 Julie 1855 is hul afgeskaf:
Venter: Government Departments, p. 198.

45) Regsamptenare soos die Notarisse sou ook bly voortbestaan. Die eerste Notarisse is in 1793 aangestel en die regulasies wat Nederburgh en Frykenius vir hul opgestel het, vorm nog die basis van ons hedendaagse notariële-praktyk: Banwell en Elliot: The South African Notary, p. 6 ff.
Vide: The Notary's Manual, p. 8 ff.

Die balju is ook in die kolonie aangestel, en hy moes al die vonnisse, bevelskrifte, dekrete, ens. van die hof uitvoer asook opgawes daarvan hou. Die balju moes elke jaar her aangestel word.⁴⁶⁾ Volgens die 1833 "Act for the abolition of slavery throughout the British Colonies" is daar spesiale vrederegters aan die Kaap aangestel om uitvoering aan die wet te gee.⁴⁷⁾

D. JURIESTELSEL:-

Die aanname van die Regsoktrooi in 1827 het ook beteken dat die juriestelsel aan die Kaap ingevoer sou word en dit is alhier deur baie beskou as "the welcome omen of better days".⁴⁸⁾

Aan die Kaap is sodoende "Grand-juries" sowel as "petit-juries" aangestel. Ordonnansie 44 van 4 Februarie 1828 lê dan ook reëls neer wie op die juries mag dien, maar hierdie ordonnansie word in 1831 deur Ordonnansie 83 vervang, wat op sy beurt weer deur Ordonnansie 84 vervang is, en is so verre dit afdeling 4 van Ordonnansie No. 84 aangaan, word dit gewysig deur Ordonnansie 85 van Junie 1831.⁴⁹⁾ Enige manspersoon tussen 21 en 60 jaar kon op die juries dien indien hy aan sekere eiendoms kwalifikasies voldoen het, of 'n sekere bedrag aan belastings betaal het. Daar is deur baie gevoel dat juries ook in siviele sake gebruik moes word, maar dit was eers in 1854 dat juries in dergelyke sake gebruik kon word, maar ook nog net in sekere gevalle.⁵⁰⁾

-
- 46) Government Gazette, Deel XXIII, 18.1.1828.
Eybers: Constitutional Documents, p. 112 ff.
- 47) Charters and Orders:- Kaapse Argiewe.
Gedurende hierdie jare is daar veel aandag aan die gekleurde rasse gegee - vgl. Ordonnansie 50 van 1828 re Hottentotte.
- 48) Regter Burton se toespraak aan die Jurie te Uitenhage; inleiding tot die toespraak, p. 3.
Vide S.A. Commercial Advertiser, Deel III, 29.10.1828: The address of Mr. Justice Burton."
- 49) Vir ordonnansie 44, vide: Eybers: Constitutional Documents, p. 113 ff.
Vir Ordonnansies 83, 84 en 85, vide: Ordonnansies in Kaapse Argiewe.
- 50) Eybers: Constitutional Documents, p. 122 ff.

Sedert die jaar 1828 het daar dus baie veranderinge in die Koloniale toestande gekom. Ons het gesien hoe die Regsoktrooi vele veranderinge aan die hand gewerk het. Ook was daar die 1828 pers-ordonnansie, en die algehele afskaffing van die Weeskamer in 1833 toe die funksies wat daardie liggaam gehad het, oorgeneem is deur die Meester van die geregshof. In 1834 is die Raad van Advies ook aangestel. Voorwaar 1827 was 'n jaar wat aanleiding tot baie dinge gegee het.

HOOFSTUK III.SENTRALISASIE EN ANGLISASIE.A. SENTRALISASIE:

'n Eienaardige karaktertrek van die Nederlandse volk was hul afkeer in enige vorm van ampsbejag.⁵¹⁾ Hierdie karaktertrek is na die Kaap oorgeplaas. Nogtans was die plattelandse koloniste gewoond om in hul eie behoeftes te voorsien, en sodoende het hul aan 'n plaaslike regeringstelsel gewoond geraak wat in aanpassing by hul eie behoeftes was. Die Britse sentralisasiebeleid veral na die Regsoktrooi toe ou instellinge soos die Burger-senaat en landros en heemrade verdwyn het, sou bepaald nie in die smaak van die koloniste val nie.⁵²⁾ Die totstandkoming van 'n gesentraliseerde regstelsel was in vele opsigte 'n verbetering op die oue. Die Raad van Justisie, waarvan sommige van die lede nie regsopleiding gehad het nie, het met die veranderde omstandighede dit al moeiliker gevind om die regspraak na behore uit te oefen. Die vele klagtes, waarvan die meeste oordrewe was, en ook die wete dat hul Raad plek sou moes maak vir 'n nuwe stelsel, moes die lede van die Raad van Justisie nog in 'n moeiliker posisie geplaas het. Aan die anderkant was daar wel heelwat gebreke in die ou stelsel, bv. die invloed wat die Uitvoerende mag oor die regterlike mag uitgeoefen het. 'n Nuwe stelsel waar alle lede regsopleiding moes hê, en waar die regters slegs een betrekking kon beklee, sou veroorsaak dat die klagtes van partydigheid verdwyn. Die vervanging van die ingewikkelde ou Hollandse strafreg-prosedure, deur 'n stelsel wat eenvormigheid in die verskeie howe sou te weeg bring, sou ook veel bydra ten goede van die regswese.

51) Wypkema: Invloed van Nederland op Z.A.R., p.59 ff.

So 'n toestand tref ons ook aan die Kaap aan en Jansens moes proklameer dat niemand hom moet ontrek van enige betrekking wat hom deur die regering opgelê is nie:-

Vide supra, p 59 ff; vgl. Naude Vl, pp. 295 en 248.

52) Die instelling van vrederegter het beteken dat die veldkornette die klein regterlike jurisdiksie wat hul deur die "Bepalingen en Instruktionen" van die Bataafse owerheid gegee is, sou verloor. Hul jurisdiksie sou net tot voorlopige ondersoek en skouing beperk wees.

Dat die Landros en Heemraadhowe moes verdwyn onder 'n gesentraliseerde staat waar alleen Engels van toepassing sou wees, was noodwendig. Die klagtes van partydigheid teen die laerhowe was in vele opsigte waar, maar hierdie partydigheid het hoofsaaklik op historiese gronde berus.⁵³⁾ Die funksies van die Landros en Heemrade het al meer ingewikkeld geword. Die finansiële reëlings in 1805 vir hierdie howe; die reorganisasie van landerye in 1813, wat 'n groter kennis vereis het in die opstel van rapporte en die 1819 Regspleging het sake vir die Kolleges baie moeilik gemaak. Die veranderde toestande in die twintiger jare het veroorsaak dat die Landroste en Heemrade die kampvegters van die volk geword het, veral daar hul die belange van die boere-gemeenskap verstaan het.⁵⁴⁾ Die nuwe stelsel sou weereens voordele insluit want dit sou minder vatbaar vir partydigheid wees, terwyl die finansiële veranderings wat aangegaan is hierdie las op die sentrale regering oorgeplaas het.

Of die heemrade geheel en al afgeskaf moes word, is 'n ander kwessie. Dat hul regterlike funksies vroeër of later oorgeneem moes word, kan ons verwag maar funksies van 'n munisipale aard kon nog deur hul verrig word.⁵⁵⁾ Dit sou 'n beter verstandhouding met die Britse regering geskep het, en of die tyd vir so 'n ingrypende sentralisasie al ryp was, is 'n ope vraag.⁵⁶⁾ Die veranderings in die plaaslike stelsels is stilswyend deur die kolleges aanvaar, behalwe Graaff-Reinett wat die vele aantygings teen hul probeer weerle het.⁵⁷⁾ In die kolonie self het die burgers al meer onwillig geword om hul

53) Venter: L. en H., p. 220.

54) Venter: L. en H., p. 221.

55) Theal: C.C., XXX, Plasket aan Hay, p. 344.
Venter: L. en H., pp. 222, 228.

56) Die tyd was nog nie ryp vir ingrypende veranderinge nie:-
"Venter: L. en H., p. 229.

Vide Venter: L. en H., p. 231.

57) Venter: L. en H., p. 226.

vorige pligte te vervul, terwyl die Kolleges in die Republieke voortgeleef het.

Ons sien dus dat daar 'n nuwe gesentraliseerde stelsel in swang ~~in~~ die Kolonie was. Hierdie stelsel sou voortbestaan tot in die veertiger-jare to daar vir die eerste keer gepoog is om weer 'n stelsel wat 'n gedesentraliseerde kleur gehad het in te stel, hoofsaaklik a.g.v. die uitgestrektheid van die Kolonie en die hoë koste verbonde aan die bestaande instelling.

Op 'n voorstel van die Goewerneur van 31 Maart 1844 is 'n regskomitee van Onderzoek in April van dieselfde jaar aangestel om op die bestaande regstelsel in te gaan. Die Komitee moes vasstel of die administrasie van die regswese nie verbeter en die koste daaraan verbonde nie verminder kon word nie. ⁵⁸⁾ In hierdie jare moes een sesde van die land se inkomste gebruik word om die uitgawes van die regswese te dek, en veral die Rond- ⁵⁹⁾ gaande howe het groot bykomstige uitgawes veroorsaak.

Met die Onderzoek wat ingestel is, moes die finansiële faktor gou plek maak vir die van 'n verbeterde regsadministrasie. Die komitee het bevind dat vanaf 1 Januarie 1828 tot 31 Desember 1833 die gemiddelde periode wat 'n prisoner in die tronk moes deurbring alvorens hy verhoor geword het 119.1 dae was en as die Kaapse afdeling uitgesluit is, was die gemiddelde ⁶⁰⁾ 134.8 dae. Die toestand het bepaald 'n verbetering genoodsaak. Maitland beskou dan ook dat

The great average length of time during which "prisoners are detained; and --- the necessity of occasionally confining witnesses in prison, for the same period, for the purpose of securing their evidence at the trial",

-
- 58) C.P.L: Tweede Addenda, Maitland aan Stanley, p. 1.
Ibid: Tweede Addenda, Opmerkings van Menzies, p. 12.
- 59) C.P.L: Tweede Addenda, Opmerkings van Menzies, p. 13.
C.P.L: Addenda tot die Rapport van die Regskomitee. p. 10.
- 60) Vide: Bylae II.
Ibid: Tweede Addenda, Maitland aan Stanley, p. 2.
In England is in hierdie tyd 1 uit elke 300 persone voor hul verhoor langer as 6 maande in die gevangenis gehou is; in die kolonie 1 uit elke 4 is langer as 6 maande aangehou:-
C.P.L: Addenda tot die Rapport van die Regskomitee, p. 3.

die hoof swakhede van die bestaande stelsel was.⁶¹⁾ Die regs-komitee het as hooforsaak vir die bestaande toestand die uitgestrektheid van die Kolonie aangegee, 'n toestand wat vererger is deur die treurige toestand van die gevangenisse waar getuies en prisoniers saam gehuisves is, en verder het hul gevoel dat die groot onkoste van die Rondgaande Hof verminder moes word.⁶²⁾ Die komitee kon nie tot 'n oplossing vir die saak kom nie en 'n meerderheids- en minderheidsrapport is ingehandig.

Die meerderheidsrapport wat die 22 Desember 1845 aange- neem is, het voorsiening gemaak vir 30 regsdistrikte wat verdeel sou word in 5 areas, waar 'n regter sou bly en maandelikse- hofsittings sou hou.⁶³⁾

Die minderheidsgroep was teen desentralisasie gekant, en voorgestel dat die resident-magistrate vermeerder moes word.

Maitland het onomwonde verklaar dat

in the abstract, centralized law, carried by "circuit courts from the supreme Court through the country districts is preferable to localized and isolated law."⁶⁴⁾

Vanuit London het Grey ook met Maitland saamgestem en verklaar dat

first --- the existing Supreme Court ought "to be maintained, and that the Division of the Country into separate judicial circles with a distinct Judge and Court for each, ought not to be made".⁶⁵⁾

Die desentralisasie-beweging het sodoende geen sukses behaal nie, en toe daar in die begin sewentiger jare weer 'n kommissie van Onderzoek ingestel is, is die sentralisasie-beleid weereens

61) C.P.L: Tweede Addenda, Maitland aan Stanley, p. 1.

62) C.P.L: Rapport van Regskomitee, p. X.
Die Komitee voel dat meer magistrate aangestel moes word, die klerke afgeskaf word en dat die siviele jurisdiksie van die magistrate verhoog moes word: Vide supra, p.XI.

63) C.P.L: Tweede Addenda, p. 48.

64) C.P.L: Tweede Addenda: Maitland aan Stanley, p. 3.

65) C.P.L: Tweede Addenda, Grey aan Pottinger, p. 53.
Grey het gevoel dat die beste oplossing was om spesiale junior-kommissies aan te stel, bestaan uit advokate, wat die toestande dan grootliks sou verlig.

66)
gehandhaaf.

1844 het nog 'n ander verandering ook gebring en dit was dat die Kolonie die reg verkry het om die Oktrooi te verander, maar so 'n verandering moes na London vir goedkeuring gestuur word.
67)

B. ANGLISASIE:

Ons het reeds by 'n vorige geleentheid op die Britse Anglisasie-beleid ingegaan, 'n beleid wat in die jaar 1828 as't ware sy toppunt bereik het met die inwerkingtreding van die Regsoktrooi. 'n Engelse regstelsel is nou aan die Kaap toegepas, terwyl alleen Engels in die howe in gebruik geneem is.

Persone wat nie Engels magtig was nie, kon ook nie op die juries dien nie.
68) Hierdie reëling is deur die Tweede Regsoktrooi in die ban mee gedoen.

Dat die regering nog baie moeilikheid met Hollands gekry het, is duidelik want alhoewel alle korrespondensie in Engels moes wees, is hierdie reëling nie altyd nagevolg nie.

- 66) Rapport van die Kommissie, aangestel deur die Goewerneur, - in 1875. Kaapse argiewe, pp. 5 - 12.
In hierdie jare word de Villiers ook hoofregter, en the keynotes of de Villiers' policy, were indeed concentration of power in the hands of one strong and efficient court and a jealous maintenance of the independence of the bench":-
Walker: Lord de Villiers and his times, p. 102.
- 67) C.P.L: Addenda tot die Regsrapport, p. XXVI.
- 68) S.A. Commercial Advertiser, Deel IV, 9.5.1829:-
Regter Menzies het so ene Lucas Fisher afgewys, omdat hy nie Engels magtig was nie.
Vide: S.A. Commercial Advertiser, Deel IV, No.199, 9.5.1829.
Ibid: Deel IV, No. 200, 13.5.1829.
Ibid: Deel IV, 20.5.1829.
Ibid: Deel IV, No. 203, 23.5.1829.
H. Stephen se van die reëling,
it establishes an invidious distinction, which must be "galling to the feeling of the Dutch inhabitants, If Dutch men might sit in the jury box, the strongest possible motive would arise for studying the language used in the Court of which they were members:-
Cambridge; Deel II, p. 289.

Die gevolg was dat daar weereens, in 'n Governmentskennisgewing van 29 Augustus 1834, bepaal is dat slegs Engels in offisiële kommunikasies kon gebruik word.⁶⁹⁾

Ons het getoon dat die Anglisasie- en Sentralisasie-beleid nou aan mekaar verwant is. Dat die gebruik van Engels in die howe die Hollandse koloniste baie ten nadeel gestrek het, lei geen twyfel nie.⁷⁰⁾ Nogtans was dit net asof nie Afrikaan-⁰spreekende koloniste nog nie deeglik bewus was van die Anglisasie-beleid op die gebied van die regsweese nie, en teen die Engelse regstelsel het hul nie baie besware gehad nie, afgesien van die verlies in plaaslike bestuur.⁷¹⁾ Die Britse juriestelsel is selfs in die Republiek van Natal toegepas. Waar dit egter die praat van hul taal aangaan, was die saak anders, en die gebruik van Engels in die geregshowe is as 'n rede vir die Groot Trek aangegee. Die anglisering van hul taal was sodoende 'n kort-termyn-beleid. Dit kan miskien gesê word dat in so verre die anglisasie-beleid veroorsaak is deur die sentralisasie-beginsels van die Engelse dit verskoon kan word maar in so verre dit die vervanging van een taal deur 'n ander te weeg wou bring, dit 'n beleid was wat botsings in die toekoms sou veroorsaak.

69) Government Gazette, 29.8.1834.

70) Theal: C.C., XXVIII, pp. 451 en 449.

71) Muller: Die Britse Owerheid en die Groot Trek, p. 51.
Hollands is weer in die howe sedert 25 Julie 1884 gebruik:-
Eybers: Constitutional Documents, p. 133.

BIBLIOGRAFIE.

In my navorsingswerk het ek veral gebruik gemaak van Theal se "Records of the Cape Colony", dele I tot 35. In sy versameling het Theal feitlik al die dokumente weergegee wat enigsins i.v.m. die regsverandering gestaan het, en veral die regsake wat enigsins botsings veroorsaak het. As aanvulling by my navorsingswerk het ek dit gelukkig getref dat dr. E. Stockenström van Stellenbosch my afskrifte en foto-kopieë van dokumente uit die Public Record Office, London ter insage, gegee het. In so verre dit die Blouboeke aangaan wat ek in die Kaapse Argiewe geraadpleeg het, was die meeste van die informasie wat ek uit hul verkry het, addisioneel van aard sodat ek nie na hul verwys het nie.

Die aantal werke van 'n algemene aard wat ek gelees het, het my onder die indruk gebring dat die meeste skrywers wat na hierdie periode verwys en veral in so verre dit die Raad van Justisie aangaan, dikwels bewerings gemaak het sonder om aanwysings te gee waarop hul hul informasie baseer. Dit wil my voorkom asof dit algemeen aangeneem word dat die Raad van Justisie in 'n treurige toestand was. Die meeste skrywers huldig dan ook hierdie standpunt. Dit mag wel waar wees, maar as ons die omstandighede in ag neem waaronder hierdie regters gewerk het, asook die ^{invloede} van die tyd, dan staan ons meer simpatiek teenoor hul. 'n Slag of wat het ek ietwat van Cory verskil. Dit wil nie se dat ek beweer genoemde skrywer is verkeerd nie, maar wat ek wel voel is dat ons alle omstandighede deeglik moet opweeg alvorens ^{ons} 'n opinie of idee uiter.

Op die volgende plekke het ek veral na die Stockenström-versameling verwys:-

- (1) bls. 11, nota 42.
- (2) bls. 16, nota 64.
- (3) bls. 29, nota 11.
- (4) bls. 62, nota 142.
- (5) bls. 62, nota 144.
- (6) bls. 80, nota 199.

LITERATUUR EN BRONNE.I. PRIMÊRE WERKE.A. MANUSKRIP - BRONNE.

1. Indische Statuten ten tyde van den Hoog Edelen Here Petrus "Albertus van der Parra". - Kaapse Argief, Kaapstad, 1764.
2. Nederburgh en Frykenius: R^glement voor Notarissen Kaap de Goede Hoop", 1793. "
3. V.C. 100 Kopie plan ter verbetering van het inwendige bestuur "van de Colonie." W.S. van Ryneveld, 1801. (foto-kopie).
4. C.J. 102, "Oorspronklike Regsrolle en Notulle", 1821-1826. "
5. "Blouboeke", 1823-1837.
6. C.Cau: "Groot Placaet-Boek" 1658.
Die is 'n offisiële gedrukte bron, maar weens sy datum sluit ek dit hier in.

B. OFFISIËLE KONTEMPORÊRE PUBLIKASIES.

1. B.R. "Provisioneele Instructie voor den Raad van Justitie", 1803-1806.
2. "Parliamentary Papers - Cape of Good Hope, 1817-1826", 1827.
3. "Proclamatiën, advertentiën, en andere officiële Berigten, gepubliceerd door het Gouvernement van de Kaap de Goede Hoop, 1806-1825", 1827.
4. "Government Gazette, 1815; 1823-1835.
5. "Ordinances: 1827-1839" Kaapse Argief, Kaapstad
6. "Charters and Orders in Council 1827-1836" Kaapse Argief, Kaapstad.
7. "Blouboeke", 1838.
8. "Cape of Good Hope, Parliament Legislative Council":
"Hierdie bundel in die Kaapse Argief, Kaapstad, en bestaan uit die besprekings in die Wetgewende vergadering oor die regsweese aan die Kaap; 'n rapport van die regsomitee en verslae en offisiële stukke wat i.v.m. die regsweese staan." 1845 - 1846.

C. KONTEMPORÊRE NIE-OFFISIËLE PUBLIKASIES:

1. W. Bird "The State of the Cape of Good Hope in 1822," 1823.
2. S. Bannister, "An Essay on the laws of the Cape of Good Hope, with referençes to the laws of England", 1827.
3. "The address of Mr. Justice Burton to the jury, on opening, on the 1st May, 1828, the first Circuit Court held at Uitenhage under His Majesty's Royal Charter", 1828.
4. B.J. van de Sandt "Rules and Orders touching the forms and manner of proceeding in civil and criminal cases, before the Supreme, Circuit and Resident Magistrate's Court of the Colony of the Cape of Good Hope", 1835.

D. KONTEMPORÊRE NUUSBLAAIE.

1. "South African Commercial Advertiser": 1825 - 1835.

E. KONTEMPORÊRE DOKUMENTE, LATER GEDRUK.

1. G.M. Theal: "Records of the Cape Colony", Dele 1 tot 35, Die verskeie dele is in verskillende jare aan die begin van die negentiende eeu gedruk.
2. G.W. Eybers: "Select Constitutional Documents illustrating South African History, 1795-1910". 2de Uitgawe, 1918.
3. de Mist, "Memorie over de Caab", Uitgegee deur die Van Riebeeck Vereeniging, 1920.
4. G.W. Eybers: "Bepalingen en Instructien" voor het bestuur van de Buitendistricten van de Kaap de Goede Hoop - 1805." Uitgegee deur Eybers met 'n voorwoord deur S.J. Fockema Andreae en S. van Brakel, en G.W. Eybers, 1922.
5. S.D. Naude: "Kaapse Plakkaatboek", Deel V, 1795-1803, 1950.
6. S.D. Naude: "Kaapse Plakkaatboek", Deel VI, 1803-1806, 1951.
7. In die groep sluit ek ook in vir: H. Cloete: "A History of the Great Boer Trek", Uitgegee deur W. Broderick Cloete, 1899.

F. LATERE OFFISIËLE PUBLIKASIES.

1. "Rapport van die Kommissie wat aangestel is deur die Goewerneur om verslag oor die regsweise te doen" 1875.

II. SEKONDÊRE WERKE.A. ALGEMENE WERKE:

1. M.L. Wessels: "A Review of Cape Politics", 1887 en 1888.
2. Regter Cole: "Reminiscences of my life and of the Cape bench and bar", 1896.
3. D.J. Medley: "English Constitutional History," 1902.
4. G.E. Cory: "The Rise of South Africa", Deel 11, 1820-1834, 1913.
5. F.C. Dominicus: "Het Huiselyk en Maatschappelyk leuen van de Zuid-Afrikaner in de eerste helft der 18de eeuw", 1919.
6. R. Coupland: "The Quebec Act", 1925.
7. Eric A. Walker: "Lord de Villiers and his times", South Africa 1842-1914, 1925.
8. J.P. van der Merwe: "Die Kaap onder die Bataafse Republiek", 1803-1806, 1926.
9. W.M. MacMillan: "The Cape Colour Question", 1927.
10. C.G. Botha: "The public Archives of South Africa", 1652-1910; 1928.
11. S.F.N. Gie: "Geskiedenis vir Suid-Afrika", 1928.
12. P.J. Venter: "Government Departments of the Cape of Good Hope, 1806-1910", 1933.
13. Eric A. Walker: "A History of South Africa", 2de uitgawe, 1935.
14. A.P. Newton en E.A. Benians (redakteurs) "The Cambridge History of the British Empire, Volume VIII, South Africa, Rhodesia and Protectorates. Hoofstuk VIII: Cape Colony, 1806-1822, deur Vincent T. Harlow. 1936)
15. C.W. de Kiewiet: "The imperial factor in South Africa, 1937.
16. I.D. Macrone, "Race attitudes in South Africa", 1937.
17. A.P. Newton en E.A. Benians (redakteurs) "The Cambridge History of the British Empire, Volume II, The New Empire, 1783-1870, Chapter VIII; Colonial Problems and Colonial Policy, 1815-1837, by Paul Knaplund.
18. P.J. Venter: "Landros en Heemrade - 1682 tot 1827", 1940.
19. P.J. van der Merwe: "Trek", 1945.
20. C.F.J. Muller: "Die Britse Owerheid en die Groot Trek", 1947.
21. E. Halevy: "A History of the English People in the Nineteenth Century" Deel II, 1815-1830, vertaal uit Frans deur E.I. Watkin, 2de Uitgawe, 1949.

22. H.E. Hockly: "The Story of the British Settlers in 1820 in South Africa", 1949.
23. Van der Walt, Wiid en Geyer: "Geskiedenis van Suid-Afrika, Deel II, 1951.
24. M. Roberts: "Lord C. Somerset and the B'aufort Influence"-Argiefjaarboek, Deel II, 1951.

B. REGSWERKE:

1: BOEKE:

1. H. Tennant, "The Notary's Manual", 1877.
2. H. Tennant, "Rules of Court", 4de uitgawe, 1896.
3. A.W. Renton en G.G. Phillimore: "Colonial laws and Courts", Dit sluit die verhandeling van Burge oor koloniale wette in, 1907.
4. J.W. Wessels: "A History of the Roman Dutch Law", 1908.
5. "South African Law Reports", A.D., 1922.
6. "Wette van die Unie van Suid-Afrika," 1934.
7. A. Wypkema: "De Invloed van Nederland op ontstaan en ontwikkeling van de Staatsinstellingen der Z.A. Republiek 1881", 1939.
8. A. Wypkema: "Die Invloed van Nederland en Nederlands-Indie" op ontstaan en ontwikkeling van die regsweese in Suid-Afrika tot 1881", 1934
9. F.G. Gardiner en C.S.H. Lansdown: "South African Criminal law", Deel 1, 5de Uitgawe, 1946.
10. R.C. Elliot en E. Banwell. "The South African Notary", 2de Uitgawe, 1947.
L. Radzinowicz: "A History of English Criminal law", Deel I, 1948.
11. Mars: "The law of Insolvency in South Africa", 4de uitgawe, 1948.
J.C. de Wet en H.L. Swanepoel: "Strafreg", 1949.
12. R.W. Lee, "Roman Dutch law", 5de Uitgawe, 1953.
13. "The laws of British Guiana", Deel I, A.D., 1774-1865, (N.d.)

II. ARTIKELS EN PAMFLETTE:

1. J. de V. Roos: "The plakaat Books of the Cape", C.L.J.S. (Cape Law Journal) deel XLV, 1897.
2. C.H. van Zyl: "The Batavian and the Cape plakaten", S.A.L.J. (South African law Journal) Deel XXIV, 1907.
3. H.D.J. Bodenstein: "Engelse Invloeden op het gemeen recht van Zuid-Afrika, Pamflet, 1907.

4. W.R. Bisschop: "Modern Roman Dutch law", herdruk uit die "Law Quarterly Review", April 1908.
 5. C.G. Botha: "Criminal Procedure at the Cape during the 17th and 18th Centuries, S.A.L.J., Deel XXXII, 1915.
 6. J.L.W. Stock: "The New Statutes of India at the Cape", S.A.L.J. Deel XXXII, 1915.
 7. C.G. Botha: "The Honourable William Menzies" - 1795-1850, S.A.L.J., Deel XXXIII, 1916.
 8. C.G. Botha: "Sir John Andries Truter;" 1763-1845, S.A.L.J., deel XXXV, 1918.
 9. C.G. Botha: "The Public Prosecutor of the Cape Colony, up to 1828", S.A.L.J., Deel XXXV, 1918.
 10. C.G. Botha: "The Early Inferior Courts of Justice at the Cape", S.A.L.J., Deel XXXVIII, 1921.
 11. P.J. Venter: "Magistraatshoue in ou Kaapstad", In die Huisgenoot, 14.8.1936.
-

BY LAE I.CHARTER OF JUSTICE.

George the Fourth by the Grace of God of the United Kingdom of Great Britain and Ireland King Defender of the Faith. To all to whom these Presents shall come Greeting.

Whereas it is expedient to make provision for the better and more effectual administration of Justice in Our Colony of the Cape of Good Hope, and in the several Territories and Settlements dependent thereupon, and for that purpose to constitute within Our said Colony and its Dependencies One Supreme Court of Justice to be holden in the manner and form herein-after mentioned Now Know Ye That We of Our especial Grace certain Knowledge and mere motion have thought fit to grant direct order and appoint and by these Presents do accordingly for Us Our Heirs and Successors, grant direct, order and appoint, that there shall be within Our said Colony of the Cape of Good Hope a Court which shall be called the Supreme Court of the Colony of the Cape of Good Hope.

And We do hereby create direct and constitute the said Supreme Court to be a Court of Record.

And We do further will ordain and appoint that the said Supreme Court of the Colony of the Cape of Good Hope shall consist of and be holden by and before One Chief Justice and three Puisne Judges and that the said Chief Justice shall be called and known by the name and style of Chief Justice of the Colony of the Cape of Good Hope. And which Chief Justice and Puisne Judges shall be respectively Barristers in England or Ireland of not less than three years standing or Advocates admitted to practice in Our Court of Session in Scotland by the space of 3 years. And the said Chief Justice and Puisne Judges shall.....

shall from time to time be nominated and appointed to such their Offices by Us Our Heirs and Successors by Letters Patent under the Great Seal of the United Kingdom of Great Britain and Ireland.

And We do hereby declare ordain and grant that upon the death, resignation, sickness, or incapacity of the said Chief Justice or any of the said Puisne Judges, of in case of the absence of any of them from the said Colony or in case of any such suspension from Office as hereinafter mentioned of any such Chief Justice or Puisne Judge it shall and may be lawful to and for the Governor of Our said Colony for the time being by a Warrant or Warrants to be by him for that purpose made and issued under the Public Seal of the said Colony to nominate and appoint some fit and proper person or persons to act as and in the place and stead of any such Chief Justice or Puisne Judge so dying or resigning or labouring under such sickness or incapacity as aforesaid or being so absent as aforesaid from the said Colony or being so suspended until the vacancy or vacancies so created by any such death or resignation or sickness or incapacity or absence or suspension shall be supplied by a new appointment to be made in manner aforesaid by Us Our Heirs and Successors or until the Chief Justice or Puisne Judge so becoming sick or incapable or being absent or suspended as aforesaid shall resume such his Office and enter into the discharge of the duties thereof.

And We do further Will ordain and grant that the said Chief Justice and Puisne Judges shall hold such their Offices during their good behaviour Provided nevertheless that it shall and may be lawful for the Governor of Our said Colony for the time being by any Order or Orders to be by him for that purpose made and issued under the Public Seal of the said Colony with the advice of the Council of Government

of.....

